

SAMEWERKING IN DIE PROSAKLASKAMER AS MEDIUM VIR AKADEMIESE  
ONTWIKKELING BY PRIMÈRE ONDERWYSSTUDENTE

GEORGINA CAROLINE CORNELISSEN



Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die  
vereistes vir die graad

UNIVERSITY *of the*  
MAGISTER EDUCATIONIS  
WESTERN CAPE  
in die Taaldidaktiek

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE  
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

Studieleidster: Me Jeannette Groenewald  
Mede-studieleidster: Me Monica van Heerden

MAART 1990

## BEDANKINGS

Baie dankie aan:

- my man, Maurice Cornelissen, en seuns, Clement en Llewellyn, vir hul liefdevolle bystand, aanmoediging, opoffering en verdraagsaamheid;
- my ouers, George en Annie Langenhoven, wat gedurigdeur belangstelling in my studies getoon het en my met liefde bygestaan het;
- Me Jeannette Groenewald, my studieleidster, en me Monica van Heerden, my mede-studieleidster, vir hul goeie leiding en die tyd wat hulle moes opoffer;
- Me Bunita Köhler en die O.D. 1 D-klas van 1990 aan die Onderwyskollege Bellville vir hul samewerking en ondersteuning tydens die aksienavorsing.

UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie skripsie vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

Handtekening:.....

Datum:.....



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## SINOPSIS

Die soeklig val in hierdie skripsi hoofsaaklik op gesamentlike *skryfwerk* by die aanbieding van *prosa as medium vir akademiese ontwikkeling* by primêre onderwysstudente. Die probleem met die huidige benadering en die moontlike oplossing daarvan deur middel van die prosesbenadering tot skryf, word kortliks bespreek.

In Hoofstuk 2 word die tekortkominge van die huidige benadering in meer besonderhede bespreek. Om dit in perspektief te plaas, volg 'n kritiese analyse van die bestaande Onderwysdiploma-sillabus van die Departement Onderwys en Kultuur, met spesiale verwysing na die vertolking daarvan, en die organisasie en aanbieding van prosa-onderrig by 'n bepaalde onderwyskollege. Hooftekortkominge waarna verwys word, is: die organisasie van die prosaprogram, die kompartementalisering van taalkomponente, die beperkte onderrigtyd, die implikasies van die enkele, vae prosadoelstelling in die sillabus, dosentgesentreerdheid en die onvermoë van onderwysstudente om selfstandig te werk.

In Hoofstuk 3 word die moontlike invloed van die prosesbenadering tot skryf op prosa-onderrig, met spesiale verwysing na metodes van samewerking, bespreek. Daar word geredeneer dat die toepassing van groepwerk in 'n leerdersentriese benadering tot prosa-onderrig, menige van bogenoemde probleme uit die weg kan ruim en vernuwing binne die klaskonteks kan teweegbring, sodat letterkunde 'n genotvolle leerervaring vir studente kan word. Die holistiese aard van die prosesbenadering tot skryf word ook aangesny, omdat dit integrasie van taalkomponente en tydbesparing meebring. Ek voer aan dat die prosesbenadering tot skryf studente van die nodige instrumente voorsien om selfstandig te werk. Die leerdersentriese aard van die

prosesbenadering tot skryf help studente om medeverantwoordelik vir hul eie leerproses te wees en bied hulle die geleentheid om 'n bydrae te lewer tot hul eie akademiese ontwikkeling.

Op grond van aangeduide voordele is 'n konsepkurrikulum in Hoofstuk 4 opgestel. Aksienavorsing is gedoen en die prosesbenadering tot skryf is op klein skaal in die realiteit van die klaskamersituasie in werking gestel. Met die dosent wat as fasilitateerder en begeleier na 'n spesifieke doel opgetree het, is die voorgeskrewe prosawerk, *Jerigo-krisis* deur André Jansen, deur 'n groep van twee-en-twintig OD I-studente bestudeer. Die soeklig het veral op 'n enkele aspek in die prosesbenadering tot skryf, nl. samewerking tussen leerders tydens prosa-onderrig, geval. Tydens die implementering van die plan is die reaksie van die teikengroep deur 'n waarnemer gemonitor en kommentaar is op elke les gelewer. Studente is ook versoek om van tyd tot tyd die kursus in hul persoonlike joernale te evalueer en in joernaalkonferensies te bespreek.

Die grootste tekortkoming van die voorlopige plan waarvan die studente melding gemaak het en wat ék waargeneem het, was die gebrek aan tyd. Hulle wou meer tyd bestee aan sekere konferensies soos veral inhoud- en evalueringkonferensies. Die Hersiene plan in Hoofstuk 5 is die resultaat van verandering en verbetering van die konsepkurrikulum.

## ABSTRACT

In this mini-thesis I focus primarily on collaborative writing in the study of prescribed prose texts as a medium of academic development of primary school student teachers. The problem with the present approach to the teaching of prose texts, and the introduction of the process approach to writing as a possible solution to the problem, is briefly discussed.

In Chapter 2 the deficiencies of the current approach to the teaching of prose texts are discussed in detail. To place the above in the proper perspective a critical analysis is made of the existing Teachers Diploma syllabus for Afrikaans prose networks, with special reference to the interpretation of the syllabus, and the organisation and presentation of the teaching programme for prose texts at a specific teachers' college of education. The main shortcomings which are referred to in the study are, *inter alia*: the organisation of the prose network teaching programme, compartmentalisation of language components, limited teaching time, the implication of the single, vague teaching goal for prose texts, lecturer-centredness, and student's inability to work independently.

In Chapter 3 the possible influence of the present approach to writing on the teaching of prose texts is discussed with special reference to methods of collaboration in learning. It is argued that the application of groupwork in a learner-centered approach to the teaching of prose texts can contribute to the elimination of many of the above problems, and that it can result in a rejuvenation in the class context, which may lead to students experiencing literature study as an enjoyable learning activity. The holistic nature of the process approach to writing is also included, since it leads to the integration of different language

components, and saves time. The process approach to writing provides the required instruments for independent study. It is argued that the process approach to writing helps students to take co-responsibility for their own learning, and offers them the opportunity to contribute towards their own academic development.

Based on the advantages indicated above, I designed a draft curriculum in Chapter 4. Action research was done and the process approach to writing was implemented in the reality of the classroom situation on a small scale. With the lecturer who acted as facilitator to guide them to a specific goal, twenty-two first year students studied a prose setwork text, *Jerigo-krisis* by André Jansen. A single aspect in the process approach to writing was emphasised in particular, viz., collaborative learning in literature study.

During the implementation of the plan an observer monitored the reaction of the target group, and gave her comments after each lesson. Students were also asked to evaluate the course in their personal journals, and to discuss the course during their journal conferences.

The biggest shortcoming of the provisional plan, which students mentioned, and which I also noticed was the lack of time. The students wanted to spend more time on certain conferences, particularly content and evaluation conferences. The revised plan in Chapter 5 is the result and amendment of the draft curriculum.

INHOUD

BLADSY

1.	PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK	1-7
2.	KRITIESE ANALISE VAN LETTERKUNDE-SILLABUS EN AANBIEDING OP ONDERWYSDIPLOMAVLAK	8-20
3.	MOONTLIKE INVLOED VAN DIE PROSES BENADERING TOT SKRYF OP DIE ONDERRIG VAN PROSA, MET SPESIALE VERWYSING NA METODES VAN SAMEWERKING	21-44
4.	TOEPASSING VAN DIE PROSES BENADERING TOT SKRYF IN PROSA-ONDERRIG	45-104
5.	HERSIENE PLAN	105-153
6.	SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS	154-163
	BIBLIOGRAFIE	164-171

APPENDIKS I

UNIVERSITY *of the*

APPENDIKS II

WESTERN CAPE

## INHOUDSOPGawe

1	PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK	
1.1	Probleemstelling	1
1.2	Rasional	1
1.3	Metode van ondersoek	6
2	KRITIESE ANALISE VAN LETTERKUNDE-SILLABUS EN AANBIEDING OPONDERWYSDIPLOMAVLAK	
2.1	Inleiding	8
2.2	Uiteensetting van sillabus	8
2.3	Kritiese analise van die bestaande sillabus	11
2.3.1	Voordele	11
2.3.2	Probleme	11
2.3.2.1	Organisasie van prosaprogram	11
2.3.2.2	Kompartementalising	12
2.3.2.3	Tydsfaktor	13
2.3.2.4	Doelstellings	15
2.3.2.5	Dosentgesentreerdheid	16
2.3.2.6	Selfstandige studie	19
2.4	Slot	20
3	MOONTLIKE INVLOED VAN DIE PROSESBENADERING TOT SKRYF OP DIE ONDERRIG VAN PROSA, MET SPESIALE VERWYSING NA METODES VAN SAMEWERKING	
3.1	Inleiding	21
3.2	Die prosesbenadering tot skryf	21
3.2.1	Skryfkonferensies	... 25

3.2.1.1	Inhoudkonferensie	26
3.2.1.2	Kollasjonering	27
3.2.1.3	Ontwerpkonferensie	28
3.2.1.4	Evalueringskonferensie	29
3.2.1.5	Revisie	30
3.2.1.6	Redigeringskonferensie	30
3.2.1.7	Publisering	31
3.2.1.8	Proseskonferensie	31
3.2.1.9	Joernaalkonferensie	31
3.2.2	Die leerdersentriese aard van die prosesbenadering tot skryf	33
3.2.2.1	Groepwerk	34
3.2.3	Die opvoedende waarde van samewerking	36
3.3	Samevatting	43
4	TOEPASSING VAN DIE PROSESBENADERING TOT SKRYF IN PROSA-ONDERRIG	
4.1	Inleiding en algemene doelstellings	45
4.2	Praktiese oorwegings	46
4.3	Konsepkurrikulum en onmiddellike kommentaar	50
4.4	Samevatting en interpretasie van kommentaar	102
5	HERSIENE PLAN	
6	SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS	
6.1	Samevatting	154
6.2	Bevindinge	156
6.3	Aanbevelings	158
6.4	Slot	162

APPENDIKS I (Byvoegsel by Hoofstuk 4)

APPENDIKS II (Byvoegsel by Hoofstuk 5)



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING, RASIONAAL EN METODE VAN ONDERSOEK

#### 1.1 PROBLEEMSTELLING

Vir die doel van hierdie ondersoek word die vraag gestel of en, indien wel, hoe gesamentlike skryfwerk by die aanbieding van prosa as medium vir akademiese ontwikkeling by primêre-onderwysstudente gebruik kan word.

#### 1.2 RASIONAAL

Tot op hede is die aanbieding van prosa aan onderwyskolleges wat resorteer onder die Departement van Onderwys en Kultuur meesal onderwysersentries. Die teks word grotendeels vanuit die dosent se perspektief benader en die studente word in die meeste gevalle deur die dosent met inligting gevoer. Die meeste studente raak dus passiewe luisteraars en sodoende word redenasievermoë en kritiese denke nie voldoende ontwikkel nie. Die gehoor aan wie die skryfwerk gerig word, is in die meeste gevalle die dosent. Evaluering en aanbevelings word ook beskou as die terrein van die onderwyser met die gevolg dat baie studente nie in die roetine kom om hul skryfwerk te hersien en self die nodige aanpassings te maak voor inhandiging van 'n gegewe skryfstuk nie.

Hierdie onderwysersentriese benadering gee aanleiding tot swak eksamenuitslae. Uit sekere studente se antwoorde op eksamenvrae blyk dit dat hulle nie die leeswerk voltooi of in uiterste gevalle glad nie die prosawerk lees nie. Sommige maak geheel en al staat op die bietjie inligting wat tydens lesings verskaf word. Ander gebruik die blokboek, wat slegs as riglyn behoort te dien as die alfa en die omega. Aantekeninge of notas in die blokboek word geraadpleeg

alvorens daar geredeneer en sinvol gesels word ten einde die inhoud te begryp. Skriftelike antwoorde op vrae getuig selfs van 'n oorskrywery van gedeeltes uit die blokboek. Daar word weinig ruimte gelaat vir die perspektief van die student self. Die meeste studente vind dit dus moeilik om literêre konsepte soos karakter-ontwikkeling, botsing, tema, intrige, ens. op die inhoud van die teks van toepassing te maak. Daar is met ander woorde nie voldoende interaksie tussen die teks en die lezers en tussen die lezers onderling nie.

Nog 'n nadeel van die onderwysersentriese metode is dat dit aanleiding gee tot 'n negatiewe ingesteldheid teenoor skryf. Die meeste studente dink dat die skryfaktiwiteit veronderstel is om 'n eenmalige, perfekte en foutvrye produk te wees. Dit gaan dus gepaard met spanning wat verder aanleiding kan gee tot 'n verstandelike blokkasie. Die fokus is op die produk wat in die meeste gevalle die eerste en enigste poging is. Aangesien skryf 'n sigbare produk van die gedagtegang is, voel die skrywer dikwels blootgestel en oop vir kritiek. Volgens Shaughnessy is skryf "a line which creeps across the page, exposing as it goes all that the writer does not know. Writing puts us on the line and we do not want to be there" (1977:7). As hierdie negatiwiteit versterk word deur foute met 'n rooi pen uit te lig en dit die enigste respons is op die skryfstuk wat studente met soveel moeite geskryf het, word hulle houding teenoor skryf nie juis verbeter nie.

Benewens bogenoemde probleme word studente weinig binne die klaskamer die geleentheid gebied om indiwidueel en in groepe die nodige beplanning voor die skryfaktiwiteit te doen, m.a.w. studente leer nie al die nodige vooraf-skryftegnieke aan en besef ook nie ten volle die waarde van planmatigheid nie. Tyd word dus nie oordeelkundig benut tydens skryftake nie. Sommige studente verlaat bv. die eksamenlokaal lank voor die gegewe tydsuur. Die individuele produk het

gewoonlik ook meer tekortkominge as wat 'n groeppoging sou hê; in dié sin dat misinterpretasies makliker kan intree, daar vanuit 'n eensydige perspektief geskryf word, minder inligting verskaf word, meer tegniese foute oor die hoof gesien word, ens.

Spesifiek wat prosa betref, gee die huidige aanbieding aanleiding tot 'n negatiewe ingesteldheid. Terwyl prosa vir die student 'n genotservaring en verrykende belewenis behoort te wees, wat sal voortgaan om deel van sy lewe te word, geskied die aanbieding dikwels volgens 'n vaste patroon en kan dit uiters vervelig word. Die volgende patroon is kenmerkend:

- studente word versoek om 'n sekere gedeelte huis te lees;
- die volgende dag kan slegs enkele studente wat wel gelees het, deelneem aan die klasbespreking;
- a.g.v. die passiwiteit van die oorgrote meerderheid studente gee die dosent die meeste inligting om die situasie te red;
- die teks word weinig in verband gebring met die werklikheid of persoonlike ervaring.

Van 'n student wat so 'n patroon ervaar, kan geen mee-lewing of belewing verwag word nie. Ook psigologies word hy/sy dus glad nie aangespreek nie. Die huidige benadering tot prosawerk strem dus die ontwikkeling van studente, omdat daar nie voldoende ruimte gelaat word vir sielkundige ontwikkeling nie.

Sosialisering is ook 'n behoeftte by jong volwassenes. 'n Onderwysersentriese metode veroorsaak ook hierin 'n leemte. Daar is bv. 'n behoeftte aan aktiewe studentedeelname en 'n situasie waarbinne horizontale kommunikasie (kommunikasie tussen portuurgroepe ) kan plaasvind bv. deur besprekings, die maak van afleidings, verskille, interpretasies. gevoltrekkings en so meer. Studente kan baie van en vir mekaar leer.

Akademies-gesproke vind daar ook verbrokkeling plaas: taal word in segmente aangebied. Die gevolg hiervan is dat die integrasie van al die taalvaardighede (luister, praat, lees, skryf en grammatika) wat aanleiding gee tot sinvolle kommunikasie binne sowel as buite die klaskamer nie voldoende ontwikkel en verfyn word nie.

Teenoor die onderwysmetode wat hierbo beskryf is, is die prosesbenadering tot skryf leerdersentries. Dit word gekenmerk deur aktiewe studentedeelname in die vorm van werkwinkels. Die student word op 'n positiewe wyse deur 'n reeks stappe geleid om sy uitdrukkingsvermoë en die gehalte van sy respons (mondeling sowel as skriftelik) te verfyn en ontwikkel. Elemente in die proses sluit in: voorafskryf, konsepskryf, evaluering, revisie en aanpassing, redigering en publisering. Die proses is rekursief (herhalend) d.w.s. die student word die kans gebied om self die kwaliteit van sy skryfwerk te verbeter. In die prosesbenadering word idees verfyn deurdat die studente as 'n groep mekaar help deur te soek na beter, meer effektiewe en meer akkurate instrumente om betekenis oor te dra. Groepe studente voer in diepte bespreking oor die prosawerk, deel inligting en idees en is sodoende beter ingestel vir die skryftaak. Die onderwyser tree grotendeels op as fasiliteerder en rigtinggewer. Interaksie tussen leerders vind deurgaans plaas in die vorm van klein- en grootgroepbespreking, portuurgroeplewering, portuurgroepevaluering, ens.

As sodanig is die prosesbenadering tot skryf 'n meer holistiese taalonderrigmetode. Alle taalvaardighede soos luister, praat, lees, skryf en grammatika word geïntegreer. Behalwe taalvaardighede word die student se kritiese denke en redenasievermoë ook ontwikkel en verfyn deur tegnieke soos breinstorm, groepering, portuurgroepevaluering, besprekings, ens. Hierdie benadering kan oor die hele

kurrikulum toegepas word en stel dus die student in staat om akademies te ontwikkel.

Die prosesbenadering is 'n meer positiewe benadering tot skryf. Omdat die skryftaak beskou word as 'n leer- en 'n kreatiewe ontdekingsproses is die fokus dus op die proses om taal te verken en met taal te eksperimenteer ten einde betekenis duidelik oor te dra en sodoende die gehalte van die skryfwerk te verbeter. Dit impliseer dat korrektheid sekondêr is, m.a.w. foute word beskou as stappe in die leerproses. Foute en onduidelikhede word onmiddellik in die proses in 'n ontspanne atmosfeer deur die portuurgroep gediagnoseer en deur die skrywer geredigeer ten einde die gehalte van die finale kopie te verbeter. Murray (1968:95) maak die volgende stelling: "The teacher is a physician, not a judge; our work is to diagnose and heal, not punish." 'n Verdere bydrae tot hierdie positiewe benadering is die feit dat daar nie oordrewe klem gelê word op netheid en ordelikheid nie, omdat voor-finale konsepkrywes as rowwe kopieë (konsepkopieë) beskou word en nie as finale produkte nie. Calkins (1986:204) sê hieroor: "make it messy to make it clear."

Hierdie positiewe benadering skep 'n veilige en ondersteunende klasatmosfeer waar studente hul gedagtes en idees veilig kan uitstort in hul skryfwerk sonder om aanvanklik te konsentreer op tegniese korrektheid, en logiese volgorde van idees, soos bv. in die snelskryfaktiwiteit. Daar kan op 'n latere geleentheid weer gereflekteer, verander, bygevoeg en weggelaat word. Hulle kan ook idees en gedagtes (mondeling of skriftelik) met mekaar deel, die hulp van 'n individu of 'n groep vra of self hulp verleen. Hierdeur word die geleentheid gebied vir sielkundige ontwikkeling.

Studente tree op as luisteraars, lesers, skrywers en sprekers. Omdat die fokus nie meer op 'n enkele gesagsfiguur

is nie, vind interaksie en kommunikasie spontaan plaas. Geleentheid word gebied vir die perspektief en mening van elke student. Hulle kan van mekaar verskil, gesels oor wat hulle nie verstaan nie en op dié wyse van en vir mekaar leer. Omdat die prosesbenadering tot skryf minder kunsmatig as die huidige benadering is, het studente 'n werklike gehoor, hul klasmaats, aan wie hulle skryf. Deur die prosesbenadering word die studente dus ook die geleentheid gebied om sosiaal te ontwikkel deurdat hulle in 'n portuurgroep met mekaar kommunikeer.

Oorkoepelend oor die ontwikkeling van die taalvaardighede is die ontwikkeling van die denke. Deur gesprekvoering, groepevaluering, konferering, ens. word die student se kritiese denke en redenasievermoë ontwikkel en verfyn, d.w.s die student word ook intellektueel ontwikkel.

### 1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Hierdie inleidende hoofstuk sal gevvolg word deur 'n kritiese analise van die letterkunde-syllabus en prosa-aanbieding vir Onderwysdiploma-studente verbonde aan die Departement van Onderwys en Kultuur. Hierin sal probleme met die huidige aanbieding breedvoerig bespreek word.

Die moontlike invloed van die prosesbenadering tot skryf op die onderrig van prosa sal beredeneer word, en voorgestel word as oplossing vir die huidige probleme in die tradisionele benadering. Vervolgens word daar beoog om veral op metodes van samewerking en die opvoedende waarde daarvan te fokus.

Die volgende hoofstuk sal 'n konsepkurrikulum vir prosa-onderrig beslaan. Hierdie kurrikulum sal ontwikkelend van aard wees en word gevvolg deur aksienavorsing by 'n onderwyskollege waar primêre-onderwysstudente opgelei word. Aksienavorsing is 'n dinamiese proses ter verbetering en

verandering van leer- en onderrigstrategieë. Dis 'n spiraal van momente bestaande uit beplanning, aksie, evaluering en aanpassing. Die praktisyne word dus geleentheid gebied om 'n algemene plan van aksie in 'n werklike, konkrete klassituasie uit te voer, respons en strategieë te monitor, te evalueer wat in die klaskamer gebeur, aanpassings te maak en dan veranderings aan te bring met die oog op verdere verbetering.

Verder bied aksienavorsing groter insig in die kurrikulum: dit koppel die teorie aan die praktyk, d. w. s. dis idees-in-aksie; dis gemik op werklike ondervinding en terselfdertyd op konkrete verbetering; dis 'n manier om komplekse situasies krities en prakties te benader deur bv. planne in die realiteit van die klaskamersituasie tot uitvoer te bring.

Die algemene plan van aksie is om die prosesbenadering tot skryf in die aanbieding van prosa toe te pas ten einde die student te help om sosiaal, psigologies, intellektueel of, oorkoepelend, akademies te ontwikkel. In die proses sal daar gepoog word om jong volwassenes te motiveer en te lei om in 'n portuurgroep saam te werk ten einde hul taalvaardighede, kritiese denke en redenasievermoë voortdurend te ontwikkel en sodoende 'n aangenamer en meer ontspanne klasatmosfeer te skep. Die algemene doel is dus om die kwaliteit van die studente se skryfwerk te verbeter deur hulle te lei om prosa te waardeer en te geniet.

Die algemene plan van aksie en kommentaar daarop sal in Hoofstuk 4 van die miniskripsie voorkom, gevvolg deur die hersiene plan in hoofstuk 5. Die studie sal deur 'n samevatting en aanbevelings afgesluit word.

## HOOFSTUK 2

### KRITIESE ANALISE VAN LETTERKUNDE-SILLABUS EN -AANBIEDING OP ONDERWYSDIPLOMAVLAK

#### 2.1 INLEIDING

In die vorige afdeling is daar gewys op moontlike gebreke in die onderrig van letterkunde aan onderwyskolleges, en aangevoer dat die prosesbenadering tot skryf vir baie van dié gebreke oplossings sou kon bied. In hierdie afdeling word die sillabus en aanbieding van letterkunde aan onderwyskolleges in meer besonderhede bespreek met die oog daarop om duideliker gestalte te gee aan die gebreke.

#### 2.2 UITEENSETTING VAN SILLABUS

Die Sillabus vir Afrikaans Eerste Taal wat tans vir onderwysdiplomastudente in die Departement van Onderwys en Kultuur (DBA (Kleurlingsake) 1982<sup>1</sup>) voorgeskryf word, word in vier verskillende komponente verdeel, nl. taalleer, letterkunde, stelkunde en vakdidaktiek. Vir hierdie onderskeie komponente word verskillende algemene doelstellings nagestreef. Spesifiek wat prosa betref, word die doelstelling soos volg in die sillabus uiteengesit (op cit:(i)):

WESTERN CAPE

"Uitbreiding en verdieping van die student se kennis van en insig in die Afrikaanse Letterkunde, die openbaringsvorme daarvan, (ook in hul historiese ontwikkeling) en letterkundige middele."

Die prosasoorte wat oor die drie jaar gedek kan word (op cit:6), is:

---

<sup>1</sup> Die huidige Departement van Onderwys en Kultuur is tussen 1969 en 1985 die Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake) genoem.

- die roman (histories-, sielkundig-, intrige-, aktualiteits-, karakter- en familieroman)
- die novelle
- biografie en outobiografie
- reisverhaal
- ontspannings-, jeug- en kinderlektuur
- kortkuns - kortverhaal, skets, essay

Spesifieke prosawerke word jaarliks deur die Departement voorgeskryf. Duplisering moet vermy word, byvoorbeeld, as 'n roman in die eerste jaar voorgeskryf word, word 'n bundel kortverhale in die tweede jaar voorgeskryf. In die eerste jaar word twee prosasoorte voorgeskryf, nl. een roman en een jeugboek, en in die tweede jaar 'n bundel kortverhale. In die derde jaar word 'n roman of 'n bundel kortverhale voorgeskryf. Aanvullend tot die genre wat jaarliks behandel word, vereis die sillabus dat studente minstens een werk uit 'n ander genre lees, bv. as 'n roman behandel word, moet die student 'n reisbeskrywing of 'n biografie of 'n novelle of 'n bundel kortverhale lees (vergelyk Figuur 1).

In die eerste jaar word beide voorgeskrewe prosawerke binne die klassituasie bestudeer, terwyl slegs die bundel kortverhale tydens die tweede jaar in die klassituasie bestudeer word, omdat studente nie in die eerste jaar met hierdie prosasoort kennis maak nie. Wat die aanvullende leeswerk betref, word van elke groep van ongeveer vyf studente verwag om 'n boek van hul eie keuse buite die klassituasie te lees en 'n skriftelike taak daaroor in te dien. By die kollege waar aksienavorsing vir hierdie studie uitgevoer word, word vereis dat die aanvullende leeswerk uit een van genoemde genres 'n kinder- of jeugboek moet wees. Gesamentlike evaluering geskied op die basis van sodanige take.

**VERSPREIDIG VAN LETTERKUNDIGE GENRES IN OD-KURSUS SOOS  
TOEGEPAS AAN DIE ONDERWYSKOLLEGE BELLVILLE**

JAAR-GRP	POËSIE	DRAMA	PROSA			
KWART.	-----	-----	ROMAN KORTKUNS JEUGBOEK BIOGRAFIE/ NOVELLE / REISVERHAAL			
I (1)	✓					
I (2)	✓		✓	x	✓	x
I (3)	✓			x		x
II (1)	✓			✓		
II (2)	✓		x		x	x
II (3)	✓	✓				
III (1)	✓					
III (2)	✓		✓ of ✓			
III (3)	✓	✓	of x	x	x	x

FIGUUR I

✓

VOORGESKREWE WERK

x

AANVULLENDE WERK: Ten minste een werk per jaar, en duplisering van genres moet vermy word.

**UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE**

## 2.3 KRITIESE ANALISE VAN DIE BESTAANDE SILLABUS

### 2.3.1 Voordele

Die sillabus maak voorsiening vir 'n breë literêre agtergrond, en bied voldoende afwisseling deurdat daar kennis gemaak word met verskillende prosasoorte. Hierbenewens word van studente in alle jaargroepe verwag om aanvullende leeswerk van hul eie keuse uit 'n wye reeks prosasoorte as selfstudie te doen. 'n Tweede voordeel van die sillabus is dat die bestudering van prosawerke vir beide die jong volwassene en die kind die studente help om die ooreenkomsste en verskille tussen die twee te ontdek, die belangrikheid van gesikte werke te besef en insig te kry in die beleweniswêreld van die jong volwassene sowel as die kind met wie hulle in die skool te doen gaan kry. Die bestudering van 'n jeug- of kinderboek is dus 'n noodsaklikheid vir primêre onderwysstudente, omdat hulle op dié wyse beter toegerus word vir die aanbieding van prosa in die primêre skool. Derdens bied die sillabus wat vaag is en nie baie voorskryftelik nie, die dosent die nodige vryheid om te eksperimenteer.

### 2.3.2 Probleme

#### 2.3.2.1 Organisasie van prosaprogram

Wat die organisasie van prosa-onderrig betref, is daar nog baie leemtes. 'n Jeugboek vir die hoër primêre skoolleerling word jaarliks, vir bestudering deur Onderwysdiploma I-studente, voorgeskryf om hulle beter insig in die beleweniswêreld van die kind met wie hulle in die skole te doen gaan kry, te gee. Hierdie boek is dus heelwat makliker en dunner as die ander voorgeskrewe prosawerk vir die jong volwassene. 'n Mens sou kon verwag dat daar eers op elementêre vlak met die roman kennis gemaak word, voordat die moeiliker roman bestudeer word. Dikwels word die

jeugboek eers in die derde kwartaal bestudeer, terwyl die moeiliker voorgeskrewe werk al reeds in die tweede kwartaal afgehandel is. Studente wat reeds probleme ondervind, veral wat prosa betref, worstel tegelykertyd met die betekenisinhoud van 'n dikwels moeilike roman, verwoording van hul interpretasie daarvan, sowel as met basiese letterkundige grondbegrippe. Hierdie situasie dra daartoe by dat sekere studente oorweldig word deur die leerstof en nie kan tred hou met die klas nie. Die gevolg is 'n negatiewe ingesteldheid teenoor prosa.

In werklikheid word die aanvullende prosawerk selde in die eerste jaar gedoen. Aangesien daar jaarliks in die eerste kwartaal 'n waarnemingsessie van ongeveer 'n week in die skole is en in die tweede en derde kwartale 'n proefsessie van drie weke elk, is die onderrigtyd beperk. Die sillabus neem wel die tydsfaktor in ag deur te stipuleer dat die behandeling van voorgeskrewe werke uiteraard oorsigtelik moet wees om die student met al die aspekte daarvan te laat kennis maak (op cit:8). Daarom is die enigste aspekte wat die sillabus self bevat "enkele letterkundige grondbegrippe" (op cit:6):

- tema (kernidee)
- struktuur (boumiddele)
- materiaal (boustowwe, strukturelemente)
- funksionaliteit (samewerking van al die verskillende boustowwe)

Selfs met hierdie toegewing is dit egter moeilik om reeds in die eerste jaar die aanvullende leeswerk gedaan te kry.

### 2.3.2.2 Kompartementalisering

Tipies ook van die huidige Afrikaanssillabus wat hier onder bespreking is, is die verdeling van taal in fragmente of kompartemente. Integrasie kan wel tussen taalkomponente

plaasvind, maar vanweë die struktuur of uiteensetting van die sillabus kan dit maklik verkeerd vertolk word. Dit het tot gevolg dat periodes by onderwyskolleges gewoonlik dienooreenkomsdig ingedeel word. Derglike skepping van taal-kompartemente is kunsmatig en irrelevant vir effektiewe alledaagse taalgebruik waar taal as 'n eenheid ervaar word. Dit skep versperrings of grense waarbinne die aanbieding noodgedwonge moet geskied, met die gevolg dat ruimte waarbinne die studente taal en betekenis kan verken, beperk word. Die studente se natuurlike soeket na insig en hul potensiële akademiese ontwikkeling word dus aan bande gelê deurdat leerkrags binne bepaalde grense beweeg. Die RGN-onderwysverslag van 1981 maak reeds melding van "'n dringende behoeftie aan 'n klemverskuiwing weg van die afsonderlike komponente van 'n sillabus na 'n benadering wat die taalvaardighede geïntegreerd by die leerling sal bevorder" (RGN 1981:218). Dis 'n belangrike punt wat reeds vroeg in die sillabus beklemtoon moet word.

#### 2.3.2.3 Tydsfaktor

Nog 'n nadeel wat deur die kompartmentalisering van taal veroorsaak word, is dat kosbare tyd as gevolg van bovenoemde indeling onoordeelkundig gebruik word. Mondeling en skriftelike kommunikasie, taalgebruiksvaardighede, begrip en vakdidaktiek word meesal in isolasie gedoen, terwyl prosaperiodes die ideale geleentheid bied waarbinne al hierdie komponente spontaan geïntegreer behoort te word, en aansienlike tydbesparing kan geskied. Mondelinge evaluering kan bv. onopsigtelik plaasvind terwyl prosawerke bespreek word, en take oor letterkunde kan aangewend word om skriftelike stelwerk te evaluer. Volgens die Ferguson-Florissant Writer's Project (1989:voorblad) is skryf 'n kommunikasievaardigheid wat in alle leeraktiwiteite geïntegreer behoort te word.

Grootliks as gevolg van die tydsfaktor word prosa slegs oorsigtelik behandel soos die sillabus aanbeveel, sodat met alle aspekte daarvan kennis gemaak kan word. Onderwysstudente word sodoende nie goed toegerus vir hul toekomstige taak nie en sal ook nie genot en waardering vir prosa ontwikkel nie. Hieroor sê David Hawkins (in Calkins 1974:275): "we would do well to uncover the curriculum rather than to cover it, inviting pupils to probe deeply into topics." Spesifieke nadele is dat studente nie binne die klaskamer geleentheid gebied word vir interaksie met die teks en met mekaar nie. Voldoende voorbereidingsaktiwiteite vir 'n skryftaak soos groepbesprekings, aanvullende leeswerk en genoeg skryfaktiwiteite soos preskryf, ontwerpskryf, en herskryf vind ook weinig plaas.

Die tydsfaktor veroorsaak verder dat onderrig volgens 'n vaste patroon geskied sodat daar vinnig deur 'n liniére reeks stappe beweeg kan word. Dit begin gewoonlik met lees en eindig met 'n enkele, individuele skryfpoging wat die dosent se interpretasie van die teks weergee. Daar word weinig geleentheid gebied vir studente om nuwe idees op die proef te stel of onmiddellike terugvoer van die dosent of medestudente te kry. Misinterpretasies en ernstige skryfprobleme word dikwels eers ontdek wanneer take en eksamenskrifte geëvalueer word. Daar word wel vir studieklassie (tutorialie) voorsiening gemaak wat volgens Curzon (1986:215) veronderstel is om gekenmerk te word "deur 'n bespreking en/of persoonlike onderrig van aangesig-tot-aangesig, oor die algemeen gegrond op die inhoud van 'n opstel of ander geskrewe stukke deur die student(e) of op vrae gestel deur die onderwyser of die student(e)." Omdat studente nie veel sinnigheid in 'n bespreking oor 'n afgehandelde skryfstuk het nie, kom hierdie studieklassie egter nie tot hul reg nie. Derhalwe word studieklassie nog in die meeste gevalle deur die dosent oorheers. Portuurgroep-evaluering wat studente die ideale geleentheid bied om die



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

gehalte van hul skriftelike werk voor die invordering van die finale produk te verbeter en wat terselfdertyd goeie praktiese ondervinding vir veral onderwysstudente bied, vind weinig plaas. Die ervaring om in hul toekomstige taak goeie aanbevelings te maak en leerlinge te help om hul eie en mekaar se werk te hersien en redigeer, word dus nie in hul opleidingsjare opgedoen nie. Sodoende word 'n gulde geleentheid om te leer evalueer, verspeel.

Hoewel die sillabus oor skriftelike kommunikasie aanbeveel dat studente ook oor letterkunde skryf, is die aanbieding van skryf egter ook verouderd. Letterkunde en skriftelike stelwerk word weinig geïntegreer. Studente ervaar dit dus as aparte entiteite. Wanneer hulle byvoorbeeld 'n opdrag kry om die inhoud van 'n letterkundeleesstuk in opstelvorm weer te gee, word die vereistes vir 'n opstel selde nagekom.

Wat veral kommerwekkend is, is die feit dat interaksie by die skryfaktiwiteit, wat soveel waarde vir studente se algehele ontwikkeling inhou, weinig plaasvind. Skryf word in baie gevalle nog onderrig as 'n individuele, asosiale aktiwiteit waar sommige studente in hul eensaamheid met 'n opdrag worstel en die dosent op die student se eie werk aandring. Verder word die fokus sterk op vorm, tegniese aspekte en taalkorrekteid geplaas. Evaluering en aanbevelings word boonop dikwels deur die dosent alleen gedoen. Soos later uit die bespreking oor die letterkundeperiode sal blyk, is interaksie tussen studente tydens die skryfaktiwiteit afwesig. Hierdie gebrek aan mondelinge en skriftelike interaksie strem die sosiale, psigologiese en akademiese ontwikkeling van studente, en het gevvolglik ook 'n negatiewe invloed op eksamenuitslae.

#### 2.3.2.4 Doelstellings

Die doelstellings vir letterkunde soos in die inleiding tot hierdie afdeling uiteengesit, is algemeen, vaag en tog

onvoldoende. Die moontlike voordeel wat uit die vaagheid van die uiteengesette sillabusdoelstellings en metodiekleiding kan spruit, word ook beperk. Daar word nêrens in die sillabus onderskeid getref tussen doelstellings vir bv. die onderrig van poësie, drama of prosa nie. Boonop ontbreek rigtinggewende doelwitte en metodiekleiding geheel en al met die gevolg dat die dosent ietwat in die duister is oor wat verwag word. Erger egter, is die beperking tot vakgerigtheid wat in die algemene doelstellings vervat word. Daar is geen sprake van die verrykende effek op die studente of die genot wat letterkunde vir hulle kan inhou nie, indien studente self in groepe daarmee worstel, probleme bespreek, beskryf en beoordeel. Hierdie beperking op letterkunde-onderrig verhoed dus dat dit bydra tot die volle ontplooiing van die studente in al hul fasette.

Die afwesigheid van metodiekleiding wat waarskynlik veronderstel is om groter vryheid aan die dosent te bied, veroorsaak eerder 'n gebrek aan variasie of afwisseling binne die aanbieding van prosa. Hiermee bedoel ek nie dat die sillabus meer voorskriftelik moet wees nie, maar dat voorstelle met betrekking tot goeie aanbiedingsmetodes as uitdaging vir dosente kan dien om hul professionele vaardighede uit te bou.

#### 2.3.2.5 Dosentgesentreerdheid

Oor die algemeen word geykte metodes nog vir die aanbieding van prosa gebruik waar die dosent die meer aktiewe deelnemer in die onderrigsituasie is. Studente word weinig 'n aandeel in en 'n bydrae tot die leerproses gebied. Klasbesprekings wat hoofsaaklik op 'n formele basis geskied, word deur die dosent oorheers. Omdat studente meesal passief na die alleenspraak van die dosent luister, aanvaar hulle weinig mede-verantwoordelikheid vir hul intellektuele groei, en steun grotendeels op die dosent se inisiatief, met die

gevolg dat hul denke stagneer. Naslaanwerk oor en voorbereiding vir 'n prosawerk, behalwe in die geval van selfstudie, word ook grotendeels deur die dosent gedoen. Inligting word summier aan die studente oorgedra, alvorens daar gekontroleer is of die prosawerk, of 'n gedeelte daarvan, wel gelees is en geleentheid gebied is vir studente om self die inhoud daarvan in besprekingsgroepes te ontsluit. Daar word ook selde ruimte gebied vir die verskillende perspektiewe van studente. Aantekeninge en die blokboek wat slegs as riglyn behoort te dien, word dikwels as die ideale en enigste korrekte antwoorde beskou. Met die blokboek tot hul beskikking, voel hulle dikwels dat die eksamenstryd half gewonne is. Dit het tot gevolg dat studente laks raak en plagiaat pleeg. Eksamenantwoorde getuig dikwels van 'n oorskrywery uit die blokboek en 'n herhaling van inligting wat in die lesing oorgedra is, sonder dat daar enige oorspronklike insette van die studente self is. Selfs persoonlike ervarings van studente wat verband hou met die teks, en wat sou kon bydra om die betekenis van die inhoud duideliker te maak, word nie met die klas gedeel nie. Gere en Stevens (1985:104) se volgende opmerking beaam die feit dat die situasie soos hierbo beskryf, nie tot akademiese ontwikkeling bydra nie: "Student responses demonstrate, through their diversity, that not all readers take the same meaning from a given text. What is clear to one student is confusing to another".

Benewens bogenoemde tekortkominge geskied vraagstelling hoofsaaklik by monde van die dosent. Daar word nie voorsien in die student se behoeftte om vrae te stel nie. Vraagstelling word gevvolglik baie negatief ervaar. In plaas daarvan dat dit as 'n sleutel tot kennis en begrip gebruik word, word dit deur studente beskou as 'n manier om hul onkunde ten toon te stel. Interaksie tussen studente en die teks, en tussen studente onderling ontbreek en die bydrae



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

van die studente is dus gering. Gevolglik word weinig bevrediging geput uit besprekings.

Die studente wie se taalvaardighede en dinkvaardighede juis ontwikkel moet word, kry ook nie die nodige oefening in taalgebruik nie, en geleentheid om hul kritiese en kreatiewe denke, en redenasievermoë te ontwikkel ontbreek dikwels. Op hierdie wyse word die selfbeeld van die student ook nie juis bevorder nie. Omdat studente uit ervaring gekondisioneer is om hulself as ontvangers in die onderwyssituasie te beskou en die dosent as die uitdeler, bied die ontleding van prosawerk geen uitdaging nie en verval hulle in passiwiteit. Calkins (1974:214) tipeer so 'n nadelige metode vir student én dosent, as "pouring information into the passive receptacle of the student."

Soos vroeër genoem, tree die dosent meesal op as die enigste leser en evalueerder van studente se skryfwerk. Die nadeel hiervan is dat studente geneig is om minder of onvoldoende inligting te verskaf en weinig leer om idees duidelik te formuleer, omdat hulle van die veronderstelling uitgaan dat die dosent oor die nodige agtergrond beskik om die implikasie van boodskap te verstaan. Hulle word dus nooit bewus van die effek van hul skryfwerk op ander lezers of 'n werklike gehoor nie. Met hierdie gebreke word onderwysers die veld ingestuur en so word 'n kringloop aan die gang gesit. Evaluering deur die dosent alleen plaas 'n onnodige las op die skouers van die taaldosent en ontnem die student hierdie praktiese ondervinding in die leerproses. Die dosent se respons op geskrewe werk vind as gevolg van die té groot werkslading selde plaas, en indien dit wel gebeur, het baie tyd reeds verloop sedert die werk gedoen is met die gevolg dat die kommentaar effek verloor.

Die enigste respons op geskrewe take is ook gewoonlik algemene, vae skriftelike opmerkings soos "'n Goeie poging", "Nie heeltemal duidelik nie", "Jy is heeltemal van die punt

af", en taal- en spelfoute wat met 'n rooi pen uitgelig word. Volgens Gere en Stevens kan die fokus op "meganiese" foute nie eintlik beskou word as respons nie, maar eerder "to justify a low mark" (Freedman 1985:97). Aangesien terugvoer deur die dosent meesal plaasvind nadat skryfwerk reeds voltooi en geëvalueer is, is dit 'n anti-klimaks vir studente. Derhalwe ervaar die skrywer, wat reeds sensitief is oor sy foute, die dosent se kritiese rol baie negatief. Die meeste studente is juis op skool gekondisioneer om foute as mislukkings eerder as 'n vertrekpunt in die leerproses te ervaar. Studente en dosente stagneer dus uit vrees om foute te begaan. Nuwe uitdagings, eksperimentering en verkenning word vermy, omdat dit as 'n risiko beskou word. Hulle volg liefs die veilige middeweg deur te doen wat die res van die klas of die personeel doen. In teenstelling hiermee sê Moran (1981:26) "Error free writing is not necessarily good writing". Dié soort kondisionering smoer die potensiaal van mense eerder as om hulle aan te moedig om beter te skryf.

#### 2.3.2.6 Selfstandige studie

Skriftelike take wat selfstandig deur individue en groepe by die kollege gedoen word, gaan egter oor die algemeen met baie probleme gepaard - wat sosiale, sielkundige én kognitiewe aspekte betref. Hierdie probleme kan toegeskryf word aan die feit dat studente nie die instrumente tot hul beskikking het om meer selfstandig te ontwikkel nie. Studente is bv. nie met 'n verskeidenheid van moontlike analitiese, sintetiese of skryfstrategieë vertroud nie. Vanweë die fokus op die produk is studente boonop negatief ingestel teenoor die skryfaktiwiteit. Omdat hulle ook weinig binne die klaskamer geleentheid gebied word om as 'n groep saam te werk, is hulle nie bewus van die ondersteunende waarde daarvan nie. Hulle kan bv. nie positiewe insette op hul skryfwerk deur hul mede-studente tydens groepwerk internaliseer nie. Volgens die Woodmead onderwys-personeel

wat in 1989 'n skryfprojek geloods het, bestaan hierdie skriftelike onderrigprobleem hoofsaaklik "because most learners are not reading adequately and because few teachers and teacher trainers are taught how to teach writing and how to teach the teaching of writing" (Language Projects' Review 1990:27).

Dié benadering wat nog algemeen in die kollege toegepas word, dra geensins by om reeds afhanklike studente se probleem op te los nie. Hulle word gevolglik as steeds afhanklike, en swak toegeruste onderwysers die veld ingestuur. 'n Kettingreaksie word sodoende aan die gang gesit, omdat hierdie metode verder op leerlinge oorgedra word.

Volgens die RGN-onderwysverslag (1981:218) sal 'n suksesvolle benadering "die leerlinge baie duidelik sentraal stel, want dis hy wat die kennis en vaardighede moet bemeester onder leiding van die onderwyser". Calkins (1986:235) illustreer die gedagte baie mooi met die volgende spreuk: "If you catch someone a fish, they'll eat for a day. If you teach them to fish, they'll eat for a lifetime".

#### 2.4 SLOT

Dit is in die lig van die moontlikheid dat onderwysers en dosente *wil* verander, maar nie weet hoe om te werke te gaan om letterkunde interessanter aan te bied nie, dat hierdie studie onderneem word. Soos tevore geredeneer, hou die prosesbenadering tot skryf die moontlikheid in om die meeste van die probleme in hierdie afdeling uiteengesit, die hoof te bied. Hoewel ek nie wil beweer dat die prosesbenadering tot skryf 'n alheilmiddel is nie, hou dit moontlikhede in wat hier ter plaatse nog nie ten volle ontwikkel is nie. Een so 'n moontlikheid is samewerking, wat in die volgende hoofstuk in meer besonderhede bespreek sal word.

## HOOFSTUK 3

### MOONTLIKE INVLOED VAN DIE PROSES BENADERING TOT SKRYF OP DIE ONDERRIG VAN PROSA, MET SPESIALE VERWYSING NA METODES VAN SAMEWERKING TUSSEN LEERDERS

#### 3.1 INLEIDING

In afdeling 2 is die struktuur van die sillabus op grond waarvan prosa-onderrig in primêre onderwysopleiding in die Departement Onderwys en Kultuur aangebied word, sowel as die huidige aanbiedingswyse by een van die onderwyskolleges, krities bespreek.

Wat die struktuur betref, is verandering voorlopig nog buite die dosent se beheer. Slegs aanbevelings kan in dié verband gedoen word. Wat die aanbieding betref, beskik dosente egter wel oor 'n mate van vryheid om hul metodes so aan te pas dat studente hul volle potensiaal kan benut.

In dié afdeling word aangetoon hoe dat samewerking 'n middel kan word, nie alleen waardeur prosa-onderrig kan verbeter nie, maar waardeur studente die nodige strategieë geleer kan word wat hulle in staat sal stel om in alle vakke onafhanklik te werk en te leer. Hoewel die prosesbenadering tot skryf - juis omdat dit 'n geïntegreerde benadering is - as geheel hiervoor betrek moet word, val die klem in hierdie skripsie hoofsaaklik op metodes van samewerking. Die ander fasette van die prosesbenadering tot skryf word nie deuren tyd beklemtoon nie, maar word egter nie gering geskat nie.

#### 3.2 DIE PROSES BENADERING TOT SKRYF

Die prosesbenadering tot skryf is 'n holistiese benadering wat alle formele grense ophef en integrasie nastreef. Sodoende word beide die student en dosent die nodige ruimte

en vryheid gebied om oor die formele grense van die onderskeie vakke en taalkomponente heen te beweeg in hul soeke na insig en begrip. Hierdie benadering bring 'n wisselwerking tussen taalkomponente mee, soos die huidige sillabus ook aanbeveel. Sodoende kan meer vaardighede tegelykertyd toegepas en ontwikkel word.


Die integrasie van taalkomponente verteenwoordig ook 'n meer realistiese toepassing van die werklike taalsituasie; anders gesê, dit reflekter die essensiële eenheid van die realiteit. Verder skep dit 'n ryk en stimulerende atmosfeer wat ondersoek, verkenning en eksperimentering aanmoedig, omdat dit 'n hele proses van dink, praat, beplanning, skryf, konferering, revisie, redigering en publisering reflekter. Die prosesbenadering tot skryf is dus 'n dinamiese benadering wat baie vaardighede integreer en waarby baie aktiwiteite betrek kan word.

Beide Krater (onbekend a) en Flinn (onbekend b) maak melding van die volgende elemente:

- preskryf,
- ontwerp-skryf,
- revisie,
- redigering,
- publisering en
- evaluering/respons.

Respons (soos Krater dit noem) of evaluering (soos Flinn dit noem), word deur albei beskryf as 'n aktiwiteit wat tydens alle fases voor die finale poging toegepas word.

Calkins (1986:121) en Schiff (1982:158) beskryf weer die skryfproses in terme van "konferensies". Calkins onderskei vir analitiese doeleindes, tussen verskillende skryfkonferensies:



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

- inhoudkonferensie,
- ontwerpkonferensie,
- proseskonferensie,
- evalueringkonferensie en
- redigeringkonferensie.

Hierdie skripsie word hoofsaaklik gebaseer op Calkins se uiteensetting, omdat die gebruik van die woord "konfereer" wat gemeenskaplik of beraadslaag beteken (HAT Tweededruk 1985) verband hou met die idee van samewerking. Krater en Flinn se uiteensetting word egter nie oorboord gegooi nie, maar geïntegreer by dié van Calkins en Schiff. Al hierdie prosesskryfelemente of skryfkonferensies volg mekaar op om herhaalde verfyning van idees teeweg te bring, totdat die eindproduk gepubliseer word. Calkins wys egter daarop dat die elemente oorvleuel, en inmekaargeweef is. Haar benadering is basies dieselfde as dié van Flinn en Krater, maar daar word ook voorsiening gemaak vir die proseskonferensie, 'n belangrike element in die skryfproses wat studente die geleentheid bied om te reflektereer oor die proses wat hulle deurloop het en te verstaan waarom dit belangrik is. Calkins beveel ook logboeke of joernale aan, sodat daar, met die oog op proseskonferering, rekord gehou kan word van die vordering van die skryfproses. Joernalinskrywings en -besprekings tydens die skryfproses en selfs daarna is volgens al genoemde skrywers 'n belangrike deel van die proses.

Al die genoemde aktiwiteite sluit weer 'n aantal ander tegnieke in, waarvan enkeles vlugskryf, die vrye-assosiasietegniek, die ideëberaad, en groepering of bondelvorming is.

'n Belangrike aspek van die skryfproses is dat dit rekursief (herhalend) van aard is, dit wil sê dis nie 'n liniëre, stap-vir-stap formule nie. Vanweë die rekursiwiteit daarvan

word meer onderrigtyd in beslag geneem as met die tradisionele benadering. Hier teenoor word ander taalkomponente vanweë die holistiese aard van die prosesbenadering tot skryf ook by die onderrig van prosa geïntegreer wat natuurlik weer tydbesparend is. Peter Schiff (1982:153) sê hieroor "teaching students to help each other make improvements from draft to draft is time well invested".

Die skryfproses stel die self en ander in staat om vas te stel hoe daar gedink word. Sodoende word selfinsig en insig in ander se denke bekom en tekortkominge in die denkproses kan sodoende ontdek en oorkom word. Indien skrywers bewus is van hul tekortkominge kan beter beheer oor die skryfaktiwiteit verkry word.

Omdat die skryfaktiwiteit 'n sigbare produk van die denke is, bly dit nog steeds die belangrikste medium waarvolgens formele evaluering geskied. Om groter sukses daarmee te behaal, het studente dus die ondersteuning van die portuurgroep nodig, dit wil sê daar moet gekonfereer word voor en tydens die skryfaktiwiteit.

Gemeenskaplike skryfwerk is 'n waardevolle metode wat tot voordeel van elke student strek, en behoort 'n onmisbare plek in die leerproses van alle vakke, ingeslote letterkunde, in te neem en kan dus nie afgeskeep word en met haas gepaardgaan nie. Dit word egter deur middel van die prosesbenadering met die deeglikheid en erns wat dit verdien, benader.

Daar is veral twee areas waarin die holistiese aard van die prosesbenadering tot skryf prosa-onderrig sou kon beïnvloed: by mondelinge groepwerk en by gemeenskaplike skryfwerk. Hierdie twee areas kan nie van mekaar geskei word nie, omdat gemeenskaplike skryfwerk nie sonder mondelinge kommunikasie

kan plaasvind nie. Calkins kombineer dus hierdie twee areas en noem dit skryfkonferensies.

### 3.2.1 Skryfkonferensies

Skryfkonferensies is kommunikatief van aard, dit wil sê dis in kontras met die asosiale karakter van die tradisionele skryfbenadering in prosa-onderrig. Die uitsprake van verskeie skrywers bevestig dat die skryfaktiwiteit nie in isolasie behoort plaas te vind nie. Charles Moran (1981:29) is een van die skrywers wat 'n pleidooi lewer vir integrasie tussen prosa-onderrig en skriftelike kommunikasie. Hy is die mening toegegaan dat "When we teach literature, ... we are teaching writing". Jane Flinn (onbekend b) beveel ook die volgende aan: "Use a sequence of activities that include guided reading, writing and speaking to encourage active response to literature". Volgens die Ferguson-Florissant Writers Project (1989: Voorblad) is skryf 'n kommunikasievaaardigheid "to be intergrated into all learning". Leible, Hughes en Gilley (1987:152) sê "We need to teach reading and writing as intergrated subjects". Bruffee (1987:78) bestempel ook skryf as 'n produk wat die gevolg is van "talking through and reshaping, revising and editing a piece as it becomes a composition, term paper, essay, etc". Hy sê verder dat "social speech must be involved in writing. To write is to talk to someone else in a focused and coherent way. Talking through the task of writing means that collaborative learning is essential to writing". (1980:83) Skryf is dus kommunikasie en volgens die Ferguson-Florissant Writer's Project (1989:78) vind die skryfaktiwiteit in 'n vakuum plaas as daar nie interaksie tussen studente is nie. Volgens Thomas Kuhn (1987:83) (in Collaborative Writing and Computers) kan leer noe in isolasie plaasvind nie, omdat dit "intrinsically social or collaborative" is.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

Hoewel skryfkonferensies in die prosesbenadering tot skryf volledig met ander leerdersentriese aktiwiteite in die skryfproses geïntegreer is, word dit vir analitiese doeleindes onderskeidelik beskryf.

### 3.2.1.1 Preskryf en Inhoudkonferering

Preskryf is 'n gerieflike term vir al die stappe in die skryfproses voor ontwerpskryf. Dit kan ook skryf insluit. Wiener (1981:21) sê "... the word does not exclude writing with its prefix but sets off a kind of boundary between thought and idea and any careful, final attempt to mould them". In hierdie fase word aandag aanvanklik net op die ontdekking van idees toegespits. Dit kan as 'n individuele of groepaktiwiteit, binne sowel as buite die klaskonteks beoefen word. Preskryf behels die versameling van data deur waarneming, onderhouervoering, lees, eksperimentering, idees uit die geheue of verbeelding, sowel as beplanning vir 'n gehoor. Studente vorm ondersoekspanne of groepe wat gesamentlik verantwoordelik is vir die versameling van inligting. Sommige kan bv. die biblioteek besoek om artikels deur te lees, ander kan koerante deurblaai vir inligting, of onderhoude voer. Al die bevindinge word dan genotuleer en versamel om dit voor te lê aan die hele groep en konstruktiewe insette tydens die inhoudkonferensie te lewer. Sodoende is studente minder afhanklik van 'n enkele, autoritêre, outokratiese figuur as die bron van hul kennis, en beter toegeruste onderwysers wat self ondervinding in die leerproses opgedoen het, word die veld ingestuur.

Die inhoudkonferensie is ook 'n preskryfaktiwiteit. Die doel hiervan is om studente 'n aandeel in betekenisvorming te gee: die geleentheid om 'n teks in groepverband te ontsluit en verken deur inligting te deel, vrae te stel, te redeneer, te bespreek, ens. Tydens die preskryffase kan 'n aantal vryskryftegnieke in groepverband beoefen word. Enkele

voorbeeld hiervan is vlugskryf, ideëberaad en die vrye-assosiasietegniek. Die idee van vlugskryf is om binne 'n kort tydjie soveel as moontlik idees neer te skryf sonder om te stop en sonder om aandag te skenk aan volgorde of tegniese aspekte. Die hoeveelheid, egtheid en oorspronklikheid van idees is hier van belang. Raimes (1983:7) sê "The emphasis of this approach should put content and fluency first and not worry about form." Elkeen in die groep kan vrylik voortbou op idees van ander om nuwe kombinasies of idees te vorm. Volgens die vrye-assosiasietegniek kan skrywers 'n aantal idees oor 'n onderwerp, al klink dit ook hoe vergesog, genereer. Tydens 'n breinstormsessie, ook 'n vrye-assosiasietegniek, word idees vanuit 'n kernidee gegenereer en deur enkele woorde rondom die kern neergeskryf of gelys. Groepering "Clustering" of die "subject tree" soos Wiener (1881:29) dit noem, is basies dieselfde. 'n Aantal vertakkings beweeg van een vlak na 'n volgende om denke na 'n hoër vlak te verplaas. Studente in kleingroepe kan ook 'n dinksrum vorm en ideëberaad hou om soveel as moontlik idees binne die kortste tyd as oplossing vir 'n probleem te vind. Al bogenoemde tegnieke is 'n vrye en informele versameling van idees waaruit materiaal vir konsepskrywes kan ontwikkel. Hierdie aktiwiteite kan spanning en verstandelike of skrywersblokkasies wat gewoonlik voor en tydens die skryfaktiwiteit ervaar word, verlig. Hierdie tegnieke verleen sigbaarheid aan die idees van die werkgroep. Dit moedig 'n openheid aan om kennis te deel, wat verder tot positiewe persoonlike verhoudings bydra. Sodra idees eers informeel neergeskryf is, volg sistematisering, organisasie en verdere konsipiëring geleidelik.

### 3.2.1.2 Kollasionering

Dit volg gewoonlik na 'n inhoudkonferensie deur 'n werkgroep, en is heeltemal opsioneel. Dis eintlik 'n

samevatting van wat in die verskeie werkgroepe bespreek is. Daar word algemeen hierna verwys as 'n klasbespreking, maar "kollasionering" is meer beskrywend van wat werklik plaasvind. WAT (1976:718) se definisie van "kollasioneer" is as volg: "byeenbring, versamel en(of) krities vergelyk, bv. met die oog op verifiëring, koördinering, ordening en sistematisering". Na die inhoudkonferensie, waartydens groepe met die inhoud van 'n teks geworstel het, voer die verskeie werkgroepe hul inligting en idees terug na die grootgroep met die doel om inligting te vergelyk, orden en sistematiseer. Sodoende trek elke individu voordeel uit goeddeurdagte inligting deur kleingroepe sowel as die grootgroep.

### 3.2.1.3 Ontwerpkonferensie

Na die ontdekking van idees en deeglike verkenning en ondersoek in groepverband, kom die vormlike ter sprake. Studente mag op hierdie stadium voel dat hulle voldoende ingelig en voorbereid is vir die skryftaak, maar ten spyte hiervan weet hulle nie noodwendig hoe om uitdrukking aan inligting te gee of hoe om idees te formuleer nie. Verdere konsipiëring in groepverband kan ook hierdie probleem aanspreek, en suksesvolle resultate tot gevolg hê. Verder kan konsep-skrifte studente die geleentheid bied om eers te eksperimenteer en vas te stel hoe die lesers daarop reageer. Volgens Flinn (1987:4) sluit ontwerpskryf veelvoudige konsep-skrifte in. Wiener (1981:37) meen dis nie akkuraat om te praat van 'n eerste, tweede en derde konsep-skrif nie, omdat baie skrywers vyf of ses pogings aanwend, en 'n aantal werkvelle herskryf om aanpassings te maak. Ander skrywers werk weer oor en oor aan een of twee skryfpogings deur te knip, te plak, woorde, frases en sinne deur te haal, aanpassings met verskillende kleure penne te maak, sinne te herringeskik deur middel van pyltjies, ens. om 'n reeks herskrywery uit te skakel. Vir die doel van hierdie skripsie

kies ek die tweede metode, omdat die tydsfaktor in ag geneem moet word en 'n reeks herskrywery vermoeienis kan meebring.

Konsipiëring en selfs verfyning van konsepskrifte verg beplanning. Groepe studente vorm dinksrumme of span saam om prosa-opdragte uit te voer. 'n Groeplid word aangewys om tydens een sessie as sekretaris of sekretaresse op te tree om idees te notuleer. Die hele groep dra by om betekenis aan die inhoud te gee. Die fokus word op die proses in plaas van op die produk geplaas; wat studente neerskryf, is nie die eindproduk nie, maar die beginpunt. Geleenheid word dus gebied vir konsepskrifte. Murray (1978:87) noem hierdie konsepskrifte "discovery drafts" waarin skrywers taal as 'n instrument vir ontdekking gebruik (MacKensie en Thompson 1984:204). Interaksie tussen groeplede sal dus voortdurend plaasvind tydens die skryfaktiwiteit. Dis tydens hierdie proses dat samewerking 'n deurslaggewende rol speel: deur saamskryfaktiwiteite word die skryfvaardighede van elkeen in die groep ontwikkel.

### 3.2.1.4 Evalueringkonferensie

Tydens hierdie konferensie word daar krities na die voorlesing van 'n konsepskrif geluister met die doel om respons te ontlok. Hierdie respons is veronderstel om die skrywers te help om die inhoud, struktuur, verband/eenheid, taal, styl, perspektief, toon, en tegniese aspekte te verbeter.

Een van die metodes wat as riglyn vir bespreking kan dien, is die P.V.A.-metode van evaluering. P.V.A. beteken prys, vraagstelling en aanbeveling. Dis 'n gewilde metode van evaluering wat deur opvoedkundiges soos Flinn, Caviezel en Lyons aanbeveel word. Die volgende drie vrae word stapsgewys aan die responsgroep gestel:

- Wat is goed omtrent die werkstuk?

- Is daar enige vrae oor iets wat nie duidelik is nie?
- Watter aanbevelings kan gemaak word om die werkstuk te verbeter?

Deur te begin met die positiewe, is studente meer ontvanklik vir die minder positiewe kritiek wat volg. Sodoende word 'n bydrae gelewer tot die psigologiese ontwikkeling van 'n student. Tweedens verplig vraagstelling oor die werkstuk skrywers om hul eie skryfwerk krities te lees en te heroorweeg. Deur vraagstelling word skrywers bewus van tekortkominge, en daar word saam gesoek na maniere om dit uit die weg te ruim. Hierna word kommentaar, verkieslik positief en bemoedigend, gelewer en spesifieke aanbevelings gemaak. Calkins (1986:130) sê "Nothing is more important than helping children honor each other's efforts, and this issue needs to be addressed the moment it comes up." Caviezel (1987:149) stem hiermee saam. Sy waarsku dat die P. V. A.-metode nie werk as daar nie respek vir mekaar se skryfwerk is nie.

#### 3.2.1.5 Revisie

Revisie van die ontwerpskrif vind na die evaluering-konferensie plaas. Die aanbevelings en kommentaar van die lesers word deur die skrywers oorweeg en die nodige aanpassings word gemaak. Net soos met die ontwerp-konferensie, verg dit weer eens beplanning deur die werkgroep om te sorg dat aanpassings wat gemaak word, goed inpas en saamvloeи met die inhoud van die konsepskrif. Die doel hiervan is om 'n konsepskrif verder te verfyn.

#### 3.2.1.6 Redigeringskonferensie

Eers wanneer die betekenis van die inhoud vir die gehoor duidelik is, word die skryfstuk geproeeflees omveral tegniese foute uit die weg te ruim. Die rede hiervoor, is omdat studente nie alle aspekte van 'n skryfstuk tegelyk kan

hanteer nie, en omdat 'n te vroeë konsentrasie op die tegniese aspek stremmend op die betekenisskepping kan inwerk. Flinn (1987:4) noem redigering *die skoonmaakfase*, en dit vind gewoonlik net voor publisering plaas.

### 3.2.1.7 Publisering

Publisering binne die klaskamerkonteks, rond gewoonlik die saamskryfaktiwiteit af. Dit is nie noodwendig publisering in die konvensionele sin van die woord nie, maar beteken bloot om 'n werkstuk voor te berei, sodat dit met 'n betrokke gehoor gedeel kan word. Studente kry ook geleentheid om in 'n groep hul skeppingsvermoë te ontwikkel deur oorspronklike illustrasies, betiteling, ens. Volgens McKensie en Tomkins (1984:208) kan publisering mondeling, visueel of skriftelik plaasvind.

### 3.2.1.8 Proseskonferensie

Hierdie konferensie kan verkieslik plaasvind nadat studente 'n siklus van die proses deurloop het. Studente kry geleentheid om oor die skryfproses wat gevolg is te reflekteer en bevindinge met mekaar te deel. Dit bied ook die ideale geleentheid om die proses te beoordeel, en inskrywings daaroor in die persoonlike joernaal te maak.

### 3.2.1.9 Joernaalkonferensie

Reed (1988:52) onderskei tussen twee soorte joernale naamlik:

Leesjoernale en WOW-joernale.

In *leesjoernale* kan studente hul eie waarnemings tydens die lees van 'n prosawerk aangeteken. Reed (1988:52) beveel 'n *leesjoernaal* met twee kolomme aan. Aanhalings uit 'n prosawerk wat pla, verwarr of goed is, kan aan die linkerkant, en kommentaar daaroor aan die regterkant van die

bladsy aangeteken word. Ook Berthoff (1982:bladsy onbekend) stel iets soortgelyks, die dialektiese joernaal, as 'n metode van intellektuele ondersoek, voor. Dit bestaan ook uit twee kolomme; aan die linkerkant word tekstuele informasie neergeskryf en aan die teenoorgestelde kant word daarop gereageer deur kommentaar, vrae, gevolgtrekkings, insigte, ens. Joernale word nie geëvalueer nie. Dis heeltemal informeel, dit wil sê aandag word nie aan tegniese aspekte geskenk nie en selfs frases en telegramstyl is aanvaarbaar.

Nuwe ontdekings wat tydens joernaalbesprekings gemaak word, kan verder lei tot nuwe idees waarop daar uitgebrei kan word in die "WOW"-joernale. Hierin word gevolglik die beste kommentaar en ontdekings deur die skrywer, en dit wat die meeste idees en kritiese denke kan ontlok, vervat. Derglike inskrywings is veronderstel om 'n "WOW!"-reaksie uit te lok. Die "WOW"-joernale word in die besprekingsgroep herlees en die beste uit elke groep word weer aan die hele klas voorgelees. Indien die leerkrag voel dat belangrike aanhalings nie bespreek is nie, word dit op die skryfbord of transparant geskryf en studente moet daarop reageer in hul joernale. Reed beskryf die leesjoernaal as 'n oefeningboek vir daaglikse skryfopdragte.

'n Ander soort joernaal waarop die leerkrag kan reageer, word deur Virture (1989:52) as die *gevoeljoernaal* beskryf en deur Calkins (1986:155) as die *dialoogjoernaal*. Virtue (1989:52) beskou hierdie inskrywings as terapie vir studente, omdat hulle die geleentheid gebied word om hul negatiewe gevoelens te ontlaai. In hierdie skripsie word daar na hierdie joernale verwys as *persoonlike joernale* waarin individuele studente positiewe en negatiewe inskrywings maak oor klassessies, en alles wat daarmee gepaardgaan. Die dosent kan selfs hierop reageer, indien die student dit verlang.

### 3.2.2 Die leerdersentriese aard van die prosesbenadering tot skryf

Die leerdersentriese aard van die prosesbenadering tot skryf kan 'n oplossing bied vir die vele probleme wat gepaardgaan met 'n onderwysersentriese benadering tot prosa-onderrig. Calkins (1988:108) sê die volgende oor die prosesbenadering tot skryf: "The writing process does not fit into teacher-led, whole-class methods of instruction". Dit wyk dus af van die tradisionele klaskamersituasie wat in Hoofstuk 2 beskryf is. Kenmerkend van die prosesbenadering tot skryf is aktiewe studentedeelname aan en ondervinding in die leerproses asook samewerking en kommunikasie in kleingroepe.

In hierdie leerdersentriese benadering word die tradisionele klaskamer in 'n werkswinkel met 'n ontspanne en veilige atmosfeer omskep, waar dit gons van bedrywighede. Groepe studente neem konstruktief aan die leerproses deel deur in kleingroepe as 'n span saam te werk en mekaar te ondersteun. Daar word voldoende geleentheid gebied om binne 'n konkrete taalsituasie kommunikatiewe kennis en vaardighede te ontwikkel, deur te redeneer, vrae te stel, te bespiegel, te debateer, te bespreek, te voorspel, ens. Dit berus op 'n verhouding van gee en neem deurdat studente van en vir mekaar leer. Daar word volop geleentheid gebied om gesprek- en skryfstrategieë te ontwikkel. Gere en Stevens (1985:96) sê "Here group members pool intellectual resources to help one person develop an idea or find the right way to approach a question".

Hierdie benadering bied sodoende voldoende afwisseling binne die klaskamer deurdat studente in groepverband optree as navorsers, beplanners, skrywers, gehoor, lesers, evaluateerders, raadgewers, redakteurs/redaktrises en publiseerders. Met die dosent se begeleiding na 'n doel, en spanwerk, word daar tot voordeel van elke individu gewerk.

### 3.2.2.1 Groepwerk

In hierdie skripsie word daar melding gemaak van drie verskillende groepindelings, nl. werkgroepe, responsgroepe en joernaalgroepe. Hierdie groepe wat 'n gemeenskaplike doel voor oë het, werk grotendeels onafhanklik van die dosent en word op verskeie maniere by die leerproses betrek.

#### Werkgroepe

Elke lid van hierdie groep is mede-verantwoordelik vir die versameling van data, die vorming van betekenis, die beplanning, skryf en verbetering van konsepskrifte en die publisering van die finale produk. Wanneer hulle tydens inhoudkonferensies byeenkom om 'n teks te bespreek, word daar ook geleentheid gebied om aanhalings uit die leesjoernale met mekaar te deel. Die finale verantwoordelikheid vir die skryf van en verandering aan konsepskrifte berus ook by die werkgroep, dit wil sê hulle behoort na die kommentaar en aanbevelings van 'n ander groep hul diskressie te gebruik oor aanpassings wat gemaak kan word. Calkins (1986:135) vra: "Why must everybody's good ideas and everybody's key questions be grafted onto a piece of writing?".

#### Responsgroepe

Verskillende skrywers gebruik verskillende terme om na responsgroepe te verwys. Schiff (1982:153) praat byvoorbeeld van "peer critiques". Omdat daar moontlik 'n negatiewe konnotasie aan die woord *kritici* geheg kan word, gebruik ek verkiekslik die woord *responsgroepe*. Hierdie groepe funksioneer hoofsaaklik tydens evaluering- en redigeringkonferensies met die doel om as gehoor te dien, te beoordeel en respons te lewer.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

Wanneer responsgroepe evalueringkonferensies hou, is dit belangrik dat hulle van duidelike en eenvoudige riglyne voorsien word om sinvolle respons te ontlok. Hulle kan byvoorbeeld sekere geskrewe vrae wat vooraf deur die dosent verskaf is, tydens die lees van 'n konsepskrif in gedagte hou soos: Is die feite duidelik en logies oorgedra? Is daar verband tussen paragrawe? Calkins (1986:119) sê "it is important to ask questions of students that help them interact with their work in progress". Ook Schiff (1982:154) stel voor dat responsgroepe in hul rol as kritici begelei moet word.

Nadat 'n responsgroepe 'n konsepskrif kritis gesnees het, word kommentaar gelewer en aanbevelings gemaak met die doel om werkgroep te help soek na beter, en meer akkurate instrumente om betekenis duideliker oor te dra. In die proses kan werkgroep woorde, frases of sinne op aanbeveling van responsgroepe byvoeg, weglaat, kombineer of verander. Skrywers leer dus om hul eie werk kritis te lees, te reflekter en daarvandaan verder te beweeg na nuwe idees.

Nadat die nodige aanpassings deur 'n werkgroep gemaak en die ontwerpskrif herskryf is, kan dit opgevolg word deur 'n redigerkingkonferensie deur die responsgroepe. Die skryfstuk word dan geproeflees om hoofsaaklik tegniese probleme uit die weg te ruim. Lyons (1981:43) beveel aan dat aanpassings wat reeds deur werkgroep gemaak is, deur responsgroepe gekontroleer moet word om te sorg dat dit goed inpas. Dis egter belangrik dat hierdie groepe optree as lesers van konsepskrifte, want volgens Kennedy (in Wiener 1981:40) sien skrywers nie juis hul eie foute raak nie. Hy sê "when they reread their own papers for errors, students are so familiar with what they meant to say that they often miss mistakes". Volgens Curzon (1986:210) is groepoordeel dikwels meer akkuraat as dié wat voortspruit uit 'n individuele ontleding

van 'n probleem. Sodoende word 'n werksverhouding tussen werkgroepe en responsgroepe geskep.

### Joernaalgroepe

Joernaalbesprekings of logboekbesprekings is 'n ander vorm van mondelinge interaksie tussen studente om persoonlike betrokkenheid by die leeraktiwiteit teweeg te bring. Volgens Reed (1988:53) kom *responsgroepe* byeen om logboekinskrywings met mekaar te deel, maar omdat dit respons van 'n ander aard as by die beoordeling van 'n konsepskrif is, sal ek in hierdie geval die term *joernaalgroepe* gebruik. Om praktiese redes soos later sal blyk in Hoofstuk 4 sal hierdie term ook verwarring uitskakel. Volgens Flinn (onbekend b) is die doel van joernale "to record rapid-fire unedited writing." Sy sê verder dat hierdie respons op eksperimente, onderhoude, leeswerk en klassessies as materiaal vir formele skryfwerk kan dien. Vir die doel van hierdie skripsie kom joernaalgroepe veral byeen om persoonlike joernale met mekaar te deel. Aangesien dit vertroulike inskrywings kan bevat, hoef studente nie alles te deel nie.

Soos blyk uit bogenoemde uiteensetting is die prosesbenadering tot skryf gegrond op groepsamewerking.

#### 3.2.3 Die opvoedende waarde van groepsamewerking

Samewerking kan 'n verrykende ondervinding vir elke student wees, omdat dit meer geleenthede bied vir geestelike, sosiale en intellektuele ontwikkeling.

Groepsamewerking maak die hantering van take wat tradisioneel as die terrein van die onderwyser beskou word, moontlik. Omdat groepe grotendeels onafhanklik van die dosent werk, word eie inisiatief, 'n verantwoordelikheidsgevoel en selfstandige denke geprikkel en

makliker aangekweek as in 'n asosiale, dosentsentriese benadering.

Die prosesbenadering tot skryf bied onderwysstudente geleentheid om binne die klaskonteks as leerders sowel as onderwysers in die leerproses op te tree, omdat die proses groepdeelname aan evaluering, redigering, publisering, ens. insluit. Studente maak sodoende met alle fasette van die skryfproses kennis deur as skrywers, lezers, evalueerders, raadgewers en redakteurs op te tree. Dis juis wat Calkins (1986:271) in gedagte het as sy sê "enfranchise students as teachers and they will become learners".

Kleingroepbesprekings gee verder aanleiding tot 'n proses van ontdekking deurdat daar in groepverband gepraat, gedink en geskryf word. Die uitruil van inligting skep 'n ryk basis vir deeglike bespreking en verkenning van die onderwerp. Sodoende word leemtes gevul waar inligting ontbreek en gedagtes word deur gesprekvoering met andere verhelder. Geleenheid word ook geskep om persoonlike ervarings, wat verband hou met die teks, te deel. Curzon (1986:210) sê dat selfs konflik en meningsverskil wat uit 'n lewendige bespreking ontstaan, die begin van nuwe ontdekings kan wees. Deur bydrae van verskillende individue in die groep, word ruimte vir verskillende perspektiewe en interpretasies geskep. Sodoende word eensydige perspektiewe of tunnelvisie, misinterpretasies en onduidelikhede vroegtydig uit die weg geruim. Laterale of sydelingse visie word ontwikkel.

Groepsamewerking bring bowenal geestelike verryking mee. Die stilte van die tradisionele klaskamer maak plek vir besige gongsgroepe waar kommunikasie vrylik en spontaan plaasvind bv. deur idees en inligting uit te ruil, menings te opper en te redeneer. Selfs humor, 'n spontane uitvloeisel van portuurgroepbesprekings, dra by tot 'n ontspanne atmosfeer. Vanweë die informaliteit en natuurlikheid daarvan is dit 'n genotservaring vir studente en 'n meer positiewe en veilige

atmosfeer waarbinne studente na hartelus met taal kan eksperimenteer, word geskep. Sodoende word hul selfvertroue ontwikkel. Skugter leerders raak bv. ontslae van inhibisies en voel veilig om hulp te vra en aan te bied. Selfs vrae wat voorheen as "dom vrae" bestempel is, word aan die dosent gestel, omdat dit namens die groep gedoen word. Die uitruil van idees, en die selfontdekking van betekenis in groepverband, bring opgewondenheid binne die groep mee. 'n Natuurlike kommunikasiesituasie word geskep en die gevoel van inrigtinggebondenheid verdwyn. Geestelike traagheid wat dus gewoonlik tydens die alleenspraak van die dosent ondervind word, word uitgeskakel en studente is meer gemotiveerd.

Verder word inligting wat deur die groep self ontsluit of ontdek is, gewoonlik langer onthou. Boonop dra al die idees en inligting wat as gevolg van samewerking gekollasioneer word, daartoe by dat die skryfaktiwiteit nie so 'n groot bedreiging inhoud as wanneer 'n taak selfgesentreerd is nie. Na deeglike ondersoek en verkenning soos in inhoudkonferensies, voel skrywers in die meeste gevalle voldoende ingelig oor 'n onderwerp en voorbereid vir die skryftaak.

Aktiewe deelname aan die onderrigsituasie en bydrae tot die groep help om studente se selfbeeld te ontwikkel. Hulle raak bewus van hul potensiaal en persoonlike waardes, en interne vrese en twyfel oor hulself kan sodoende oorkom word. Gevolglik word die klaskamer die area waar daar aan die selfkonsep van studente gebou word. Studente met 'n positiewe selfbeeld stel hoër eise aan hulself en is meer gemotiveerd, wat soos reeds gesê, verder aanleiding gee tot akademiese ontwikkeling. Die prosesbenadering tot skryf kan dus as gevolg van die deelnemende en koöperatiewe aard daarvan grootliks bydra tot 'n aangename en suksesvolle leerondervinding. Calkins (1986:108) sê "When pupils are

encouraged to collaborate, to pool their energies in reading and writing workshops, they bring a fierce amount of enthusiasm and dedication to the classroom".

Hierbenewens bied interaksie in kleingroepe meer geleenthede vir taalgebruik in werklik, konkrete taalsituasies. Sodoende word studente sosiaal verryk en hul beheer oor en hantering van die taal word verbeter. Die gehalte van geskreve en mondelinge kommunikasie, asook ander taalvaardighede en hul redenasievermoë word ontwikkel.

Ook wat intellektuele verryking betref, speel samewerking 'n belangrike rol. Deur skryfkonferensies soos inhoud-, ontwerp- en evalueringkonferensies leer minder bekwame studente van die bekwames. Meer bekwame skrywers kan bv. maniere voorstel om nie-logiese, verwarrende en onsamehangende idees in goed georganiseerde skryfwerk te verander.

Samewerking in kleingroepe neem verder die fokus weg van 'n enkele gesagsfiguur en maak studente minder afhanklik van die dosent. Volgens Schiff (1982:153) voel onervare skrywers minder bedreig as hul konsepskrywes, byvoorbeeld, eers deur hul mede-studente gelees en bespreek word, alvorens dit vir evaluering deur 'n vakkundige voorgelê word. Portuurgroepkonferering verminder dus vrees vir mislukking, die moontlikheid van skrywersblokkasie, en verplig skrywers om skryfwerk krities te lees en daaroor te reflekteer. Calkins (1986:129) sê sonder portuurgroepkonferensies voel die leerkragte soos "Pied Pipers", want studente volg die leerkrag sonder om hul eie inisiatief te gebruik.

Groepevaluering, hersiening en redigering van konsepskrywes kan 'n baie waardevolle toepassing vir enige student, maar veral onderwysstudente, wees. Met die dosent as fasilitaerde, duidelike riglyne en 'n kontrolelys vir evaluering, kan studente baie van en vir mekaar leer. Deur samewerking binne die klaskonteks word onmiddellike

evaluering en terugvoering moontlik gemaak. Dis baie effektief, omdat aanbevelings en aanpassings onmiddellik kan plaasvind. Gere en Stevens (1985:102) sê "Students in writing groups have the advantage of immediacy in time and space. They can address the writer in person rather than through the more distant medium of a red pen, and they can offer response as soon as the passage is read". Kommentaar deur die responsgroep tydens evalueringkonferensies bied skrywers die geleentheid om uit te vind hoe 'n werklike gehoor op hul skryfwerk reageer. Die skrywers raak sodoende bewus van die belangrikheid om betekenis duidelik oor te dra, sodat dit vir die lezers of gehoor verstaanbaar is. Hulle raak ook bewus van die belangrikheid van deeglike beplanning en besinning voor die skryfaktiwiteit. Dit kan daartoe lei dat die skrywer se houding teenoor skryf verander en hy algemene kriteria of strategie vir effektiewe skryf internaliseer. Studente word sodoende in staat gestel om hul eie skryfwerk krities te beskou, en self die gehalte daarvan te verbeter. Volgens hierdie metode word alle studente geleentheid gebied om suksesvol te wees. Calkins (1986:129) sê "When children ask questions of each other they learn to ask questions of their own emerging texts".

Selfs dosente vind baat by studentesamewerking. Sodoende hoef die dosent alléén nie al die probleme en vrae van studente te behartig nie. Hersiening en redigering in groepverband is meer sinvol as in die tradisionele benadering, omdat dit plaasvind voor die finale evaluering. Wanneer die dosent op 'n latere stadium, dit wil sê ná die portuurgroep-evaluering, optree as kritikus is die meeste van die onsamehangende of verwarringe sinne al gediagnoseer en is die gehalte van die skryftaak aansienlik verbeter. Ook die hoér gehalte van die finale produk, as gevolg van hehaaldelike verfyning van konsepskritte deur die werkgroepe, verminder die nasientyd van die dosent.

aansienlik. Terugvoer deur die dosent sal dan aansienlik vinniger wees.

Ook joernalinskrywings en -besprekings hou baie voordele vir beide dosent en student in. Leesjoernalinskrywings en -besprekings in kleingroepe laat studente dink, terwyl daar gelees word, en nadat daar gelees is. Sodoende word deegliker aandag aan die teks geskenk. Studente leer dus om krities te lees en betrokke te raak by die leerstof deur dit te bevraagteken, te analyseer, te vergelyk, ens. Hulle maak ook nuwe materiaal hul eie deur idees in hul eie woorde te omskryf soos in die *précis* en parafrase. Daar word vanaf 'n blote opsomming na interpretasie en evaluering van materiaal beweeg. Hulle kan selfs die idees van die portuurgroep verken en daarop voortbou. Studente skep betekenis vir hulself, eerder as om korrekte antwoorde van die leerkrag te verwag. Hulle beweeg vanaf ekspressiewe skryf vir hul eie doeleindest na transaksionele skryf vir 'n groter en meer objektiewe gehoor.

Selfs persoonlike joernalinskrywings is belangrik, omdat dit 'n terapeutiese uitwerking op studente het. Hulle kan daardeur al hul gevoelens wat verband hou met klassessies, ontlaai. Hulle word ook die geleentheid gebied om hierdie gevoelens met die joernalalgroep te deel en hul reaksie daarop te verkry. Selfs dosente baat hierby. Omdat probleme deur middel van joernalinskrywings en -besprekings vroegtydig ontdek kan word, kan hulle daarop gereageer, voordat meer skade berokken kan word.

Namate studente uit ondervinding bewus word dat skryf 'n proses is, en dat hulle die ondersteuning van die portuurgroep het, sal hulle meer positief teenoor die skryfaktiwiteit wees. Gevolglik word hul houding teenoor foute verander en hulle is meer ontspanne. Hulle ervaar dat 'n rykdom van informasie in foute opgesluit lê en dit word die rigtingwysers waar verbetering aangebring kan word. Dit

gee ook die lesers insig in die dinkproses van skrywers, en help hulle om die skrywers in die regte rigting te stuur. Foute word dus deur die groep ervaar as stappe in die leerproses.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

Hierbenewens bied konferering in groepverband studente sowel as dosente die nodige vryheid en buigsaamheid om diagnostiese- en konferensiestrategi te verfyn en om met nuwe strategi en tegnieke te eksperimenteer.

Samevattend help aktiewe deelname en samewerking binne die kleingroep studente om 'n beter verstandhouding en samehorighedsgevoel te skep. Dit bied geleentheid om verskillende gedragskodes, rolle en perspektiewe te beoefen, waaruit persoonlike identiteit ontwikkel. Geleenthede word raakgesien en nuwe vaardighede word op die proef gestel. Positiewe verhoudings word geskep en terselfdertyd word kritiese denke en redenasievermoë ontwikkel. Volgens Graves (in Giroux 1987:178) is dit noodsaaklik dat onderwysers sosiale verhoudings skep om studente die geleentheid te bied om te kommunikeer "...and to appreciate the nature of difference as both a basis for democratic tolerance and as a fundamental condition for critical dialogue and the development of forms of solidarity rooted in the principles of trust, sharing, and a commitment to improving the quality of life." Ook wat Napier (1985:431) betref, voorsien studente-interaksie in die intellektuele, sielkundige en sosiale behoeftes van die student. Hy sê "It is through interactions with others that all social and psychological development takes place, including the transitions to higher level reasoning, taking the perspectives of others, and taking long-term perspectives necessary for delaying gratification and controlling impulsive behaviour".

### 3.3 SAMEVATTING

Vanweë die holistiese, kommunikatiewe, koöperatiewe en leerdersentriese aard van die prosesbenadering tot skryf kan studente gehelp word om akademies te ontwikkel, en om hulle voor te berei vir die volwasse wêreld. Waardevolle samewerkingstegnieke en -metodes kan aangeleer word om bv.

probleme aan te pak en op te los, groepkonflik te verminder, konsensus te bereik of oplossings vir probleme te vind. In 'n demokratiese samelewing is hierdie tipe vaardighede van groot belang. Letterkunde is nie die enigste nie, maar één vakrigting waarin hierdie benadering waardevol is.

Hierdie studie wil aantoon dat as daar in die psigologiese, intellektuele en sosiale behoeftes van studente voorsien word, die leerproses 'n nuwe belewenis sal word, wat hul houding teenoor leer kan verander.

As gevolg van ondervinding wat op kollegevlak deur middel van die prosesbenadering tot skryf opgedoen kan word, kan beter toegeruste onderwysers die veld ingestuur word. 'n Onderwyser is in baie opsigte die produk van die inrigting waar opleiding ontvang is. Metodes wat daar gevolg word, beïnvloed sy siening van en houding teenoor die onderwys.

In die volgende hoofstuk volg 'n konsepkurrikulum vir prosa-onderrig wat vir onderwysdiploma-studente ontwerp is. Dis gebaseer op die prosesbenadering tot skryf met die fokus op metodes van samewerking tussen leerders met die doel om hulle te help om akademies te ontwikkel.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## HOOFSTUK 4

### TOEPASSING VAN DIE PROSESBENADERING TOT SKRYF IN PROSA-ONDERRIG

#### 4.1 INLEIDING EN ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die doel van hierdie studie is om samewerking in die skryfklaskamer by die aanbieding van prosa as medium vir akademiese ontwikkeling te ondersoek. Om hierdie doel te bereik, word die prosesbenadering tot skryf in die onderrig van prosa toegepas.

Die doel van groepsamewerking is om groter betrokkenheid by die leerproses te verkry en om taalvaardigheid en dinkvaardigheid te verbeter. Soos studente die skryfproses internaliseer, betrokkenheid saam daarmee toeneem, en vaardighede ontwikkel, neem hulle algaande meer verantwoordelikheid vir hul eie leerproses, steun hulle minder op die dosent en word hulle meer onafhanklik. Hierdie proses behels intellektuele, emosionele en sosiale ontwikkeling. Sodoende word studente beter toegerus om aan die eise van hul voorbereidende onderwysstudies te voldoen. Dit het tot gevolg dat beter toegeruste onderwysers deur onderwysopleidingsinstansies gelewer word, wat 'n kringloop van beter onderwys kan veroorsaak. Die algehele doel van die benadering wat in die studie aangewend word, is dus om 'n dinamiese leerproses aan die gang te sit, wat deur onderwysstudente 'n nuwe gees van eiewaarde, selfverantwoordelikheid en algemene bemagtiging in skole sal teweegbring. Hierdie studie is maar 'n klein deeltjie van die groter proses wat deur die Kaapse Skryfprojek aan die gang gesit is, en steeds gevoed word.

Die meer spesifieke doel van hierdie studie is om op tegnieke van samewerking in die prosesbenadering te fokus om studente te leer dat hulle gesamentlik beskik oor bronne wat

dikwels in die verlede nie ontgin is nie, dat hulle self baie kan leer deur mekaar te help, en dat die dosent nie die enigste bron van inligting in die klaskamer is nie.

Die prosawerk wat vir die realisering van hierdie doelstellings bestudeer word, is **Die Jerigo-krisis** deur André Jansen wat in 1990 vir Onderwysdiploma I-studente voorgeskryf is deur die Departement van Onderwys en Kultuur.

#### 4.2 PRAKTISE OORWEGINGS

Die prosesbenadering tot skryf verander die klaskamsituasie vanaf die geïnstitutionaliseerde onderwysergesentreerde opset tot 'n werkswinkel wat 'n meer ontspanne en informele atmosfeer het. In Hoofstuk 2 is verduidelik dat so 'n werkwyse nog nie algemene praktyk is nie - ten minste nie by onderwyserskolleges wat ressorteer onder die Departement Onderwys en Kultuur nie. Daarom sal dit vir die eerstejaarstudente wat *Die Jerigo-krisis* moet behandel, ook vreemd wees. Hul respons op die benadering sal dus besonder waardevol wees.

Die leerkrug se rol in die werkswinkel is dié van fasilitateerder, of begeleier op pad na 'n doel of soos dit in die Ferguson-Florissant Writer's Project (1989:78) beskryf word, 'n "learning companion" wat vrae stel, luister en waarneem. Kort insette van ongeveer vyf minute word egter wel gemaak. Calkins (1986:168) noem hierdie insette mini-lesse, en beskryf dit as "nutshell meetings" of "writing huddles" om die karakter en eenvoud daarvan te beskryf. Tydens hierdie insette word wenke, vrae en opdragte gegee. Die res van die tyd kan studente saampraat, terwyl die leerkrug tussen groepe beweeg en waarneem of 'n enkele vraag stel om 'n bespreking wat van koers af wyk, in 'n meer produktiewe rigting te stuur. Calkins (1986:120) sê die volgende oor leerkragte: "Our job in a writing conference is to put ourselves out of a job, to interact with students in

such a way that they learn to interact with their own developing texts."

Omdat die student in 'n werkswinkelsituasie 'n groter rol speel in die leerproses, word hul taak vergemaklik indien die skryfklaskamer gerieflik toegerus word met die nodige hulpmiddels soos leêrs, swart penne, naslaanwerke, transparante, 'n skryfbord, skryfpapier, krammasjiene, skêre, karton, ens. Vir die doel van hierdie ondersoek word drie leêrs - verkieslik in drie afsonderlike kleure - per student benodig. Een van die leêrs word gebruik om 'n rekord te hou van al die skryfpogings. Sodoende het studente sigbare bewys van die geleidelike verfyning van hul skryfwerk totdat die eindproduk gepubliseer kan word. 'n Tweede leêr word gebruik om joernale bymekaar te hou, en 'n derde leêr vir werkvelle.

Verskillende kleure penne is van groot nut. Wanneer 'n student 'n konsepskrif met 'n blou pen skryf, word aanpassings op dieselfde bladsy gedoen word met 'n groen pen, en die volgende keer dalk met 'n rooi pen. Sodoende word onnodige en moeisame herskrywery uitgeskakel. 'n Pen wat goed dupliseer is egter 'n vereiste. Die doel van hersiening en redigering is juis dat studente trots moet voel op die gehalte van hul gepubliseerde werk. Titels en opskrifte, name van skrywers en inhoudsopgawes kan dan later aangebring word.

Boekrakke - wat verkieslik kan sluit - moet met gesikte naslaanwerke soos woordeboeke, die Woordelys en Spelreëls, grammatikaboeke, ens. toegerus wees. 'n Staalkabinet waarin leêrs en ander hulpmiddels gebêre kan word, is ook van nut.

Visuele hulpmiddels soos 'n skryfbord en 'n bulletinbord is belangrik. Die skryfbord is een van die oudste en waardevolste hulpmiddels wat onmiddellike sigbaarheid aan idees en inligting verleen, en tegelykertyd vir die hele

klas waarneembaar is. Die bulletinbord kan bydra om die gewenste atmosfeer vir 'n werkswinkel te skep. Plakkate, gediggies, voorbeelde van goeie skryfstukke, en enige ander pogings deur die studente self, kan daarteen of teen die mure aangebring word. Van al die toerusting wat van hulp kan wees in die toepassing van die prosesbenadering tot skryf, is dupliseerfasiliteite egter die nuttigste. Soos reeds aangedui, is publisering 'n integrale deel van die skryfproses.

Die kollege waar die navorsing gedoen word, kan nie aan al genoemde behoeftes voldoen nie. Dit beskik egter oor die meeste basiese fasiliteite soos skryfborde, bulletinborde, naslaanwerke, transparante en skryfpapier, sowel as oor 'n dupliseermasjien. Aangesien daar nie 'n staalkabinet of 'n boekrak in die lokaal is nie, beoog ek voorlopig om elke dag die hulpmiddels en lêers saam te dra. Vir die navorsingsprojek was ek ook gelukkig om kakiekleurige lêers te bekom, sowel as swart penne, en 'n sterk pen wat goed kan dupliseer. Hierbenewens kan sommige studente hul eie krammasjiene en krammetjies, skêre, Tippex, verskillende kleure penne en potlode voorsien.

Die rangskikking van sitplekke dra grootliks by om die gewenste ontspanne en veilige atmosfeer te skep. Dit is bv. belangrik vir studente om tydens konferering oogkontak met mekaar te maak. In dié geval is 'n U- en C-vormige uitleg vir grootgroepbesprekings ideaal. Wat kleingroepbesprekings betref, is 'n sirkel egter beter. Los stoele is ook meer geskik as banke, want die rangskikking van sitplekke moet tydens een sessie kan verander om by die aktiwiteit aan te pas. Die Kollege gebruik gelukkig reeds los stoele, met die gevolg dat die klas heel beweeglik sal wees.

Die grootte van groepe dra by om die gewenste klasatmosfeer te skep. In hierdie studieprojek word 'n groep gedefinieer as 'n subdivisie van die klas bestaande uit drie tot vyf

lede wat onafhanklik van die dosent werk. Drie groepsamestellings nl. die werkgroep, die responsgroep en die joernaalgroep word hier benut. Die werkgroep beplan, skryf, en redigeer saam; die responsgroep lewer respons en beoordeel konsepskrifte; die joernaalgroep wat bestaan uit vyf lede, een uit elke werkgroep, opereer as 'n geselsirkel.

Vir die doel van saamskryf veral, en van redigeringskonferensies, beveel ek kleingroepies van drie aan wat langs mekaar stelling inneem. Die sekretaris of sekretaresse kan in die middel stelling inneem met die ander twee groeplede aan weerskante. Sodoende kan al drie groeplede die teks beter volg terwyl 'n konsepskrif geskryf of 'n produk geproeflees word.

Die Ferguson Florissant Writer's Project (1989:78) beveel aan dat groepe op 'n kwartaalbasis gekies moet word. Wat betref die huidige onderwysstelsel, maar veral ook met die oog op 'n toekomstige onderwysstelsel, is die aanbeveling dat daar 'n balans moet wees wat betref agtergrond, ouderdom en skryfvaardighede, belangrik. Daar word verder 'n aanbeveling gemaak wat betref naamgewing aan verskillende groepe. Dit is inderdaad makliker en meer pret om groepe by die naam te noem, eerder as om nommers toe te ken, of na groepe te verwys as "daardie groep". Vir die doel van hierdie projek word groepe konstant gehou omdat die werk om een boek sentreer.

Met die uiteensetting van die lesplan wat hierna volg, is die bedoeling nie om dogmaties en voorskriftelik te wees wat betref die metode van onderrig nie. Die benadering word in dieselfde gees van buigsaamheid waarin dit gekonsipieer is, toegepas. Aktiwiteit word nie afsonderlik bedryf nie, maar vloeи inmekaar. Tydbesteding kan ook aangepas word na aanleiding van die vlak van studente. Aangesien die klas soos 'n werkswinkel bedryf word, word daar nie verwag dat

vordering altyd volgens plan verloop nie. Aanpassings word dus algaande gemaak.

Daar is een belangrike voorbehoude wat hier gestel moet word. Dit is dat die prosesbenadering tot skryf, hoewel dit bevorder word deur die beskikbaarheid van fasiliteite, nie afhanklik is daarvan nie. Die skryfproses kan sekerlik nie beoefen word sonder die minimum skryfbehoeftes nie, maar selfs publisering kan op velerlei oningewikkeld en goedkoop maniere bewerkstellig word. Deur selfs net die studente se werk saam te kram of hulle geleentheid te bied om in groepies hul werk hardop te lees, kan die gewenste effek verkry word.

#### 4.3 KONSEPKURRIKULUM EN ONMIDDELLIKE KOMMENTAAR

##### VOORBEREIDING

Wat voorkennis oor die tema van die boek betref, word studente vroegtydig versoek om data oor die onderwerp te versamel by wyse van waarneming, artikels uit koerante en tydskrifte, onderhoude, idees uit die geheue, ens. Aangesien die tema op 'n werklike en resente gebeurtenis in die student se eie lewenstylperk (1984) gebaseer is, word knipsels, pamphlette en inligting oor die betrokke organisasie vroegtydig in die biblioteek beskikbaar gestel. Studente word aangeraai om aantekeninge te maak wat kan dien as materiaal vir mondelinge en skriftelike sessies. Benewens die voorafleeswerk, word die film, *The Road to Freedom* ná ure, tydens die behandeling van die boek, vertoon.

**WEEK 1: LES 1: PROSESSKRYFAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE,  
ONTWERPSKRYF**

**INHOUDKONFERENSIE**

Werkgroepe bespiegel oor die titel, ruimte, annotering en atmosfeer van die verhaal, en skryf na aanleiding van vrae kort aantekeninge.

**DOEL**

Om 'n konteks vir die verhaal te skep;

om te probeer uitvind wat die moontlike inhoud van die verhaal is;

om kritiese denke en redenasievermoë te ontwikkel;

om aktiewe denke te stimuleer;

om selfvertroue binne die kleingroep aan te moedig.

**GROEPERING:** 3

**TYDSDUUR:** 15m

**HULPMIDDELS:** Prosawerk  
Werkvel 1  
(kyk Appendix A)

**OPDRAG**

Bestudeer die stofomslag, en maak voorspellings oor die inhoud van die prosawerk op grond van die titel, die illustrasie op die stofomslag, en die annotasie op die agterblad.

Bespreek en skryf enkele punte neer oor:

- die moontlike betekenis van die titel,
- die annotering,
- die moontlike atmosfeer in die verhaal, en
- die ruimte waarin die verhaal moontlik afspeel.

## KOLLASIONERING

Terwyl alle studente aangemoedig word om vrylik insette te lewer, skryf die dosent die idees op die skryfbord by wyse van die vrye assosiasie-tegniek. Ontbrekende inligting word by wyse van die vraag-en-antwoordmetode ontlok.

## DOEL

Om almal se idees en inligting byeen te bring tot voordeel van elke groeplid;

om studente op 'n verkennings- en ontdekkingstog te lei;

om soveel as moontlik idees te versamel wat as materiaal vir die ontwerp-skryfaktiwiteit kan dien;

om oorspronklike en kreatiewe respons te ontlok;

om 'n oorkoepelende bord-skema te ontwikkel wat sigbaarheid verleen aan idees.

GROEPERING: hele klas

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Skryfbord  
of Transparant

## ONTWERPKONFERENSIE EN KONSIPIËRING

Werkgroep oorweeg nuttige stof, sif en rangskik inligting, en skryf.

### DOEL

Om studente te laat dink en beplan voordat die konsepskrif geskryf word;

om losstaande brokkies inligting aanmekaar te skakel, sodat dit 'n verbandhoudende geheel vorm;

om vereistes vir 'n opstel in te skerp;

om studente die geleentheid te bied om te konsipieer, en sodoende die ondersteuning van die werkgroep te benut;

om groepsamewerking te bevorder.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Werkvel 2  
(kyk Appendiks I A)

### OPDRAG

Bespreek maniere om materiaal te sorteer en orden, sodat die verskillende aspekte in opstelvorm bespreek kan word.

Let op die volgende vrae wat gestel kan word om 'n opstel te evalueer en begin skryf.

### Inleiding

Is dit kort en kragtig? Prikkel die inleiding die leser om verder te lees? Lei dit die onderwerp in?

### Liggaam

Is daar verband/samehang tussen paragrawe? Is elke paragraaf 'n afgeronde geheel? Word slegs een aspek in elke paragraaf behandel?

### Slot

Is dit kort en kragtig? Is die slot samevattend? Rond dit die opstel behoorlik af?

### TUISAKTIWITEITE

Studente werk tuis aan die opstel.

### KOMMENTAAR

Die kursus was veronderstel om aan die begin van die tweede semester 'n aanvang te neem, maar vanweë ontwrigting by die

kollege a.g.v. klasseboikotte, is dit met bykans 'n maand vertraag. Die gevolg is dat die onderrigtyd aansienlik ingekort is. Voordat daar dus met die kursus begin kon word, is die vernaamste vereiste van die prosesbenadering tot skryf, naamlik genoeg tyd vir studente om betrokke te raak by die werk, reeds beïnvloed. Soos menige keer vantevore moes ons noodgedwonge aanpas by die omstandighede. Daarom het ek strategieë beplan om vinniger deur die prosawerk te beweeg. Reeds in die eerste les het dit egter geblyk dat die hoeveelheid werk steeds te veel is vir die beskikbare tyd. Deur hierdie omstandighede word ek verplig om ook strategieë aan te wend wat ek as minder geskik vir die suksesvolle bestudering van die skryfproses beskou. Hierdie strategieë word in die kommentaar uitgelig vir kritiese bespreking.

In die eerste les het die eerste en tweede aktiwiteite bo verwagting goed verloop. Dit het voorgekom asof die studente dit baie geniet het. By die kollasionering het dit geblyk dat studente al die idees wat nodig was sowel as oorspronklike gedagtes, self kon genereer. Dit is 'n sterk aanduiding dat die prosesbenadering vir hulle interessanter moet wees as die tradisionele benadering waar die insette hoofsaaklik deur die dosent gemaak word. As studente wel in staat is om self die inligting te ontdek, moet hulle baie verveeld wees as die dosent alles vir hulle doen. Wat die derde aktiwiteit egter betref, was die tyd heeltemal te min. Werkgroepes kon wel 'n ontwerpkonferensie hou, maar die skryfwerk kon nie in groepsverband binne die klaskonteks plaasvind nie. As gevolg hiervan, en omdat daar geen tydspeling beskikbaar was nie, moes die tuisaktiwiteit aangepas word om die skryfwerk afgehandel te kry. Van saamskryf was daar dus in hierdie les min sprake.

---

WEEK 1: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: EVALUERINGSKONFERENSIE,  
REVISIE EN HERSKRYF

EVALUERINGKONFERENSIE

Reponsgroepe luister aandagtig na die voorlesing van die konsepskrif, skryf neer wat hulle die meeste beïndruk en skryf vrae neer waar onduidelikheid bestaan. Daarna word kommentaar gelewer oor die inhoud en vorm, en aanbevelings gemaak.

DOEL

Om die inhoud en organisasie van die konsepskrif te verbeter;

om kritiese luistervermoë aan te moedig;

om vas te stel wat die effek van die skryfwerk op 'n werklike gehoor is.

om studente die geleentheid te bied om ondervinding in evaluering op te doen;

om studente se pogings te onderskraag met die nodige prysing.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Werkvel 3  
(kyk Appendiks I A)  
Enige kleur pen behalwe rooi en swart

OPDRAG

Luister krities na die eerste voorlesing van die konsepskrif met vraag 1 in gedagte. Tydens die tweede voorlesing moet daar krities geluister word met die ander riglyne in gedagte en lewer kommentaar nadat die hele stuk gelees is:

1. Wat is goed omtrent die skryfstuk?
2. Hou die skryfstuk verband met die opdrag?
3. Reflektereer die skryfstuk 'n plan of struktuur (inleiding, liggaam, slot)? Voldoen dit aan die vereistes wat uiteengesit word in Werkvel 2?
4. Word feite duidelik en logies oorgedra? Indien nie, stel 'n vraag wat die skrywers laat nadink daaroor.
5. Is daar oortollige informasie?
6. Is die doelstelling van die skryftaak bereik?  
Waarom dink jy so?

**Let wel:** responsgroepe moenie self verbeteringe probeer aanbring nie.  
Kommentaar moet so positief en bemoedigend as moontlik wees.

-----

## REVISIE EN HERSKRYF

Na die evalueringkonferensie sif werkgroepdeur die kommentaar en aanbevelings van die responsgroep, en besluit watter aanbevelings toegepas gaan word in hul revisie.

## DOEL

om onmiddellike terugvoer moontlik te maak;

Om betekenis, inhoud, struktuur te verbeter;

om die konsepskrif te herskryf, sodat dit vir die gehoor duidelik is;

om skryfwerk in heroorweging te neem;

om te reflekteer oor die kommentaar van die responsgroep.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDEL: Swart pen  
Blou pen

## OPDRAG

Oorweeg die aanbevelings van die portuurgroep en maak die nodige aanpassings m.b.v. kantaantekeninge. Herskryf die hele stuk met verbeteringe.

Voltooи tuis indien nie heeltemal klaar.

## KOMMENTAAR

Aangesien die evalueringkonferensie 'n nuwe ervaring vir studente was, het hulle meer tyd daarvoor nodig gehad. Ek het om die beurt by responsgroepe ingeskakel om hul reaksie

te monitor en enkele insette te maak waar die behoefte ontstaan het.

Aangesien konsepskrifte voorgelees is en daar geen kopieë was waarop respondenten die voorlesing kon volg nie, het dit studente gedwing om krities te luister, en hulle kon nie op tegniese foute konsentreer soos verwag kan word wanneer hulle die ontwerpskrif voor hulle het nie. Sodoende kon hul aandag bestee aan duidelikheid en betekenis in die inhoud. Wat revisie betref, kon werkgroepe die responsgroep raadpleeg, waar onsekerheid bestaan het oor die kommentaar en aanpassings wat gemaak moes word. Dit het 'n informele gees in die klas bewerkstellig.

---



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## WEEK 1: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: REDIGERINGKONFERENSIE, PUBLISERING, EN JOERNAALINSKRYWINGS

### REDIGERINGKONFERENSIE EN PUBLISERING

Responsgroepe proeflees jongste konsepskrifte, raadpleeg naslaanbronne en dui aan waar spelling, interpunksie en sinstrukture verbeter kan word. Skrywers redigeer self.

### DOEL

Om die produk voor te berei vir publikasie;

om studente die gewoonte en verantwoordelikheid aan te leer om die produk te proeflees en te korrigeer voor inhandiging;

om mekaar te help om die skryfstuk tegnies te versorg;

om produkte beskikbaar te stel vir 'n breër gehoor.

GROEPING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Naslaanbronne  
Swart penne  
Tippex  
Eerste lêer

### OPDRAG

Proeflees die produk een sin op 'n slag. 'n Blanke vel papier wat op die reël, onder die sin geplaas word, kan proeflesing vergemaklik. Let veral op:

- spelling,
- interpunksie en
- sinstrukture.

Gebruik naslaanwerke soos woerdeboeke, Woordelys en Spelreëls, grammatikaboeke of enige ander gesikte bronne.

Een lid uit elke werkgroep skryf titel op voorblad wat vooraf deur die dosent voorberei is, en lewer produk in. (kyk Appendiks I B)

NS

Indien die konsepskrifte nie baie foute bevat nie, hoef hulle nie weer herskryf te word nie, maar kan Tippex gebruik word om korreksies aan te bring.

## INSET DEUR DOSENT OOR JOERNAALINSKRYWINGS

Die dosent lewer insette oor die persoonlike joernaal. Studente kry ook geleentheid om vrae te stel. Daarna word studente deur middel van vraag-en-antwoordtegniek geleei om self inligting oor die leesjoernaal te verskaf. Kernagtige aantekeninge word algaande op transparant ontbloot soos die inligting deur die dosent ontlok word. Inligting wat ontbreek, word deur die dosent aangevul.

### DOEL

Om studente in te lig oor die doel en inhoud van 'n joernaal.

GROEPERING: 22

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Skryfvel  
Skryfbord  
Transparant 1  
Transparant 2a,b en c  
(kyk Appendiks I C)

## JOERNAALINSKRYWINGS

Individuele studente maak inskrywings in persoonlike joernale.

### DOEL

Om uiting te gee aan gevoelens;  
om te reflektereer oor die klassessies;  
om studente te leer ken.

GROEPERING: 1

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Papier  
Tweede leer

## OPDRAG

Hou 'n deurlopende joernaal om jou eerlike gevoelens uit te druk oor bv. die kursuswerk, leeswerk, prosawerk. Hou die inhoud informeel en sonder inagneming van tegniese aspekte. Dit is 'n private inskrywing waaruit jy met ander kan deel wat jy wil. Jy sal nie onder verpligting wees om lede van die klas toe te laat om jou joernaal te lees nie.

## TUISAKTIWITEIT

Lees die eerste hoofstuk, *Voorspel*, en maak kort inskrywings in die leesjoernaal wat as materiaal vir die inhoudkonferensie kan dien. Enkele belangrike aanhalings kan neergeskryf word om in meer besonderhede met die werkgroep te deel of te bespreek.

## KOMMENTAAR

Die evalueringkonferensie het baie tyd in beslag geneem sodat respondentie nie so deeglik kon werk as wat wenslik was nie. As gevolg van die feit dat studente individueel geskryf het, moes elke responsgroep drie skryfstukke evaluateer. Wat die publisering betref, kon die "boekie" nog nie uitgegee word nie, maar werkgroepe kon wel waar daar meer as een geskreve bladsy was kontroleer of bladsye genommer is. Hulle kon ook besluit oor 'n titel, dit op die voorblad skryf, en

name onderaan die skryfstukke aanbring. Die kopiëring van skryfstukke kon egter eers ná die klassessie gedoen word. Dit het tot gevolg gehad dat die voorbereiding van produkte in boekvorm, en die beskikbaarstelling daarvan eers die volgende dag kon plaasvind.

Insette oor die joernale was suksesvol. Dit was veral nie dosentsentries nie. Studente sowel as die dosent het vrae gestel om inligting in te win of te verskaf. Die eerste joernaalkrywings is binne die klaskamer gedoen, sodat studente mekaar kon raadpleeg, indien daar nog steeds onsekerheid was oor aspekte waарoor inskrywings gemaak kon word. Ek dink egter dat nie nodig is dat joernaalkrywings binne die klaskamer gedoen moet word nie. Aangesien sommige inskrywings privaat is en studente stilte nodig het om na te dink en te besin, kan dit eerder buite klasverband gedoen word.

---

UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

**WEEK 1: LES 4: PROSESAKTIWITEITE: PROSESKONFERENSIE,  
KOLLASIONERING EN INSET DEUR DOSENT, INHOUDKONFERENSIE**

**PROSESKONFERENSIE**

Studente word d.m.v. vrae geleei om te reflekteer oor die verskillende fases in die skryfproses waardeur hulle beweeg het.

**DOEL**

Om studente te laat nadink oor die verskillende fases van die skryfproses waardeur hulle beweeg het;

om die verskillende fases van die skryfproses te internaliseer;

om vas te stel wat die studente geleer het oor die skryfproses.

**GROEPERING:** 3

**TYDSDUUR:** 10m

**HULPMIDDEL:** Werkvel 4  
(kyk Appendiks I A)

**OPDRAG**

Lees die vrae op die werkvel aandagting deur en bespreek dit in jul onderskeie groepe:

1. Hoe het julle te werk gegaan om die skryfstuk te produseer? (Het julle onmiddellik begin skryf? Het julle end-uit geskryf of het julle gestop om te dink? Waarom?)
2. Watter tipe vrae is aan responsgroepe gestel?
3. Waarom is sekere sinne deurgehaal, bygevoeg, verbind, ens.?
4. Kan julle nou enige elemente in die skryfproses onderskei? Maak 'n lys.

UNIVERSITY of the  
**WESTERN CAPE**

## KOLLASIONERING EN INSET DEUR DOSENT

Alle antwoorde word na die grootgroep teruggevoer d.m.v. die vraag-en-antwoordmetode. Dosent lig studente in meer besonderhede in oor die prosesbenadering tot skryf, en stel die elemente van die skryfproses skematische voor.p

### DOEL

Om studente in meer besonderhede bewus te maak van die elemente van die prosesbenadering tot skryf;

om studente te lei tot selfontdekking;

om die skryfproses te konkretiseer.

GROEPERING: hele klas

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Transparant 3a  
en b  
(kyk Appendiks I C)

### OPDRAG

Voer antwoorde terug.  
Let op skematische voorstelling en probeer vasstel watter aktiwiteit deur elke sirkel voorgestel word.

## INHOUDKONFERENSIE

Werkgroepe bespreek enkele letterkundige aspekte, onder andere organisasie van gebeure, karakterisering en verteltegnieke, asook kontraste tussen die "twee wêrelde" waarin karakters hulle bevind, in antwoord op die opdrag, en stip inligting neer.

## DOEL

Om mekaar te help om soveel as moontlik inligting en idees as materiaal vir die skryfopdrag te verkry;

om van en vir mekaar te leer;

om studente se aandag te vestig op enkele letterkundige elemente;

om 'n aangename sosiale atmosfeer te skep waarin leer ten volle kan gedy.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Werkvel 5  
prosawerk  
(kyk Appendiks I A)

## OPDRAG

Lees die vrae op die werkvel oor die eerste hoofstuk, *Voorspel*, noukeurig deur, bespreek dit en maak kernagtige aantekeninge. Deel ook ander belangrike inskrywings uit die leesjoernale oor hierdie hoofstuk met die groep.

1. In watter vorm is die verhaal geskryf? (Slegs een woord)
2. Hoe lank duur die vertelde tyd?
3. Wat het jy opgelet i.v.m. die tydsverloop, en die volgorde van gebeure? (Een sin)
4. Noem die karakters met wie jy tot dusver kennis gemaak het en verwys na die kontraste tussen die twee wêrelde in die verhaal.
5. Watter verteltegnieke het die skrywer gebruik om die karakters bekend te stel?
6. Hoe vergelyk die verskillende karakters met mekaar? (Bestee meer tyd)

## TUISAKTIWITEIT

Voltooи vrae individueel, indien nie klaar. Lees die tweede hoofstuk, *Rommelinge*. Dink oor die titel van die hoofstuk, en hoe dit verband hou met die gebeure in die verhaal. Maak inskrywings in die leesjoernaal.

---

#### KOMMENTAAR

Die proseskonferensie het studente aan die dink gesit en dus baie goed verloop. Hulle kon self die fases in die skryfproses identifiseer. Die skematiese voorstelling daarvan op transparant het bygedra om die hele skryfproses te konkretiseer. Indien meer tyd vir die behandeling van die roman beskikbaar was, sou dit egter goed gewees het indien die verskillende werkgroepe self 'n muurkaart kon ontwerp om die verskillende fases in die skryfproses voor te stel.

Die inhoudkonferensie het goed verloop. Alle lede van die verskillende werkgroepe het vrylik bydrae gelewer tot die bespreking. Die prosawerk is telkens geraadpleeg om bevestiging te soek of om onderlinge geskille te probeer oplos. Studente het van mekaar verskil, wat daartoe bygedra het dat hulle meer helderheid oor die betekenis van die inhoud verkry het.

Soos die opgewondenheid oor die bespreking toegeneem het, so het die gegons harder geraak. Daar moes meer as een keer 'n versoek aan studente gerig word om sagter te gesels. Vir my was dit die teken van die sukses van die benadering: die studente was beslis betrokke by die leerproses.

---

WEEK 2: LES 1: PROSESAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE, INSETTE  
OOR DIE VORM VAN DIE ONTWERPSKRIF, ONTWERPKONFERENSIE

INHOUDKONFERENSIE

Werkgroep deel inligting,  
idees en  
leesjoernalinskrywings oor  
*Rommelinge*, veral die  
konflik tussen karakters  
wat die twee bestelle, die  
ANC en S.A regering,  
verteenvoordig.

DOEL

Om inhoud te ontleed en te  
verstaan;

om redenasievermoë te  
ontwikkel;

om kritiese denke te  
prikkel;

om studente aan te moedig  
om dieper te peil as die  
oppervlak;

om studente se aandag te  
vestig op die oorsaak en  
gevolg van gebeure.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Werkvel 6  
(kyk Appendiks I C)

OPDRAG

Lees die vrae op die  
werkvel noukeurig deur,  
bespreek dit en stip  
gedagtes neer:

1. Hoe hou die subtitel  
verband met die gebeure  
in die verhaal?
2. Deur wie en waar is die  
brief gepos?
3. Waarom word die normale  
kanale vir onder-  
handeling met die  
regering nie gevold nie?
4. Watter vier eise word in  
die dreigbrief gestel?
5. Wat beweer die geheime  
organisasie sou die  
gevolge wees indien die  
regering nie aan die  
eise voldoen nie?
6. Hoe het die Eerste  
Minister op die  
dreigbrief gereageer?

INSETTE OOR DIE  
ONTWERPSKRIF

Leerkrug lewer insette oor die verwagte vorm van die ontwerpskrif, in hierdie geval, die parafrase.

1. 'n Parafrase is die vertolking van die betekenis van 'n leesstuk in ander woorde.
2. Daar moet bewys van begrip van leesstuk gelewer word.
3. Die stemming, toon, en atmosfeer van die oorspronklike stuk moet vertolk word.
4. Dis 'n noukeurige omskrywing van die inhoud van elke sin, daarom is dit gewoonlik breedvoeriger as die oorspronklike.

DOEL

Om studente in te lig oor die parafrase,

om studente vertroud te maak met 'n ander vorm van skryf.

GROEPERING: Hele klas

TYDSDUUR: 5m

HULPMIDDEL: Transparant 4  
of Skryfbord  
(kyk Appendiks I C)

-----

## ONTWERPKONFERENSIE EN KONSIPIËRING

Werkgroep span saam om die inhoud van die tweede dreigbrief in 'n parafrase te weergee.

### DOEL

Om studente geleentheid te bied om die inhoud van 'n leesstuk in 'n ander vorm te weergee;

om studente aan te moedig om die inhoud van die brief in hul eie woorde te vertolk;

om studente se begripsvermoë te bevorder;

om studente te leer om 'n leesstuk te parafraseer;

om saam te beplan en te besin.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Papier  
Werkvel 7  
(kyk Appendiks I A)

### OPDRAG

Lees die tweede dreigbrief op p. 67 noukeurig deur totdat julle die inhoud begryp. Onderstreep die kernwoord in elke reël. Teken die kergedagtes in eenvoudige taal onder mekaar aan, terwyl julle die stuk lees. Omskryf nou die gedagtes tot 'n logiese, samehangende en afgeronde geheel in jul eie woorde. Die lengte moet verkieslik nie een bladsy oorskry nie.

### TUISAKTIWITEIT

Skryf persoonlike joernaal.

### KOMMENTAAR

Wat die inhoudkonferensie betref, het enkele groepe lang besprekings oor een spesifieke vraag gevoer met die gevolg dat die tyd onvoldoende was.

Die feit dat enkele studente nie gereeld die klasse bygewoon het nie, het ontwrigting binne die werkgroepe veroorsaak. Hul bydrae tot die groep was gering, omdat hulle nie voorbereid was nie. Gevolglik moes die res van die groep harder werk.

Aangesien die inhoud van die tweede dreigbrief in die verhaal vier reëls beslaan, kon werkgroepe wel die taak hieroor binne die beraamde tydsuur voltooi, maar indien 'n uittreksel meer as ongeveer ses reëls beslaan, behoort meer tyd toegestaan te word. 'n Parafrase is 'n breedvoerige weergawe is van die oorspronklike leesstuk en dit neem gewoonlik baie tyd in beslag.

---



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

**WEEK 2: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: EVALUERINGKONFERENSIE,  
REVISIE, HERSKRYF**

**EVALUERINGKONFERENSIE**

Responsgroepe luister krities na 'n eerste en tweede voorlesing van die konsepskrif. Die eerste keer skryf hulle hul sterkste indrukke neer. Die tweede keer stel hulle skriftelike vrae om duidelikheid te verkry. Daarna lewer hulle kommentaar, so positief en bemoedigend as moontlik, oor die inhoud en struktuur van die konsepskrif, en maak aanbevelings.

**DOEL**

Om die inhoud en organisasie van die konsepskrif te verbeter;

om studente te leer om krities te lees en konstruktief te reageer op 'n skryfstuk;

om studente se pogings te onderskraag met die nodige prysing;

om as werklike gehoor op tree.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDEL: Werkvel 8  
Blou pen  
(kyk Appendiks I A)

**OPDRAG**

Lees die konsepskrif krities met die riglyne soos in Werkvel 8 uiteengesit, in gedagte:

Wat is goed omtrent die parafrase? Soek een positiewe kenmerk van die skryfstuk.

Word die inligting duidelik oorgedra? Indien nie, stel 'n vraag.

Is al die kerngedagtes daar? Indien nie, dui aan wat ontbreek.

Is daar samehang tussen gedagtes? Indien nie, maak aanbeveling.

Is die volgorde logies? Indien nie, lewer kommentaar.

Is die toon en styl van die parafrase dieselfde as dié van die skrywer? (Is dit ernstig soos in die brief?)

Lewer kommentaar en maak aanbevelings.

## REVISIE EN HERSKRYF

Werkgroep lees kommentaar en aanbevelings van die respons groep, oorweeg dit, en maak die nodige aanpassings op dieselfde bladsy en herskryf dan.

Leerkrug beweeg tussen groepe om advies te gee waar dit verlang word.

### DOEL

Om die inhoud van die konsepskrif te verfyn; om studente te leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verbetering van hul eie skryfwerk; om samewerking tussen groepe aan te moedig.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Swart pen  
Potlood

## OPDRAG

Verbeter die inhoud en organisasie van die konsepskrif na aanleiding van die advies van portuurgroep. Gaan selektief te werk. Dis nie nodig om alle aanbevelings te implimenteer nie. Oorweeg die gemotiveerde aanbevelings deeglik, en neem verstandige besluite daaroor. Raadpleeg die hulpbronne tot u beskikking hiervoor.

Maak die nodige aanpassings deur bv. oortollige inligting deur te haal, sinne in die kantlyn by te voeg, en pyletjies, hakies, ens. te gebruik om te herraangskik.

Lees die derde hoofstuk, Skuiwe. Let veral op dagboekinskrywings van Woensdagaand, 28 Mei 1983, en maak kort aantekeninge. Stip kerngedagtes neer of onderstreep.

## KOMMENTAAR

Aangesien dié opdrag 'n antwoord van beperkte lengte vereis het, en elke respons groep slegs één konsepskrif geëvalueer het, kon studente deegliker evalueer. Die tydsduur vir die

evalueringkonferensie was voldoende en die revisie en herskrywery het gemaklik en rustig verloop.

---

**WEEK 2: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: REDIGERING EN PUBLISERING,  
JOERNAALGROEPBESPREKING, INHOUDKONFERENSIE**

**REDIGERINGKONFERENSIE EN  
PUBLISERING**

Werkstukke word uitgeruil en deur die responsgroepe geproeflees om tegniese foute uit te lig. Dit word teruggegee aan die skrywers om die nodige verbeteringe aan te bring. Daarna word produkte ingelewer, en die inhousopgawe, en betiteling daarvan word beplan.

**DOEL**

Om mekaar te help in die opsporing van tegniese foute;

om produkte voor te berei vir publisering;

om studente die verantwoordelikheid aan te leer om werkstukke te redigeer voor inlewering;

om produkte beskikbaar te stel aan 'n groter gehoor.

**GROEPERING:** 3

**TYDSDUUR:** 15m

**HULPMIDDELS:** Naslaan werke

---

**OPDRAG**

Proeflees die produk. Let veral op:

- spelling,
- interpunksie en
- sinstrukture.

Maak gebruik van woordeboeke, Woordelys en Spelreëls, grammatikaboeke of enige ander geskikte naslaanwerk. Lewer produkte in, besluit oor 'n gepaste titel, en skryf dit op die voorblad.

## JOERNAALGROEPBESPREKING

Studente kom in joernaalgroepe (een uit elke groep) byeen om joernalinskrywings te bespreek. Leerkrag neem op 'n afstand waarom nie die gesprekke te inhibeer nie en gaan taktvol te werk om te sorg dat elke groeplid 'n spreekbeurt kry.

### DOEL

Om 'n gevoel van samehorigheid te skep; om persoonlike betrokkenheid by leeraktiwiteit te weeg te bring; om mekaar beter te leer ken; om eerlike gevoelens te uiter en menings te lig.


GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Joernal

### OPDRAG

Kom in joernaalgroepe byeen, rangskik stoele in 'n sirkel en gesels met die groep oor jou joernalinskrywings.



## INHOUDKONFERENSIE

Begriepsvrae en antwoorde wat studente se aandag toespits op redes vir die handeling/optrede van karakters in die derde hoofstuk, *Skuiwe*, word in werkgroepe gedoen. Die werkgroep bespreek moontlike antwoorde, en probeer konsensus daaroor bereik voordat een van die groeplede gedagtes neerstip.

## DOEL

Om studente se begrip van 'n gelese gedeelte te toets;

om misinterpretasies en onduidelikhede uit die weg te ruim;

om die kern van die gelese gedeelte uit te lig;

om gelese gedeelte te analyseer;

om redenasievermoë te ontwikkel.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Prosawerk  
Skryfvel  
Werkvel 9  
(kyk Appendiks I A)

---

## OPDRAG

Bespreek die volgende vrae mondelings:

1. Noem twee redes waarom Gert Cupido toegetree het tot die stryd.
2. Wat is die "Koeberg-goed" (p. 38) waarvoor Gert Cupido vir Alain Mondiale bedank het?
3. Noem slegs die persone wat die vergadering op die aand van 28 Mei 1983 bygewoon het en verduidelik kortlik hul betrokkenheid by die saak.
4. Wat was die doel van die vergadering? (een sin)
5. Bespreek kortlik wat na die vergadering tussen die Eerste Minister en Prof. Bronkhorst plaasgevind het.
6. Verduidelik wat hulle hierdeur wou bereik.

## TUISAKTIWITEIT

Lees weer die derde hoofstuk, *Skuiwe*. Skryf aanhalings waarmee probleme ondervind word, in leesjoernale neer.

---

## KOMMENTAAR

Die redigeringkonferensie het goed verloop en die tyd was voldoende. Omdat studente saamgewerk het, is min tegniese foute begaan. Dit was dus onnodig om die laaste konsepskrif te herskryf. Foute is netjies deurgehaal of met Tippex verwyder. Studente het ywerig saamgewerk om gestalte te gee aan 'n boekie en het blykbaar die publiseringaktiwiteit geniet. Publisering het op hierdie stadium nog nie die uitgee van 'n geskrif ingesluit nie. Publikasies is eers die volgende dag uitgedeel. Studente was ooglopend trots daarop, wat ook geblyk het uit hul opmerkings.

Aangesien studente tussen publisering en die joernaalkonferensie van groepe verwissel het, en die sitplekrangskikking gevvolglik verander is, het tyd verlore geaan. Die volle tydsuur vir die inhoudkonferensie is dus nie benut nie. Uit hul optrede en opmerkings kon ek aflei dat hulle graag die bespreking van vrae verder sou wou gevoer het.

Studente moes die laaste vraag van die opdrag individueel huis doen. Dit sou egter goed gewees het indien hulle alle vrae in die groep kon bespreek het.

WEEK 2: LES 4: PROSESAKTIWITEITE: ONTWERPKONFERENSIE  
KONSEPSKRYF, EVALUERINGKONFERENSIE, REVISIE EN SKRYF

ONTWERPKONFERENSIE EN  
KONSEPSKRYF

Werkgroep formuleer  
antwoorde van begrypsvrae  
op so direk, duidelik,  
sinnvol en volledig as  
moontlik.

DOEL

Om studente enkele  
belangrike tegnieke i.v.m.  
begriptoetsing en die  
vertolking daarvan aan te  
leer;

om 'n sosiale klimaat te  
skep waarin leer ten volle  
kan gedy.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Prosawerk  
Werkvel 10  
(kyk Appendiks I A)

OPDRAG

Slaan die prosawerk oop by  
gelese gedeelte en lees die  
volgende wenke voordat vrae  
skriftelik beantwoord word:

1. Lees die vrae noukeurig  
en aandagtig deur.
2. Beantwoord die vrae so  
direk, duidelik en  
volledig moontlik -  
sonder om die vraag in  
die antwoord te herhaal.
3. Beantwoord slegs in 'n  
volsin wanneer die vraag  
dit vereis.
4. Probeer om sover  
moontlik vrae in jul eie  
woorde te beantwoord.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## EVALUERINGKONFERENSIE

Daar word krities geluister na die voorlesing van Konsepantwoorde.

Responsgroep beoordeel dit aan die hand van enkele vrae, lewer kommentaar en maak aanbevelings.

### DOEL

Om mekaar se begrip van 'n gelese gedeelte en die beantwoording van vrae te evalueer;

om 'n werksverhouding te skep;

om wenke vir die beantwoording van begripsvrae te internaliseer.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Prosawerk  
Werkvel 11  
(kyk Appendiks I A)

## OPDRAG

Lees die konsepantwoorde krities deur met die volgende vrae in gedagte:

1. Wat is goed omtrent die beantwoording van die vrae?

2. Is die bedoeling van die vrae begryp? Indien nie, lewer kommentaar.

3. Word vrae so direk, duidelik en volledig as moontlik beantwoord? Indien nie, hoe kan dit gedoen word?

4. Word die vrae in die skrywers se eie woorde beantwoord? Indien nie, maak aanbeveling.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## REVISIE EN HERSKRYF

Die skrywers lees die kommentaar en oorweeg aanbevelings van die responsgroep. Hulle span saam om die nodige aanpassings te maak.

## OPDRAG

Maak die nodige aanpassings op dieselfde bladsy en herskryf slegs dié antwoorde wat verbeter kan word.

## DOEL

Om die beantwoording van vrae te verbeter;

om self besluite te neem oor die relevansie van kommentaar en aanbevelings;

om mekaar te help met die herformulering van antwoorde.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Blou pen  
Prosawerk



## TUISAKTIWITEIT

Lees die vierde en vyfde hoofstukke, *Jagters* en *Twee sleutels*. Besluit watter karakters die "jagters" en "sleutels" is en waarom hulle so genoem word. Onderstreep belangrike insidente met 'n potlood en skryf enkele aanhalings in jul leesjoernale om antwoorde te motiveer.

## KOMMENTAAR

Aangesien begripvrae alreeds bespreek, en enkele punte oor moontlike antwoorde neergestip is, was die tydsduur vir die ontwerpkonferensie en formulering van konsepantwoorde net

genoeg. 'n Tydspeling van 5 min. sou egter 'n rustiger skryftempo moontlik gemaak het.

Wat die evaluering betref, het dit nie slegs gegaan om korrekte antwoorde nie, maar ook om die formulering van die antwoorde.

Deur revisie in groepverband is feitlik alle druk van individuele lede verwyder, met die gevolg dat die aktiwiteit skynbaar genotvol was.

---



**WEEK 3: LES 1: PROSESAKTIWITEITE: REDIGERING EN PUBLISERING,  
INHOUDKONFERENSIE**

**REDIGERING EN PUBLISERING**

Reponsgroepes proeflees die produkte en dui tegniese foute aan. Dit word teruggegee aan die skrywers vir finale afronding. Produktes word ingelewer, en titels word deur studente op die voorblad aangebring.

**DOEL**

Om studente die verantwoordelikheid aan te leer om 'n skryfstuk te redigeer voor inhandiging;

om produkte aan 'n groter gehoor beskikbaar te stel;

om die resultaat van groepwerk met ander te deel.

**GROEPERING:** 3

**TYDSDUUR:** 15m

**HULPMIDDEL:** Swart pen  
Tippex  
Naslaanwerke

**OPDRAG**

Proeflees die begripstoets en let veral op die taalgebruik, leestekens en spelling. Gebruik naslaanwerke.

Gee dit terug aan die skrywers, sodat tegniese foute onmiddellik verbeter en produk ingelewer kan word.



## INHOUDKONFERENSIE

Werkgroep bespreek twee karakters met verskillende agtergronde, elkeen se innerlike stryd, en uiteenlopende metodes om die die stryd te oorwin. Studente help mekaar om die inhoud te verken en te ontsluit.

## DOEL

Om die inhoud te begryp;  
om die inhoud te verken;  
om soveel as moontlik  
inligting te bekom voor die  
skryfaktiwiteit;  
om misinterpretasies en  
onduidelikhede vroegtydig  
uit die weg te ruim;  
om groter genot uit eie  
ontdekings te put.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDEL: Prosawerk  
Skryfvel  
Werkvel 12  
(kyk Appendiks I A)  
Leesjoernale

## OPDRAG

Bespreek hoe dat die Minister van Binnelandse Sake die inligting oor die "ou man" probeer gebruik om sy posisie te red.

Bespreek Gert Cupido se rol in die intrige en verwys na die botsing tussen die twee bestelle.

Skryf kernagtige aantekeninge neer.



## TUISAKTIWITEIT

Lees weer *Jagters en Twee Sleutels*. Volg die ondersoek deur Kaptein Walters en Sersant Schoeman op en teken die gebeure in 'n logiese volgorde aan.

#### KOMMENTAAR

Die redigering en publisering het goed verloop. Dit blyk dat studente hierdie finale fase geniet, moontlik omdat dit die hoogtepunt van die saamwerkaktiwiteite is en die einde van 'n fase. Hulle het bevrediging uit die gepubliseerde produk geput, omdat dit welgedaan was.

Uit hulle reaksies was dit duidelik dat hulle die inhoudkonferensie geniet het. Dis egter jammer dat enkele studente die klasse so sporadies bywoon, want groepwerk word ontwrig. Hulle is ook uit voeling met die res van die groep, en kan feitlik geen bydrae lewer nie.

---



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

**WEEK 3: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE,  
KOLLASIONERING, INSETTE OOR DIE VORM VAN DIE ONTWERPSKRIF**

**INHOUDKONFERENSIE**

Werkgroepe bespreek die oorsaak en gevolg van die gebeure (intrige) in die volgorde waarin dit in *Jagters en Twee Sleutels* voorkom.

**DOEL**

Om die inhoud te verken,  
om die verloop van gebeure te verklaar as 'n uitvloeisel van karakters se optrede;  
om studente bekend te maak met die intrige in 'n verhaal;  
om selfvertroue aan te moedig.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDEL: Werkvel 13  
(kyk Appendiks I A)  
Prosawerk

**OPDRAG**

Bespreek Kaptein Walters en Sersant Schoeman se rol in die reeks gebeure (intrige).

Verwys in die antwoord van bogenoemde vraag na genoemde karakters se ondersoek en hul bydrae tot die uiteindelike beëindiging van die krisis.

Maak kernagtige aantekeninge.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## KOLLASIONERING

Inligting en idees word teruggevoer na die grootgroep deur middel van die vraag-en-antwoordmetode. Alle studente word aangemoedig om insette te lewer. Die leerkrag skryf inligting op grond van die vrye-assosiasietegniek vinnig op die skryfbord soos die gedagtes vloei.

## DOEL

Om bevindinge saam te vat;  
om so veel as moontlik inligting en idees te versamel tot voordeel van elke student;  
om individuele studente en werkgroepe se inligting aan te vul;  
Om verskillende menings en perspektiewe te ontlok;  
om deur vrae studente na nuwe insigte te lei.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Skryfbord

## OPDRAG

Verskaf al die inligting tot jul beskikking oor Walters en Schoeman se ondersoeke as pogings om die krisis te beëindig.

## INSETTE OOR DIE VORM VAN DIE ONTWERP

Die leerkrag stel vrae oor die précis om vas te stel wat studente reeds daaromtrent weet. Daarna word daar voortgebou op die voorkennis van studente deur die volgende insette oor die précis te lewer:

- Précis is Franse woord wat opsomming beteken.
- Dis 'n saaklike, kernagtige en verkorte weergawe (samevatting) van die kernfeite in 'n gegewe stuk.
- Dit bevat geen onnodige mooiskrywery of oortollige inligting.
- Dis 'n afgeronde eenheid.

### DOEL

Om inligting oor die précis te verskaf;

om 'n ander vorm van skryf voor te stel;

om studente te leer om te sintetiseer.

GROEPERING: 22

TYDSDUUR: 5m

HULPMIDDEL: Transparant 5  
(kyk Appendiks I C)

---

## TUISAKTIWITEIT

Individuele studente maak 'n opsomming van die volgorde van gebeure wat in *Jagters* en *Twee Sleutels* afspeel.

---

## KOMMENTAAR

Die inhoudkonferensie het goed verloop en studente het dit blykbaar geniet. By een van die werkgroepe moes daar egter ingegrif word, omdat een van die meer spraaksame lede die bespreking oorheers het. Studente is weer eens daaraan herinner dat elke groepslid 'n spreekbeurt moet kry en 'n eie standpunt behoort te stel. Tydens kollasionering het studente vrylik voortgebou op idees van ander. Sodoende is inligting bekom waaraan selfs nie ek gedink het nie.

Wat die inset oor die précis betref, kon ek deur middel van die vraag-en-antwoordmetode eers vasgestel het hoeveel die studente van die précis weet, en dan daarop voortgebou het.

---

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

**WEEK 3: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: ONTWERPKONFERENSIE,  
KONSIPIËRING, EVALUERINGKONFERENSIE**

**ONTWERPKONFERENSIE EN  
KONSIPIËRING**

Die vier werkgroepe, bestaande uit vyf lede per groep, met elk 'n verskillende opdrag, sif deur ruwe materiaal, span saam om die inligting duidelik oor te dra en beplan hoe om dit tot 'n précis te verwerk.

**DOEL**

Om 'n lang leesstuk kortlik op te som;  
om losstaande gedagtes saam te snoer tot 'n eenheid;  
om die tegniek van besluitneming en beplanning te ontwikkell;  
om te onderskei tussen kern- en bygedagtes.

GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDEL: Prosawerk  
Potlood  
Werkvel 14  
(kyk Appendiks I A)  
Swart pen

**OPDRAG**

Elke werkgroep maak 'n opsomming van die handeling van een van die volgende karakters om hul bydrae tot die krisis en hul hantering daarvan te bespreek:

- 1 die Minister van Binnelandse Sake,
- 2 Kaptein Walters,
- 3 Sersant Schoeman,
- 4 Gert Cupido.

Skryf kerngedagtes ondermekaar neer.

Verwerk nou hierdie gegewens tot 'n logiese samehangende en afgeronde précis. Die skryfstuk moet nie die lengte van een bladsy oorskry nie.

## EVALUERINGKONFERENSIE

Responsgroep luister krities na 'n eerste en tweede voorlesing van die konsepskrif. Die leser lees die konsepskrif end-uit, maar stadig en duidelik. Die eerste keer skryf hulle hul sterkste indrukke neer. Na die tweede voorlesing, waartydens die leser ook aandui waar 'n nuwe paragraaf begin, stel hulle skriftelike vrae om duidelikheid oor die betekenis te verkry. Daarna lewer hulle kommentaar, so positief en bemoedigend as moontlik, oor die inhoud van die konsepskrif, en maak aanbevelings.

### DOEL

Om studente die vaardigheid aan te leer om self 'n précis te evalueer;

om kritiese denke en luistervermoë te ontwikkel;

om aandag af te lei van tegniese foute;

om vordering op pad na die doel te evalueer.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Prosawerk  
Blou pen  
Werkvel 15  
(kyk Appendiks I A)

---

### OPDRAG

Luister aandagtig na die voorlesing van die précis met die volgende vrae in gedagte:

1. Wat is goed omtrent die précis?
2. Word die inhoud duidelik oorgedra?
3. Bevat dit al die kerngedagtes?
4. Bevat dit enige onnodige woorde of inligting?
5. Is die paragrafering korrek?
6. Vorm elke paragraaf 'n afgeronde eenheid?

## TUISAKTIWITEIT

Skryf persoonlike joernaal en evalueer kursus.

---

### KOMMENTAAR

Die klas is in vier werkgroepe van vyf studente elk heringedeel, omdat daar vier vrae was - een vraag vir elke werkgroep. Om demokraties te wees, het elke werkgroep, net voor die ontwerpkonferensie, een nommertjie uit 'n dosie getrek waarop die skryfopdrag aangedui is. Elke groep het toe 'n verskillende skryfopdrag uitgevoer.

Responsgroepe is ook heringedeel, sodat een student uit elke werkgroep kon kom. Studente was vry om by 'n groep in te skakel waar hulle graag wou werk. Ek het wel die samestelling van die groep verander om 'n balans te bring.

Tydens die evalueringkonferensie het studente weer eens op kerngegedagtes gekonsentreer deurdat hulle slegs na die voorlesing van werkstukke moes luister.

---

*UNIVERSITY of the*  
**WESTERN CAPE**

**WEEK 3: LES 4: PROSESAKTIWITEITE: REVISIE EN SKRYF,  
REDIGERING EN PUBLISERING**

**REVISIE EN HERSKRYF**

Die werkgroep lees die kommentaar, oorweeg die aanbevelings en maak die nodige aanpassings op dieselfde bladsy voordat hulle die précis herskryf.

**DOEL**

Om die inhoud te verfyn;  
om die organisasie van die inhoud te verbeter;  
om demokrasie te bevorder deur studente 'n keuse te bied betreffende aanpassings wat die groep maak.


**GROEPERING:** 4

**TYDSDUUR:** 20m

**HULPMIDDEL:**  
Skryfvel  
Blou pen  
Swart pen

**OPDRAG**

Besluit saam oor die aanpassings wat gemaak gaan word, werk saam aan die verbetering van die inhoud en organisasie, en herskryf die précis.



## REDIGERINGKONFERENSIE EN PUBLISERING

Die responsgroep proeflees die précis en dui tegniese foute aan, en die werkgroep verbeter dit onmiddellik voor die inlewering daarvan.

### DOEL

Om produk finaal af te rond vir publisering;

om studente die verantwoordelikheid aan te leer om 'n werkstuk te proeflees voor die inlewering daarvan;

om mekaar te ondersteun in die verbetering van die gehalte van die werkstuk.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Swart pen  
Tippex  
Naslaanwerke

## OPDRAG

Proeflees die produk. Dui aan waar tegniese foute verbeter kan word. Werkgroep verbeter tegniese foute so netjies as moontlik. Indien nie te veel foute, is dit nie nodig om te herskryf nie.

Lewer produkte in en besluit saam oor 'n titel vir die publikasie. 'n Vrywillige student skryf die titel op die voorbereide omslag, en skryf ook 'n netjiese inhoudsopgawe op die eerste bladsy.

Lees sesde hoofstuk, *Op die afgrond*. Stip enkele punte daaroor neer. Skryf aanhalings waarmee jy probleme ondervind of wat jy in meer besonderhede met die werkgroep wil deel, in leesjoernaal.

## KOMMENTAAR

Hierdie les het goed verloop. Die studente was teen hierdie tyd minder afhanklik van my. Nadat werkgroepe die

konsepskrifte hersien en herskryf het, het studente self in responsgroepe verdeel om 'n redigeringkonferensie te hou.

Studente het ywerig saamgewerk om die produkte voor te berei vir publisering. Te oordeel aan die goeie gees wat geheers het, het studente dié aktiwiteit as 'n hoogtepunt in die siklus beskou.

---



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

WEEK 4: LES 1: PROSESAKTIWITEITE: JOERNAALGROEPBESPREKING,  
INHOUDKONFERENSIE, KOLLASIONERING

JOERNAALGROEPBESPREKING

Joernaalgroepe sit en gesels in 'n sirkel oor die inskrywings in hul persoonlike joernale. Die leerkrug neem onopsig-telik waar om nie die gesprek te inhibeer nie, maar probeer tog om die passiewe studente by die bespreking te betrek deur 'n vraag te stel of iets te sê soos "Vertel vir die groep hoe jy oor die prosawerk of die benadering voel."

DOEL

Om informeel te gesels oor die klassessies;

om hul eerlike opinies en gevoelens met die groep te deel;

om 'n ontspanne sosiale klimaat te skep;

om kursus te evaluateer.


GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Persoonlike joernale

OPDRAG

Kom in jul joernaalgroepe byeen en gesels oor die inskrywings in persoonlike joernale. Evaluateer ook sommer die kursus soos dit tot dusver verloop het.



## INHOUDKONFERENSIE

Werkgroep bespreek die sameloop van gebeure by Fisantekraal in die sesde hoofstuk, *Op die afgrond*. Hulle kry geleentheid om onduidelikhede uit die weg te ruim en die inhoud verder te verken.

## DOEL

Om idees en inligting te deel tot voordeel van elke groeplid;

om studente 'n aandeel in en bydrae tot die ontsluiting van die teks te gee;

om onduidelikhede uit die weg te ruim;

om geleentheid te bied vir verskillende perspektiewe;

om deur middel van horizontale kommunikasie 'n ontspanne klasatmosfeer te skep.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Werkvel 16  
(kyk Appendiks I A)  
Prosawerk  
Skryfvel  
Leesjoernaal

---

## OPDRAG

Bespreek die gebeure by Fisantekraal wat gelei het tot die beeindiging van die krisis. Verwys ook na die verrassingselement, en stip enkele belangrike punte daaroor neer.

Studente kry geleentheid om vrae te stel, inligting en idees te deel, te redeneer, te soeklees vir motivering, ens.

KOLLASIONERING EN INSETTE  
OOR DIE VORM VAN DIE  
ONTWERPSKRIF

Alle studente word aangemoedig om so veel as moontlik inligting en idees vrylik terug te voer na die grootgroep, terwyl die leerkrag 'n bordskema opstel.

DOEL

Om geleentheid te bied vir verskillende perspektiewe en interpretasies;

om soveel as moontlik inligting en idees byeen te bring tot voordeel van elke groeplid.


GROEPERING: 20

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Skryfbord

OPDRAG

Voer alle inligting en idees vrylik terug en vul jul eie inligting aan deur nuwe gedagtes neer te stip.



TUISAKTIWITEIT

Lees weer *Op die afgrond* en skryf kort aantekeninge oor die toeval en wending wat in die gebeure plaasvind.

KOMMENTAAR

Studente het die geheimsinnigheid oor wie die ou man geskiet het, en die spanning in hierdie hoofstuk geniet. Hulle het met mekaar geredeneer, en van mekaar verskil. Daar is telkens rondgeblaai in die prosawerk om motivering vir hul argumente te soek.

Studente het tydens inhoudkonferensies hul leesjoernale byderhand gehou. Enkele verwarringe aanhalings uit die hoofstuk onder bespreking, wat in leesjoernale aangeteken is, is ook bespreek. Skriftelike kommentaar daaroor is in die regterkantse kolom gelewer.

---

WEEK 4: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: ONTWERPKONFERENSIE,  
ONTWERPSKRYF, EVALUERING

ONTWERPKONFERENSIE EN  
ONTWERPSKRYF

Werkgroep sif en orden ruwe materiaal en werk saam om betekenis aan inligting te gee. Daar word saam beplan aan die inleiding, liggaam en slot. Een van die lede skryf die konsepskrif, terwyl die res help om idees te formuleer. Op hierdie stadium word daar slegs aandag geskenk aan inhoud en organisasie.

OPDRAG

Beplan en skryf konsepskif. Werkvel 2 word weer as riglyn gebruik. Sorg ook dat daar voldoende afwisseling tussen sinne is.

DOEL

Om inligting te sif en te orden;

om inhoud en struktuur van die opstel te beplan.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDEL: Werkvel 2  
(kyk Appendiks I A)  
Swart pen  
Ruwe materiaal

---

## EVALUERINGKONFERENSIE

Responsgroepe voer 'n kritiese bespreking oor die inhoud en die struktuur van die opstel, lewer kommentaar en maak die nodige aanbevelings in die regterkantse kantlyn.

### DOEL

Om krities te luister en te lees;  
om 'n onmiddellike gehoor vir skryfwerk te skep;  
om saam te soek na maniere om die inhoud te verbeter.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Werkvel 17  
(kyk Appendiks I A)  
Swart pen

## OPDRAG

Responsgroepe luister krities na die oorvertel van gebeure in die opstel en evalueer dit op grond van die volgende drie vrae:

- Soek eerstens wat prysenswaardig is.
- Stel vrae om onduidelikhede uit die weg te ruim.
- Maak aanbevelings om die inhoud en struktuur te verfyn.
- Word alle belangrike inligting verskaf? Indien nie, wat is weggelaat?

Die vrae op Werkvel 4 word weer as riglyn gebruik.

## TUISAKTIWITEIT

Lees die slohoofstuk, Nadraai.

## KOMMENTAAR

Daar was nog steeds enkele werkgroepe wat probleme ondervind het om by die voorgestelde lengte van die opstel te hou, omdat onnodige detail bygehaal is. Die gevolg hiervan was dat opstelle te lank was, en evaluering weer eens nie rustig binne die bepaalde tydsduur kon plaasvind nie.

**WEEK 4: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: REVISIE EN HERSKRYF,  
REDIGERING EN PUBLISERING, INHOUDKONFERENSIE**

**REVISIE EN HERSKRYF**

Die werkgroep oorweeg die aanbevelings van die responsgroep, en bespreek maniere om die nodige aanpassings te maak. Een van die groeplede herskryf die opstel, maar almal in die groep dra by om dit te verbeter.

**DOEL**

Om die gebeure so duidelik as moontlik oor te dra;  
om die struktuur te verfyn.


**GROEPERING:** 4

**TYDSDUUR:** 20m

**HULPMIDDEL:** Skryfvel  
Swart pen  
Blou pen.

**OPDRAG**

Maak eers die nodige aanpassings op dieselfde bladsy, en herskryf dan die werkstuk.



## REDIGERING EN PUBLISERING

Die werkgroep proeflees hul eie werkstuk, en indien nie te veel tegniese foute nie, word dit onmiddellik en so netjies as moontlik op dieselfde bladsy verbeter. Produkte word aan die klas voorgelees.

## DOEL

Om die produk finaal af te rond voor publisering;

om studente die verantwoordelikheid aan te leer om produkte te proeflees voor publisering.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Swart pen  
Naslaanwerke  
Tippe

---

## OPDRAG

Werkgroep kan hul eie produkte proeflees. Let veral op tegniese aspekte soos spelling, leestekens en sinstrukture. Gebruik naslaanwerke.

## TUISAKTIWITEIT

Skryf enkele punte neer waarin jy jou mening oor die roman lig.

## KOMMENTAAR

As gevolg van probleme met die kopieerder is produkte hardop aan die klas voorgelees. Studente was teleurgesteld, omdat hulle uitgesien het na 'n tasbare resultaat van alle werkgroepes. Die ander aktiwiteite het goed verloop.

---

## WEEK 4: LES 4: INHOUDKONFERENSIE EN KOLLASIONERING

## INHOUDKONFERENSIE

Werkgroepes bespreek vrae,  
lig hul verskillende  
menings en probeer om  
motivering te gee vir  
antwoorde.

## DOEL

Om die gebeure op te som;  
om studente te laat dink;  
om studente die geleentheid  
te bied om self  
gevolgtrekkings oor die  
roman te maak.

GROEPERING: 4


TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDEL: Skryfvel 18  
(kyk Appendiks I A)  
Prosawerk

## OPDRAG

Bespreek die volgende vrae:

- Watter incident sal julle as die hoogtepunt in die verhaal beskou? Waarom dink julle so?
- Wat het julle van die roman geleer? (Verwys ook na die foute wat die karakters gemaak het en dinge wat hulle gedoen het om sukses te behaal).
- Hoe voel julle oor die slot van die verhaal en oor die roman self?
- Wat is die boodskap of tema van die verhaal?



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## KOLLASIONERING

Die hele klas se menings en gevolgtrekkings word byeengebring d.m.v. die vraag -en-antwoordmetode, terwyl 'n skryfbord-opsomming geleidelik ontplooい.

## DOEL

Om eenheid tussen die verskillende groepe te bring;  
om die roman te evalueer;  
om studente die geleentheid te bied om oor hul leeservaring te reflekteer.

GROEPERING: Hele klas

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDELS: Skryfbord  
of Transparant

## OPDRAG

Voer al jul menings en gevolgtrekkings terug.

## KOMMENTAAR

Hierdie les het goed verloop en uit die inhoudkonferensie en hul opmerkings daarna kon ek aflei dat hulle die roman geniet het. Studente het vrylik hul menings gelig, hul verskillende standpunte gestel en met mekaar geredeneer. Hulle het selfs genoem dat hierdie roman hulle 'n nuwe perspektief op die Suid-Afrikaanse politieke situasie gegee het. Sommige wou selfs hê dat ons 'n bedankingsbrief aan die skrywer, André Jansen, rig vir sy voortreflike werk.

#### 4.4 SAMEVATTING EN INTERPRETASIE VAN KOMMENTAAR

Tydens die aksienavorsing het ek nie net bevestiging gekry van die genoemde voordele van groepwerk nie, maar het ek ook meer voordele ontdek. Ek het ook deeglik bewus geraak van slaggate!

Op grond van studente se joernalinskrywings kon ek ook vasstel wat hulle gevoelens oor die kursus is. Studente het die nuwe benadering, veral die inhoudskonferensies wat oorheersend mondelinge besprekings was, baie geniet en hulle was ook deeglik bewus van die opvoedkundige waarde daarvan. Carol Galant, 'n OD I-student het bv. die volgende inskrywing hieroor gemaak: "Dit is vrugtevol in dié sin dat ek die boek heelwat beter verstaan. Boek word ontrafel wat my die geleentheid bied om ook 'n bydrae te lewer. Sodoende onthou ek sekere dinge beter. Individue gee hul menings en 'n groepbespreking is vrugtevol want sekere individue haal sekere puntjies aan waaraan ek bv. nie gedink het nie." Dit blyk egter dat skriftelike werk nie naastenby so geniet is as mondelinge sessies nie. Dit is egter 'n algemene probleem en was nogal te wagte. Die probleem is dat dit vir hulle moeiliker is om skriftelik uitdrukking te gee aan hulle idees. Omdat die skryfwerk egter 'n groeppoging was, was studente meer waaghalsig en hulle het minder bedreigd gevoel.

Studente wat in sekere groepe gewerk het, het in hul joernalale hul ontevredenheid uitgespreek, omdat sommige lede "lyf wegsteek" of "nie hul kant bring nie."

Aangesien daar nie in die doel van Week 1 Les 1, nl. om 'n gesamentlike skryfstuk te produseer, geslaag is nie, was die eerste siklus van die proses nie suksesvol nie. Eerstens kon responsgroepe tydens die evalueringkonferensie en die redigeringskonferensie nie konsepskrifte deegliker en meer ontspanne beoordeel nie, omdat drie skryfstukke i.p.v. een,

soos beplan is, deur 'n responsgroep bestaande uit drie lede geëvalueer moes word. Evaluering het dus baie meer tyd in beslag geneem as wat oorspronklik beplan is.

Revisie en herskryf is aktiwiteite wat oor die algemeen nie baie gewild is nie, maar dit is draagliker gemaak deurdat dit in groepverband gedoen is. Die sekretaris of sekretaresse wat verantwoordelik was vir die herskrywery, het op 'n weeklikse basis roteer. In die hele proses het elke lid van die responsgroep hoogstens twee keer 'n konsepskrif herskryf. Boonop het die feit dat werkgroepbeperk was tot die skryf van een bladsy, ook bygedra dat die herskyfaktiwiteit minder moeisaam was.

Meer as twee aktiwiteite per les, was nie baie produktief nie. Dit het tot gevolg gehad dat groepe meer as een keer moes wissel en sitplekrangskikkings moes verander. Dit het te veel ontwrigting veroorsaak, en die tyd kon ook nie goed benut word nie.

'n Algemene knelpunt van studente waarvan ek ook kennis neem, is dat die tydsuur vir die deeglike beoefening van sommige aktiwiteite te min was. Sekere studente het wel aanbeveel dat sessies, indien moontlik, langer moet wees. Hiermee stem ek saam, want dit is raadsaam dat die kontinuïteit van die skryfproses sover as moontlik behou moet word. Dit was daarom egter jammer dat daar geen dubbelperiodes was nie. Dit is ook raadsaam dat lesse met kort tussenposes moet geskied om studente se belangstelling in die verhaal te behou en sodat hulle beter die draad van die verhaal kan volg.

Indien moontlik, moet lesse so beplan word dat publisering die laaste aktiwiteit van 'n les is. Dit rond 'n siklus in die proses af en gewoonlik, maar nie noodwendig nie, ook 'n hoofstuk. Daarna is studente geestelik ingestel om ook hul aktiwiteite te beëindig.

Alhoewel dit nie altyd moontlik is nie, kan 'n poging aangewend word dat nuwe hoofstukke oor 'n naweek gelees word, sodat studente genoeg tyd het om dit rustig en noukeurig te lees en inskrywings in leesjoernale te maak. Indien studente slegs 'n middag kans het om 'n hoofstuk te herlees, bestaan die gevaar dat hul bydrae tot die inhoudskonferensie gering of nul is. Aktiwiteite wat hierop volg, word ook negatief beïnvloed.

Hulpmiddels soos transparante en werkvelle kan meer effektief wees. Hoe meer inligting op 'n transparant verskaf is, hoe minder kon studente dit onthou. Om groter trefkrag te verkry, kan die hoeveelheid inligting op 'n transparant verminder word. Dit kan meer kernagtig uiteengesit en in groter letters vertoon word. Wat werkvelle betref, kan daar voorsiening gemaak word vir skryfruimte na sekere opdragte. Alle transparante kan vergroot word tot plakkate.

Die hersiene plan wat hierna sal volg, sal opgestel word met die doel om tekortkominge in die konsepkurrikulum uit die weg te probeer ruim.

UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## HOOFSTUK 5

### HERSIENE PLAN

#### WEEK1: LES 1: PROSESAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE, KOLLASIONERING

##### INHOUDKONFERENSIE

Werkgroep bespiegel oor die titel, ruimte, annotering en atmosfeer in die verhaal, en skryf na aanleiding van vrae enkele aantekeninge.

##### DOEL

Om 'n konteks vir die verhaal te skep;

om te probeer uitvind wat die moontlike inhoud van die verhaal is;

om kritiese denke en redenasievermoë te ontwikkel;

om aktiewe deelname te stimuleer.

om selfvertroue binne die kleingroep aan te moedig.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Prosawerk  
Transparant  
of Skryfbord  
of Werkvel 1  
(kyk Appendiks II A)

##### OPDRAG

Bestudeer die stofomslag, en maak voorspellings oor die inhoud van die prosawerk op grond van die titel, die illustrasie op die stofomslag, en die annotasie op die agterblad.

Bespreek en skryf enkele punte neer oor:

- die moontlike betekenis van die titel,
- die moontlike gebeure in die verhaal soos afgelei uit die annotering,
- die moontlike atmosfeer in die verhaal, en
- die ruimte waarin die verhaal moontlik afspeel.

## KOLLASIONERING

Terwyl alle studente aangemoedig word om vrylik insette te lewer, skryf die dosent die idees op die skryfbord by wyse van die vrye assosiasie-tegniek. Ontbrekende inligting word by wyse van die vraag-en-antwoord metode ontlok.

## DOEL

Om almal se idees en inligting byeen te bring tot voordeel van elke groeplid;

om studente op 'n verkennings- en ontdekkingstog te lei;

om soveel as moontlik idees te versamel wat as ruwe materiaal vir die ontwerp-skryfaktiwiteit kan dien;

om oorspronklike en kreatiewe respons te ontlok;

om 'n oorkoepelende bord-skema te ontwikkel wat sigbaarheid verleen aan idees.

GROEPERING: Hele klas

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Skryfbord  
of Transparant

---

TUISAKTIWITEIT

Lees weer die annotasie op die agterblad en maak kort aantekeninge daaroor in telegramstyl. Slaan Josua 6, "Die inname van Jerigo", in die Bybel na en probeer vasstel hoe dit verband hou met gebeure in die verhaal, "Die Jerigo-krisis".

---



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

WEEK 1: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: ONTWERPKONFERENSIE,  
KONSIPIËRING

ONTWERPKONFERENSIE EN  
KONSIPIËRING

Werkgroep oorweeg nuttige  
stof, sif en rangskik  
inligting, en skryf.

DOEL

Om studente te laat dink en  
beplan aan konsepskrif;

om losstaande brokkies  
inligting aanmekaar te  
skakel sodat dit 'n  
verbandhoudende geheel  
vorm;

om vereistes vir 'n opstel  
in te skerp;

om studente die geleentheid  
te bied om binne die  
klaskamerkonteks te beplan,  
en sodoende die  
ondersteuning van die  
werkgroep te benut;

om groepsamewerking te  
bevorder.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 35m

HULPMIDDEL: Werkvel 2  
(kyk Appendiks II A)

---

OPDRAG

Bespreek maniere om  
materiaal te sorteer en  
orden, voordat opstel  
geskryf word.

Let op die volgende vrae  
wat gestel kan word om die  
struktuur van 'n opstel te  
evalueer en begin skryf:

Inleiding

Is dit kort en kragtig?  
Prikkel die inleiding die  
leser om verder te lees?  
Lei dit die onderwerp in?

Liggaam

Is daar verband/samehang  
tussen paragrawe?  
Is elke paragraaf 'n  
afgeronde geheel?  
Word slegs een aspek in  
elke paragraaf behandel?

Slot

Is dit kort en kragtig?  
Is die slot samevattend?  
Rond dit die opstel  
behoorlik af?

TUISAKTIWITEIT

Lees weer deur Werkvel 2 om vereistes vir 'n opstel te  
internaliseer.

---

WEEK 1: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: EVALUERINGKONFERENSIE,  
REVISIE EN HERSKRYF

EVALUERINGKONFERENSIE

Responsgroepe luister krities na 'n eerste en tweede voorlesing van die konsepskrif, lewer kommentaar en maak aanbevelings.

DOEL

Om die inhoud en organisasie van die konsepskrif te verbeter;

om kritiese luistervermoë aan te moedig;

om vas te stel wat die effek van die skryfwerk op 'n werklike gehoor is;

om die inhoud en organisasie van die konsepskrif te verfyn;

om studente die geleentheid te bied om ondervinding in evaluering op te doen;

om studente se pogings te onderskraag met die nodige prysing.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15 m

HULPMIDDELS: Werkvel 2  
en 3  
(kyk Appendiks II A)  
Enige kleur pen  
behalwe rooi en swart

OPDRAG

Luister krities na die voorlesing van die konsepskrif.  
Skryf eerstens jul sterkste indrukke neer. Stel dan vrae om duidelikheid te verkry. Hou die riglyne in Werkvel 2 in gedagte.  
Beantwoord vrae op Werkvel 3.

**Let wel:** Responsgroepe moenie self verbeteringe probeer aanbring nie. Maak slegs aanbevelings.  
Kommentaar oor die inhoud van die konsepskrif moet so positief en bemoedigend as moontlik wees.

## REVISIE EN HERSKRYF

Na die evaluering-konferensie sif werkgroepe deur die kommentaar en aanbevelings van die responsgroep, en besluit watter bruikbare aanbevelings tydens revisie geïmplimenteer gaan word.

## DOEL

Om geleentheid te bied om betekenis, inhoud, struktuur en enigets anders te verbeter;

om onmiddellike terugvoer moontlik te maak;

om die konsepksrif te herskryf, sodat dit vir die gehoor duidelik is;

om skryfwerk in heroorweging te neem;

om te reflekteer oor die kommentaar van die responsgroep.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Swart pen  
Blou pen

## OPDRAG

Oorweeg die aanbevelings van die portuurgroep en maak die nodige aanpassings m.b.v. kantaantekeninge. Herskryf die hele stuk met verbeteringe.

## TUISAKTIWITEIT

Voltooи herskryfaktiwiteit tuis, indien nie klaar.

WEEK 1: LES 4: PROSEAKTIWITEITE: REDIGERINGKONFERENSIE EN  
PUBLISERING

REDIGERINGKONFERENSIE EN  
PUBLISERING

Responsgroepe proeflees konsepskrifte en dui aan waar spelling, interpunksie en sinstrukture verder verbeter kan word. Skrywers redigeer self.

DOEL

Om die produk voor te berei vir publikasie;

om studente die gewoonte en verantwoordelikheid aan te leer om 'n produk te proeflees en te korrigeer voor inhandiging;

om mekaar te help om die skryfstuk tegnies te versorg;

om produkte beskikbaar te stel vir 'n breër gehoor.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 35m

HULPMIDDEL: Naslaanbronne  
Swart penne  
Tippex  
Eerste lêer

---

OPDRAG

Proeflees die produk. Let veral op:

- spelling,
- interpunksie en
- sinstrukture.

Gebruik naslaanwerke in geval van onsekerheid bv. woerdeboeke, Woordelys en Spelreëls, grammatikaboeke.

Een lid uit elke werkgroep skryf titel op voorblad wat vooraf deur die dosent voorberei is en lewer produk in.  
(kyk Appendiks II B)

NS: Indien die konsepskrif nie ernstige foute bevat nie, hoef hulle nie weer herskryf te word nie, maar kan Tippex gebruik word om korreksies aan te bring.

TUISAKTIWITEIT

Lees die eerste hoofstuk, *Voorspel*, en maak kort aantekeninge wat as materiaal vir die inhoudkonferensie kan dien. Enkele belangrike aanhalings kan neergeskryf word om in meer besonderhede met die groep te deel of te bespreek.

---

WEEK 2: LES 1: PROSESAKTIWITEITE: INSET DEUR DOSENT,  
JOERNAALINSKRYWING

INSET DEUR DOSENT

Die dosent lewer insette oor die persoonlike en leesjoernale. Kernagtige voorbereide aantekeninge op transparant word onthul soos die mini-les ontplooи.

DOEL

Om studente in te lig oor die doel en inhoud van die persoonlike en leesjoernaal.

GROEPERING: 22

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDEL: Skryfbord  
Transparant 1a en b  
Transparant 2a, b  
en c  
(kyk Appendiks II C)

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

**JOERNAALINSKRYWING**

Individuele studente  
vlugskryf in persoonlike  
joernale.

**OPDRAG**

Vlugskryf in stilte oor jul  
ervarings in die kursus tot  
dusver.

**DOEL**

Om studente voor te berei  
vir proseskonferensie wat  
volg;

om studente aan die dink te  
sit.

**GROEPERING:** 22

**TYDSDUUR:** 15m

**HULPMIDDEL:** Skryfvel

**TUISAKTIWITEITE**

Skryf enkele aanhalings uit die eerste hoofstuk, *Voorspel*,  
waarmee probleme ondervind word, in die linkerkantse kolom  
van jul leesjoernale, en stel vrae of lewer kommentaar  
daaroor in die regterkantse kolom.

**UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE**

WEEK 2: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: PROSESKONFERENSIE,  
KOLLASIONERING EN INSET DEUR DOSENT, GRAFIESE VOORSTELLING

PROSESKONFERENSIE

Studente word d.m.v. vrae geleei om te reflekteer oor die verskillende fases in die skryfproses waardeur hulle beweeg het.

DOEL

Om studente te laat nadink oor die verskillende fases van die skryfproses waardeur hulle beweeg het;

om vas te stel wat die studente geleer het oor die skryfproses.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Werkvel 4  
(kyk Appendiks II A)

OPDRAG

Lees die vrae op die werkvel aandagting deur en bespreek dit in jul onderskeie groepe:

1. Hoe het julle te werk gegaan om die skryfstuk te produseer? (Het julle onmiddellik begin skryf? Het julle end-uit geskryf of het julle gestop om te dink? Waarom?)
2. Watter tipe vrae is deur responsgroepe gestel?
3. Waarom is sekere sinne deurgehaal, bygevoeg, verbind, ens.?
4. Kan julle nou enige elemente in die skryfproses onderskei? Maak 'n lys.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

KOLLASIONERING EN INSET  
DEUR DOSENT

Dosent verkry antwoorde op  
vrae wat deur werkgroepe  
bespreek is, en vul  
inligting aan indien nodig.

OPDRAG

Voer antwoorde terug. Let  
op skematische voorstelling  
wat vertoon word en probeer  
om die fases te  
identifiseer.

DOEL


Om studente in meer  
besonderhede bewus te maak  
van die elemente van die  
prosesbenadering tot skryf;

om studente te lei tot  
selfontdekking;

GROEPERING: Hele klas

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Transparant 3  
(kyk Appendiks II C)



UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## GRAFIESE VOORSTELLING

Die verskillende werkgroepe maak 'n grafiese voorstelling van hul begrip van die skryfproses om op die bulletinbord te monteer.

## OPDRAG

Maak 'n grafiese voorstelling van die skryfproses in sy geheel.

## DOEL

## Om studentedeelname te bevorder;

om redenasievermoë te ontwikkel;


om studente die geleentheid te bied om self 'n bydrae te lewer tot hul akademiese ontwikkeling;

om die skryfproses te konkretiseer.

## GROEPERING: 3

**TYDSDUUR:** 10m

HULPMIDDELS: Karton  
Potlood  
Dik filtpen



Maak inskrywings in jul persoonlike joernale, veral oor die evaluering van die proses.

WEEK 2: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: JOERNAALKONFERENSIE,  
INHOUDKONFERENSIE

JOERNAALKONFERENSIE

Studente kom in joernaalgroepe (een uit elke groep) byeen om joernalinskrywings te bespreek. Leerkrag neem op 'n afstand waar om nie die gesprekke te inhibeer nie en gaan taktvol te werk om te sorg dat elke groeplid 'n spreekbeurt kry.

DOEL

Om 'n gevoel van samehorigheid te skep;

om persoonlike betrokkenheid by leeraktiwiteit te weeg te bring;

om mekaar beter te leer ken;

om eerlike gevoelens te uiter en menings te lig.


GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDEL: Joernal

OPDRAG

Kom in joernaalgroepe byeen, rangskik stoele in 'n sirkel en gesels oor joernalinskrywings.



## INHOUDKONFERENSIE

Werkgroepes bespreek enkele letterkundige aspekte onder ander, organisasie van gebeure, karakterisering en verteltegnieke, asook kontraste tussen die "twee wêrelde" waarin karakters hulle bevind, in antwoord op die opdrag, en stip inligting neer.

## DOEL

Om mekaar te help om soveel as moontlik inligting en idees as ruwe materiaal vir 'n skryfopdrag te verkry;

om van en vir mekaar te leer;

om studente se aandag te vestig op enkele letterkundige elemente;

om 'n aangename sosiale atmosfeer te skep;

om kritiese denke te ontlok.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Werkvel 5  
(kyk Appendiks II A)

## OPDRAG

Lees die vrae op die werkvel oor die eerste hoofstuk, *Voorspel*, noukeurig deur, bespreek dit en maak kernagtige aantekeninge. Deel ook ander belangrike inskrywings uit die leesjoernale oor hierdie hoofstuk met die groep.

1. In watter vorm is die verhaal geskryf? (Slegs een woord)
2. Hoe lank duur die vertelde tyd?
3. Wat het jy opgelet i.v.m. die tydsverloop, en die volgorde van gebeure? (Een sin)
4. Noem die karakters met wie jy tot dusver kennis gemaak het en verwys na die kontraste tussen die twee wêrelde in die verhaal.
5. Watter tegnieke het die skrywer gebruik om die karakters bekend te stel?
6. Hoe vergelyk die verskillende karakters met mekaar? (Bestee meer tyd)

## TUISAKTIWITEIT

Herlees die eerste hoofstuk, *Voorspel*, en teken nuwe ontdekkinge kortliks aan.

**WEEK 2: LES 4: PROSESAKTIWITEITE: ONTWERPKONFERENSIE,  
ONTWERPSKRYF**

**ONTWERPKONFERENSIE EN  
ONTWERPSKRYF**

Werkgroep konfereer oor die formulering van antwoorde en skryf.

**DOEL**

Om te beplan en te besin voordat daar geskryf word.

**GROEPERING:** 3

**TYDSDUUR:** 20m

**HULPMIDDELS:** Skryfvel  
Prosawerk

**OPDRAG**

Besluit saam oor die formulering van antwoorde en skryf.

**KOLLASIONERING**

Werkgroep voer hul antwoorde puntsgewys na die grootgroep terug, vergelyk dit met dié van die res, en indien nodig, bring onmiddelike verbeteringe aan, veral by 1, 2, 3 en 5.

**DOEL**

Om antwoorde te vergelyk;  
om inligting aan te vul;  
om idees byeen te bring;  
om studente te help met die interpretasie van vrae.

**GROEPERING:** Hele klas

**TYDSDUUR:** 15m

**HULPMIDDELS:** Skryfvel  
Prosawerk

**OPDRAG**

Voer jul antwoorde na die grootgroep terug en vergelyk dit. Hou Tippex byderhand en, indien nodig, verbeter onmiddellik nommers 1, 2, 3 en 5. Hersien ook 4 en 6 indien nodig.

---

#### KOMMENTAAR

Vanweë die aard van die vrae wat een woord, een sin, ens. behels, het ek besluit om 'n uitsondering te maak en nie deur die hele proses te gaan nie.

---

#### TUISAKTIWITEIT

Lees die tweede hoofstuk, *Rommelinge*. Maak aantekeninge in telegramstyl oor die verloop van gebeure. Lees ook Daniël 5 in die Bybel en skryf hoe dit verband hou met die gebeure in die verhaal.

Herskryf slegs nommers 4 en 6 indien nodig.

---

WEEK 3: LES 1: PROSESAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE,  
KOLLASIONERING, INSETTE OOR VORM VAN ONTWERPSKRIF

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## INHOUDKONFERENSIE

Werkgroep deel inligting,  
idees en  
leesjoernalinskrywings oor  
*Rommelinge*, veral die  
konflik tussen karakters  
wat die twee bestelle, die  
ANC en S.A regering,  
verteenwoordig.

## DOEL

Om inhoud te verken en te  
ontsluit;  
om redenasievermoë te  
ontwikkel;  
om kritiese denke te  
prikkel;  
om studente aan te moedig  
om dieper te peil as die  
oppervlak;  
om studente se aandag te  
vestig op die oorsaak en  
gevolg van gebeure.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Werkvel 6  
(kyk Appendiks II A)

## OPDRAG

Lees die vrae noukeurig  
deur, bespreek dit en stip  
gedagtes neer:

1. Hoe hou die subtitel  
verband met die gebeure in  
die verhaal?
2. Deur wie en waar is die  
brief gepos?
3. Waarom word die normale  
kanale vir onderhandeling  
met die regering nie gevolg  
nie?
4. Watter vier eise word in  
die dreigbrief gestel?
5. Wat beweer die geheime  
organisasie sou die gevolge  
wees indien die regering  
nie aan die eise voldoen  
nie?
6. Hoe het die Eerste  
Minister op die dreigbrief  
gereageer?

## KOLLASIONERING

Werkgroep voer antwoorde terug. Dosent maak 'n skryfbordopsomming deur middel van die vrye assosiasietegniek. Studente bou voort op idees van ander om nuwe idees te vorm.

## DOEL

Om idees byeen te bring tot voordeel van elke student;

om mekaar te help om idees aan te vul;

om mekaar te help om die inhoud van die prosawerk beter te verstaan.


GROEPERING: Hele klas

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Skryfbord

## OPDRAG

Voer alle antwoorde terug, vergelyk dit met mekaar, en sê indien jy verskil.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

INSETTE OOR DIE VORM VAN  
DIE ONTWERPSKRIF

Leerkrag lewer insette oor  
die vorm van die  
ontwerpskrif, in hierdie  
geval, die parafrase.

DOEL

Om studente in te lig oor  
die parafrase;

om studente vertroud te  
maak met 'n ander vorm van  
skryf.

GROEPERING: Hele klas

TYDSDUUR: 5m

HULPMIDDELS: Skryfbord of  
Transparant 4  
(kyk Appendiks II C)

TUISAKTIWITEIT

Skryf die volgende aanhaling aan die linkerkant van jul  
leesjoernale neer en lewer kommentaar daaroor aan die  
regterkant: "Ek het gewonder of Jerigo se mure dalk besig is  
om te kraak" (bladsy 24).

WEEK 3: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: ONTWERPKONFERENSIE EN  
KONSIPIËRING, EVALUERINGKONFERENSIE

ONTWERPKONFERENSIE EN  
KONSIPIËRING

Werkgroepe span saam om die inhoud van 'n baie kort, maar veelseggende briefie, in 'n parafrase weer te gee.

DOEL

Om studente geleentheid te bied om die inhoud van 'n leesstuk in 'n ander vorm te weergee;

om studente aan te moedig om die inhoud van die brief in hul eie woorde te vertolk;

om studente se begripsvermoë te bevorder;

om studente te leer om 'n leesstuk te parafraseer;

om saam te beplan en te besin.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDELS: Werkvel 7  
(kyk Appendiks II A)

OPDRAG

Lees opdrag op Werkvel 7:

Lees die tweede briefie aan die Eerste Minister noukeurig deur totdat julle die inhoud begryp. Teken die kerngedagtes in eenvoudige taal onder mekaar aan, terwyl julle dit lees. Omskryf nou die gedagtes tot 'n logiese, samehangende en afgeronde geheel in jul eie woorde.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## EVALUERINGKONFERENSIE

Responsgroepe luister krities na 'n eerste en tweede voorlesing van die konsepskrif. Die eerste keer skryf hulle hul sterkste indrukke neer. Die tweede keer stel hulle skriftelike vrae om duidelikheid te verkry. Daarna lewer hulle kommentaar, so positief en bemoedigend as moontlik, oor die inhoud en struktuur van die konsepskrif, en maak aanbevelings.

### DOEL

Om die inhoud en organisasie van die konsepskrif te verbeter;

om studente te leer om krities te lees en konstruktief te reageer op 'n skryfstuk;

om studente se pogings te onderskraag met die nodige prysing;

om as werklike gehoor op te tree.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Transparant 4  
Werkvel 8  
(kyk Appendiks II A en C)  
Blou pen

### OPDRAG

Lees die konsepskrif krities met die volgende vrae in gedagte:

Wat is goed omtrent die parafrase? Soek een positiewe kenmerk van die skryfstuk.

Word die inligting duidelik oorgedra? Indien nie, stel 'n vraag.

Is al die kerngedagtes daar? Indien nie, dui aan wat ontbreek.

Is daar samehang tussen gedagtes? Indien nie, maak aanbeveling.

Is die volgorde logies? Indien nie, lewer kommentaar.

Is die toon en styl van die parafrase dieselfde as dié van die skrywer? (Is dit ernstig soos in die brief?)

### TUISAKTIWITEIT

Lees die derde hoofstuk, *Skuiwe*. Let veral op dagboekinskrywings van Woensdag-aand, 28 Mei 1983, en maak kort aantekeninge. Stip kerngedagtes neer of onderstreep.

---

**WEEK 3: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: REVISIE EN HERSKRYF,  
REDIGERINGKONFERENSIE EN PUBLISERING**

**REVISIE EN HERSKRYF**

Werkgroep lees kommentaar en aanbevelings van die responsgroep, oorweeg dit, en maak die nodige aanpassings op dieselfde bladsy, en herskryf dan.

Leerkrag beweeg tussen groepe om advies te gee waar dit verlang word.

**DOEL**

Om die inhoud van die konsepskrif te verfyn;

om studente te leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verbetering van hul eie skryfwerk;

om samewerking tussen groepe aan te moedig.

**GROEPERING:** 3

**TYDSDUUR:** 20m

**HULPMIDDELS:** Swart pen  
Potlood

---

**OPDRAG**

Verbeter die inhoud en organisasie van die konsepskrif na aanleiding van die advies van portuurgroep. Gaan selektief te werk. Dis nie nodig om alle aanbevelings te implimenteer nie.

Maak die nodige aanpassings deur bv. oortollige inligting deur te haal, sinne in die kantlyn by te voeg, en pyletjies, hakies, ens. te gebruik om te herrangskik.

## REDIGERINGKONFERENSIE EN PUBLISERING

Werkstukke word uitgeruil en deur die responsgroepe geproeflees om tegniese foute uit te lig. Dit word teruggegee aan die skrywers om die nodige verbeteringe aan te bring.

### DOEL

Om produkte voor te berei vir publisering;

om studente die verantwoordelikheid aan te leer om werkstukke te redigeer voor inlewering;

om produkte beskikbaar te stel aan 'n groter gehoor.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDELS: Naslaan werke

### OPDRAG

Proeflees die produk. Let veral op:

- spelling,
- interpunksie en
- sinstrukture.

Maak gebruik van woordeboeke, Woordelys en Spelreëls, grammatikaboeke of enige ander gesikte naslaanwerk.

TUISAKTIWITEIT  
UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

---

Herlees of lees verder aan die derde hoofstuk, *Skuiwe*, en maak enkele inskrywings in jul leesjoernale.

---

WEEK 3: LES 4: PROSESAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE,  
ONTWERPKONFERENSIE EN KONSEPSKRYF

INHOUDKONFERENSIE

Begripsvrae en antwoorde wat studente se aandag toespits op redes vir die handeling/optrede van karakters in die derde hoofstuk, *Skuiwe*, word in werkgroepes bespreek. Studente moet ook probeer om konsensus daaroor te bereik voordat een van die groepelde gedagtes neerstip.

DOEL

Om studente se begrip van 'n gelese gedeelte te toets;  
om misinterpretasies en onduidelikhede uit die weg te ruim;  
om die kern van die gelese gedeelte uit te lig;  
om gelese gedeelte te analyseer;  
om redenasievermoë te ontwikkel.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Prosawerk  
Werkvel 9  
(kyk Appendiks II A)

OPDRAG

Bespreek die volgende vrae mondelings:

1. Noem twee redes waarom Gert Cupido toegetree het tot die stryd.
2. Wat is die "Koeberg-goed" (p. 38) waarvoor Gert Cupido vir Alain Mondiale bedank het? Waarom het laasgenoemde karakter inligting aan Gert Cupido verskaf?
- 3.1 Noem slegs die persone wat die vergadering op die aand van 28 Mei 1983 bygewoon het en verduidelik kortlik hul betrokkenheid by die saak.
- 3.2 Wat was die doel van die vergadering?  
(een sin)
- 4.1 Bespreek kortlik wat na die vergadering tussen die Eerste Minister en Professor Bronkhorst plaasgevind het.
- 4.2 Verduidelik wat hulle hierdeur wou bereik.

**ONTWERPKONFERENSIE EN  
KONSEPSKRYF**

Werkgroep formuleer antwoord van begripsvrae op so direk, duidelik, sinvol en volledig as moontlik.

**DOEL**

Om enkele belangrike tegnieke i.v.m. begriptoetsing en die vertolking daarvan aan te leer;

om 'n sosiale klimaat te skep waarin leer ten volle kan gedy;

om studente te help om inligting te verwoord.

**GROEPERING:** 3

**TYDSDUUR:** 15m

**HULPMIDDELS:** Prosawerk  
Werkvel 10  
(kyk Appendiks II A)

**OPDRAG**

Slaan die prosawerk oop by gelese gedeelte en lees die volgende wenke voordat vrae skriftelik beantwoord word:

1. Lees die vrae noukeurig en aandagtig deur.
2. Beantwoord die vrae so direk, duidelik en volledig moontlik -sonder om die vraag in die antwoord te herhaal.
3. Beantwoord slegs in 'n volsin wanneer die vraag dit vereis.
4. Probeer om so ver moontlik vrae in jul eie woorde te beantwoord.

TUISAKTIWITEIT  
**UNIVERSITY of the  
Western Cape**

Lees weer die derde hoofstuk, Skuiwe. Skryf aanhalings, waarmee probleme ondervind word of wat jy in meer besonderhede met die groep wil deel, in leesjoernale neer.

WEEK 4: LES 1: PROSESAKTIWITEITE: EVALUERINGSKONFERENSIE,  
REVISIE EN SKRYF

EVALUERINGKONFERENSIE

Daar word krities geluister na die voorlesing van Konsepantwoorde. Responsgroepe beoordeel dit aan die hand van enkele vrae, lewer kommentaar en maak aanbevelings.

DOEL

Om mekaar se begrip van 'n gelese gedeelte en die beantwoording van vrae te evalueer; om 'n werksverhouding te skep; om wenke vir die beantwoording van begripsvrae te internaliseer.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Prosawerk  
Werkvel 11  
(kyk Appendiks II A)

OPDRAG

Lees die konsepantwoorde krities deur met die volgende vrae in gedagte:

1. Wat is goed omtrent die beantwoording van die vrae?
2. Is die bedoeling van die vrae begryp? Indien nie, lewer kommentaar.
3. Word vrae so direk, duidelik en volledig as moontlik beantwoord? Indien nie, hoe kan dit gedoen word?
4. Word die vrae in die skrywers se eie woorde beantwoord? Indien nie, maak aanbeveling.

## REVISIE EN HERSKRYF

Die skrywers lees die kommentaar en oorweeg aanbevelings van die responsgroep. Hulle span saam om die nodige aanpassings te maak.

### DOEL

Om die beantwoording van vrae te verbeter;  
om self besluite te neem oor die relevansie van kommentaar en aanbevelings;  
om mekaar te help met die herformulering van antwoorde.


GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDELS: Blou pen  
Prosawerk

## OPDRAG

Maak die nodige aanpassings op dieselfde bladsy en herskryf slegs dié antwoorde wat verbeter kan word.



TUISAKTIWITEIT

Skryf persoonlike joernaal.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## WEEK 4 LES 2: PROSESAKTIWITEITE: REDIGERING EN PUBLISERING

### REDIGERING EN PUBLISERING

Reponsgroepes proeflees die produkte en dui tegniese foute aan. Dit word teruggegee aan die skrywers vir finale afronding. Produkte word ingelewer, en titels word deur studente op die voorblad aangebring.

### DOEL

Om studente die verantwoordelikheid aan te leer om 'n skryfstuk te redigeer voor inhandiging;

om die resultaat van groepwerk met 'n werklike gehoor te dee.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 35m

HULPMIDDELS: Swart pen  
Tippex  
Naslaanwerke

### OPDRAG

Proeflees die begripstoets en let veral op die taalgebruik, leestekens en spelling. Gebruik naslaanwerke.

Gee dit terug aan die skrywers om tegniese foute onmiddellik te verbeter, sodat die produk aan die klas voorgelees kan word.

Lees die vierde hoofstukke, Jagters. Besluit watter karakters die "jagters" is en waarom hulle so genoem word. Onderstreep belangrike insidente met 'n potlood en skryf enkele aanhalings in jul leesjoernale neer.

WEEK 4: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE,  
JOERNAALKONFERENSIE

INHOUDKONFERENSIE

Werkgroepe bespreek twee karakters met verskillende agtergronde, elkeen se innerlike stryd, en hul uiteenlopende metodes om te oorwin. Studente help mekaar om die inhoud te verken en te ontsluit.

DOEL

Om mekaar te help om die inhoud te begryp;

om saam die inhoud te verken;

om soveel as moontlik inligting te bekom voor die skryfaktiwiteit;

om misinterpretasies en onduidelikhede vroegtydig uit die weg te ruim;

om groter genot uit eie ontdekings te put.

GROEPERING: 3

TYDSDUUR: 25m

HULPMIDDELS: Prosawerk  
Werkvel 12  
(kyk Appendiks II A)  
Leesjoernale

OPDRAG

Bespreek hoe dat die Minister van Binnelandse Sake die inligting oor die "ou man" probeer gebruik het om sy posisie te red.

Bespreek Gert Cupido se rol in die intrige en verwys na die botsing tussen die twee bestelle.

Skryf kernagtige aantekeninge neer.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## JOERNAALKONFERENSIE

Joernaalgroepe sit en gesels in 'n sirkel oor die inskrywings in hul persoonlike joernale. Die leerkrag neem onopsig-telik waar om nie die gesprek te inhibeer nie, maar probeer tog om die passiewe studente by die bespreking te betrek deur 'n vraag te stel of hulle aan te moedig om hul mening te deel bv. "Vertel vir die groep hoe jy oor die prosawerk of die benadering voel."

## DOEL

Om informeel te gesels oor die klassessies;  
om hul eerlike opinies en gevoelens met die groep te deel;  
om probleme vroegtydig uit die weg te ruim;  
om die kursus te evaluateer.

## OPDRAG

Kom in jul joernaalgroepe byeen en gesels oor die inskrywings in persoonlike joernale. Evaluateer ook sommer die kursus soos dit tot dusver verloop het.

GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Persoonlike joernale

## TUISAKTIWITEIT

Lees die vyfde hoofstuk, *Twee Sleutels*. Volg die ondersoek deur Kaptein Walters en Sersant Schoeman op en teken die gebeure in 'n logiese volgorde aan. Besluit watter karakters die "sleutels" is en waarom hulle so genoem word. Onderstreep belangrike insidente met 'n potlood en skryf enkele aanhalings en kommentaar in jul leesjoernale neer.

WEEK 4: LES 4: PROSESAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE,  
KOLLASIONERING

INHOUDKONFERENSIE

Werkgroep bespreek die oorsaak en gevolg van die gebeure (intrige) in die volgorde waarin dit in *Jagters en Twee Sleutels* voorkom.

DOEL

Om die inhoud te verken;

om die verloop van gebeure as gevolg van karakters se optrede te verklaar;

om studente bekend te maak met die oorsaak en gevolg van gebeure (intrige) in 'n verhaal;

om selfvertroue aan te moedig.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 25m

HULPMIDDELS: Werkvel 13  
(kyk Appendiks II A)

OPDRAG

Bespreek Kaptein Walters en Sersant Schoeman se rol in die reeks gebeure (intrige).

Verwys na genoemde karakters se ondersoeke en hul bydrae tot die uiteindelike beëindiging van die krisis.

Maak kernagtige aantekeninge.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## KOLLASIONERING

Werkgroep voer antwoorde terug. Dosent maak 'n skryfbordopsomming deur middel van die vrye assosiasiategniek. Studente bou voort op idees van ander om nuwe idees te vorm.

### DOEL

Om idees byeen te bring tot voordeel van elke student;

om mekaar te help om idees aan te vul;

om mekaar te help om die inhoud van die prosawerk beter te verstaan.

GROEPERING: Hele klas

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Skryfbord

---

## TUISAKTIWITEIT

Individuele studente maak 'n opsomming van die tydsvolgorde van gebeure in *Jagters* en *Twee Sleutels* in telegramstyl om as ruwe materiaal vir ontwerpkonferensie te dien.

---

WEEK 5: LES 1: PROSESAKTIWITEITE: INSETTE OOR VORM VAN  
ONTWERPSKRIF, ONTWERPKONFERENSIE

INSETTE OOR VORM VAN  
ONTWERPSKRIF

Die leerkrag stel vrae oor die précis om vas te stel wat studente reeds daaromtrent weet. Daarna word daar voortgebou op die voorkennis van studente deur die volgende insette oor die précis te lewer:

*Précis* is 'n Franse woord wat *opsomming* beteken.

Dis 'n saaklike, kernagtige en verkorte weergawe van kernfeite in 'n leesstuk.

Dis 'n afgeronde eenheid.

Dit bevat geen mooiskrywery of oortollige inligting.

DOEL

Om inligting oor die précis te verskaf;

om studente voor te berei vir ontwerpkonferensie.

GROEPERING: 22

TYDSDUUR: 5m

HULPMIDDELS: Transparant 5  
(kyk Appendiks II C)

## ONTWERPKONFERENSIE

Die vier werkroepe,  
bestaande uit vyf lede per  
groep, met elk 'n  
verskillende opdrag, sif  
deur ruwe materiaal, span  
saam om die inligting  
duidelik oor te dra en  
beplan hoe om dit tot 'n  
précis te verwerk.

### DOEL

Om 'n lang leesstuk  
kortlik op te som;  
om te onderskei tussen  
kern- en bygedagtes;  
om losstaande gedagtes saam  
te snoer tot 'n eenheid;  
om die tegniek van  
besluitneming en beplanning  
te ontwikkel.

GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 30m

HULPMIDDELS: Prosawerk  
Werkvel 14  
(kyk Appendiks II A)  
Potlood  
Swart pen

## OPDRAG

Elke werkgroep maak 'n  
opsomming van die handeling  
van een van die volgende  
karakters om hul bydrae tot  
die krisis en hul hantering  
daarvan te bespreek:

- die Minister van  
Binnelandse Sake,
- Kaptein Walters,
- Sersant Schoeman en
- Gert Cupido.

Skryf kerngedagtes  
ondermekaar neer.

Verwerk nou hierdie  
gegewens tot 'n logiese  
samehangende en afgeronde  
précis. Die skryfstuk moet  
nie die lengte van een  
bladsy oorskry nie.

Verkenlees: Twee sleutels. Inskrywings in leesjoernale.

WEEK 5: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: EVALUERINGKONFERENSIE,  
REVISIE

EVALUERINGKONFERENSIE

Reponsgroep luister aandagtig na die voorlesing van die konsepskrif, skryf neer wat hulle die meeste beïndruk en skryf vrae neer waar onduidelikheid bestaan. Daarna word kommentaar oor die inhoud gelewer, en aanbevelings gemaak.

DOEL

Om studente die vaardigheid aan te leer om self 'n précis te evalueer;  
om kritiese denke te ontwikkel;  
om vordering op pad na die doel te evalueer.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Prosawerk  
Blou pen  
Werkvel 15  
(kyk Appendiks II A)

OPDRAG

Luister aandagtig na die voorlesing van die précis met die volgende vrae in gedagte:

1. Wat is goed omtrent die précis?
2. Word die inhoud duidelik oorgedra?
3. Bevat dit al die kerngedagtes?
4. Bevat dit enige onnodige woorde of inligting?
5. Is die paragrafering korrek?
6. Vorm elke paragraaf 'n afgeronde eenheid?

## REVISIE

Die werkgroep lees die kommentaar, oorweeg die aanbevelings en maak die nodige aanpassings op dieselfde bladsy voordat hulle die précis herskryf.

## DOEL

Om die inhoud te verfyn;  
om die organisasie van die inhoud te verbeter;  
om demokrasie te bevorder deur studente 'n keuse te bied betreffende aanpassings wat die groep maak.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDELS: Skryfvel  
Blou pen  
Swart pen

---

## OPDRAG

Besluit saam oor die aanpassings wat gemaak gaan word, werk saam aan die verbetering van die inhoud en organisasie, en herskryf die précis.

## TUISAKTIWITEIT

Skryf persoonlike joernaal en evaluateer kursus.

## WEEK 5: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: HERSKRYF, REDIGERINGKONFERENSIE EN PUBLISERING

### HERSKRYF

Die sekretaris of sekretaresse in elke werkgroep herskryf die précis, terwyl die res van die groep help om inligting te verwoord nadat die konsepskrif reeds hersien is.


### DOEL

Om konsepskrif te verfyn;  
om inligting te verwoord;  
om vereistes vir 'n précis in te skerp.

GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDELS: Skryfvel  
Swart pen  
Konsepskrif



UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## REDIGERINGKONFERENSIE EN PUBLISERING

Die responsgroep proeflees die précis en dui tegniese foute aan, en die werkgroep verbeter dit onmiddellik voor die inlewering daarvan.

### DOEL

Om produk finaal af te rond vir publisering;

om studente die verantwoordelikheid aan te leer om 'n werkstuk te proeflees voor die inlewering daarvan;

om mekaar in die verbetering van die gehalte van die werkstuk te ondersteun.

GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Swart pen  
TippeX  
Naslaanwerke

## OPDRAG

Responsgroep proeflees die produk en dui aan waar tegniese foute verbeter kan word. Werkgroep verbeter self tegniese foute so netjies as moontlik. Indien nie te veel foute, kan TippeX gebruik word.

Lewer produkte in en besluit saam oor 'n titel vir die publikasie. 'n Vrywillige student skryf titel op voorbereide voorblad, en skryf ook 'n netjiese inhoudsopgawe op die eerste bladsy.

Lees sesde hoofstuk, *Op die afgord*. Stip enkele punte daaroor neer. Skryf aanhalings waarmee jy probleme ondervind of wat jy in meer besonderhede met die werkgroep wil deel, in leesjoernaal.

WEEK 5: LES 4: PROSESAKTIWITEITE: INHOUDKONFERENSIE,  
JOERNAALKONFERENSIE

INHOUDKONFERENSIE

Werkgroepes bespreek die sameloop van gebeure by Fisantekraal in die sesde hoofstuk, *Op die afgrond*. Hulle kry geleentheid om onduidelikhede uit die weg te ruim en die inhoud verder te verken.

DOEL

Om idees en inligting te deel tot voordeel van elke groeplid;

om onduidelikhede uit die weg te ruim;

om geleentheid vir verskillende perspektiewe te bied;

om deur middel van horizontale kommunikasie 'n ontspanne klasatmosfeer te skep.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 25m

HULPMIDDEL: Skryfbord  
Prosawerk  
Skryfvel  
Leesjoernaal

OPDRAG

Bespreek die gebeure by Fisantekraal wat gelei het tot die beëindiging van die krisis. Verwys ook na die verrassingselement, en stip enkele belangrike punte neer.

Studente kry geleentheid om vrae te stel, inligting en idees te deel, te redeneer, te soeklees vir motivering, ens.

## JOERNAALKONFERENSIE

Joernaalgroepe sit en gesels in 'n sirkel oor die inskrywings in hul persoonlike joernale. Die leerkrag neem onopsig-telik waar om nie die gesprek te inhibeer nie, maar probeer tog om die passiewe studente by die bespreking te betrek deur 'n vraag te stel of iets te sê soos "Vertel vir die groep hoe jy oor die prosawerk of die benadering voel."

## DOEL

Om informeel te gesels oor die klassessies;

om hul eerlike opinies en gevoelens met die groep te deel;

om 'n ontspanne sosiale klimaat te skep;

om kursus te evalueer.

GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDEL: Persoonlike joernale

## OPDRAG

Kom in jul joernaalgroepe byeen en gesels oor die inskrywings in persoonlike joernale. Evalueer ook sommer die kursus soos dit tot dusver verloop het.

## TUISAKTIWITEIT

Bestudeer enkele koerantberigte. Let op opskrif, uiteensetting van gebeure en enigiets wat opval in verband daarmee. Teken enkele punte daaroor aan.

WEEK 6: LES 1: PROSEAKTIWITEITE: KOLLASIONERING EN INSETTE  
OOR VORM VAN ONTWERPSKRIF, ONTWERPKONFERENSIE

KOLLASIONERING EN INSETTE  
OOR VORM VAN ONTWERPSKRIF

Studente vluglees enkele kort koerantberigte. Dosent stel dan mondelinge vrae om hulle tot verdere ontdekking te lei.

'n Voorbereide transparant met vereistes vir 'n goeie koerantverslag word geleidelik onthul soos antwoorde op vrae verskaf word.

DOEL

Om studente voor te berei vir ontwerpkonferensie;

om studente se aandag op koerantberigte te vestig;

om vereistes vir 'n berig uit te lig;

GROEPERING: Hele klas

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDELS: Transparant 6  
(kyk Appendiks II C)  
Koerantberigte

OPDRAG

Bestudeer die koerant en sê wat opval i.v.m. die opskrif. Vluglees enkele berigte en lewer kommentaar daarop.

Voorbeeld van vrae wat gestel kan word om die gewenste kommentaar te ontlok:

Watter opskrifte trek onmiddellik die aandag? Waarom?

Hoe word die gebeure uiteengesit?

Wat is jul opinie van berigte wat gelees is?

Wat is volgens julle die vereistes vir 'n goeie koerantberig?

## ONTWERPKONFERENSIE

Werkgroepe sif en orden ruwe materiaal en beplan saam aan die verslag. Een van die lede maak aantekeninge in telegramstyl, terwyl die res help om idees te gee.

### DOEL

Om inligting te sif en te orden;  
om die inhoud van die koerantverslag te beplan;  
om te beplan hoe om gebeure kernagtig saam te vat;  
om te beplan met die doel om lesers se aandag te trek.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Werkvel 16  
(kyk Appendiks II A)  
Prosawerk  
Ruwe materiaal

## OPDRAG

Voer die volgende opdrag op Werkvel 16 uit:

Plaas julsself in die posisie van die karakter, Lindsey D'Arcy, ooggetuie van die gebeure by Fisantekraal en lid van die Engelse televisiespan, en beplan 'n kort koerantverslag van ongeveer 150 woorde oor die sluipmoordaanval wat daar plaasgevind het.

**Let wel:** Sorg dat daar voldoende afwisseling tussen sinne is.

Raadpleeg die prosawerk om die tyd van die gebeure vast te stel. Sorg dat korrekte feite verstrek word.

Lees weer *Op die afgrond* en skryf kort aantekeninge oor die toeval en wending wat in die gebeure plaasvind.

WEEK 6: LES 2: PROSESAKTIWITEITE: ONTWERPSKRYF EN  
EVALUERINGKONFERENSIE

ONTWERPSKRYF

Werkgroep skryf berig volgens plan.

OPDRAG

Skryf koerantberig volgens plan.

DOEL

Om plan tot uitvoer te bring;  
om skeppend te skryf;  
om studente die geleentheid te bied om vanuit een van die karakters se perspektief te skryf;  
om studente te leer om feite kernagtig te weergee;  
om gebeure duidelik en logies uiteen te sit.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Skryfvel  
Swart pen  
Ruwe materiaal

-----  
WESTERN CAPE

## EVALUERINGKONFERENSIE

Responsgroepe luister krities na die voorlesing van konsepskrifte, en voer 'n kritiese bespreking oor die inhoud en die struktuur van die koerantverslag, lewer kommentaar en maak die nodige aanbevelings.

### DOEL

Om krities te luister en te lees;

om 'n onmiddellike gehoor vir skryfwerk te skep;

om saam te soek na maniere om die inhoud te verfyn;

om studente te leer om selfstandig te ontwikkeld.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDELS: Werkvel 17  
(kyk Appendiks II A)  
Transparant 6  
(kyk Appendiks II C)  
Swart pen

## OPDRAG

Responsgroepe luister krities na die voorlesing van die berig en evalueer dit op grond van die volgende vrae:

- Soek eerstens wat prysenswaardig is.
- Stel vrae om onduidelikhede uit die weg te ruim.
- Maak aanbevelings om die inhoud en struktuur te verfyn.
- Word alle belangrike inligting verskaf? Indien nie, wat is weggelaat?
- Is daar enige oortollige informasie? Indien wel, lewer kommentaar.
- Is die opskrif treffend? Indien nie, verstrek rede.

-----  
UNIVERSITY of the  
TUISAKTIWITEIT  
WESTERN CAPE

Lees die slohoofstuk, *Nadraai*, en skryf u indrukke van die slot neer.

WEEK 6: LES 3: PROSESAKTIWITEITE: REVISIE EN HERSKRYF,  
REDIGERING EN PUBLISERING

REVISIE EN HERSKRYF

Die werkgroep oorweeg die aanbevelings van die responsgroep, en bespreek maniere om die nodige aanpassings te maak. Een van die groepledde herskryf die berig, maar almal in die groep dra by om inhoud te verfyn.

DOEL

Om die gebeure so duidelik as moontlik oor te dra;  
om die inhoud en organisasie te verfyn;  
om die berig groter trefkrag te gee;  
om mekaar te help om 'n werkstuk te skep waarop hulle trots kan wees.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 20m

HULPMIDDELS: Skryfvel  
Swart pen  
Blou pen

OPDRAG

Maak eers die nodige aanpassings op dieselfde bladsy, en herskryf dan die werkstuk.

## REDIGERING EN PUBLISERING

Die werkgroep proeflees hul eie werkstuk, en indien nie te veel tegniese foute nie, word dit onmiddellik en so netjies as moontlik op dieselfde bladsy verbeter. Produkte word ingelewer en daar word besluit oor 'n titel vir die voorblad.

## DOEL

Om die produk finaal af te rond voor publisering;

om 'n produk te lewer waarop studente trots kan wees;

om studente die verantwoordelikheid aan te leer om produkte te proeflees voor inlewering.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 15m

HULPMIDDELS: Swart pen  
Naslaanwerke  
Tippex

## OPDRAG

Proeflees jul eie produkte. Let veral op tegniese aspekte soos spelling, leestekens en woordorde. Gebruik naslaanwerke. Indien flaters nie te ernstig is nie kan dit onmiddellik met Tippex verbeter word.

-----  
UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE  
TUISAKTIWITEIT  
-----  
Maak jul individuele meningspeiling oor die roman en die kursus in jul persoonlike joernale.  
-----

**WEEK 6: LES 3: PROSEAKTIWITEIT: VOORBEREIDING VIR  
PUBLISERING VAN ALLE WERKOPDRAGTE, JOERNAALKONFERENSIE**

**PUBLISERING**

Voorbereiding word getref om die beste skryfpogings van alle publikasies in een boekie te bind: werkgroep konfereer en probeer om konsensus te bereik oor die beste skryfpogings. Gekose werke word in 'n logiese volgorde rangskik en genommer, 'n vrywillige student uit een van die werkgroepes skryf 'n inhoudsopgawe.

**DOEL**

Om die geheelbeeld van die roman te herstel;  
om aan elke student 'n tasbare voorbeeld van goeie skryfwerk te verskaf;  
om aan studente 'n tasbare bewys van die sukses van samewerking te gee;  
om konsensus te bereik;  
om die gevoel van eiewaarde te versterk.

GROEPERING: 4

TYDSDUUR: 25m

HULPMIDDELS: Swart pen  
Publikasies  
krammasjien

**OPDRAG**

Kom in jul onderskeie werkgroepes byeen en besluit oor die beste skryfpogings in die publikasies in u besit en nommer dit volgens voorkeur.

Lewer dit in.

Take word aan die verskillende werkgroepes gedelegeer. Elke werkgroep moet verantwoordelikheid aanvaar vir:

- die logiese uiteensetting en numering van gekose skryfstukke vir publikasie;
- die konsipiëring van 'n inhoudsopgawe;
- die saamstel van die publikasie;
- die algehele tegniese versorging van die publikasie.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## JOERNAALKONFERENSIE

Joernaalgroepe kom in 'n sirkel byeen om hul inskrywings met mekaar te deel.

### DOEL

Om oor die kursus te reflekteer;  
om die kursus te evaluateer;  
om hul gevoelens met mekaar te deel;  
om interaksie tussen studente teweeg te bring.

GROEPERING: 5

TYDSDUUR: 10m

HULPMIDDELS: Persoonlike joernale

---

## SELFSTUDIE-OPDRAG

### WERKVEL 18

Bespreek en beantwoord die volgende vrae in werkgroepe buite die klaskamerkonteks:

1. Watter incident sal julle as die hoogtepunt in die verhaal beskou? Waarom dink julle so?
2. Wat het julle uit die roman geleer?
3. Verwys ook na die foute wat die karakters gemaak het en dinge wat hulle gedoen het om sukses te behaal.
4. Hoe voel julle oor:
  - (a) die slot van die verhaal en

(b) oor die roman self?

5. Wat is die boodskap of tema van die verhaal?

**Let wel:** Take moet oor 'n week ingelewer word vir portuurgroep-evaluering.

---



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

#### 6.1 Samevattting

Inleidend tot hierdie skripsie word die navorsingsvoorstel uiteengesit. Daarvolgens val die soeklig op gesamentlike skryfwerk by die aanbieding van prosa as medium vir akademiese ontwikkeling by primêre onderwysstudente.

Die probleem met die huidige benadering en die moontlike oplossing daarvan deur middel van die prosesbenadering tot skryf, word kortliks bespreek. Beredenering sentreer eerstens rondom die feit dat studente sosiaal, intellektueel, en psigologies gestrem word, indien hulle in die onderrigsituasie aan aktiewe deelname ontneem word. Tweedens word argumente aangevoer waarom die prosesbenadering tot skryf as alternatief vir die huidige benadering gekies kan word, en hoe dat dit ontwikkeling op genoemde vlakke teweeg kan bring.

In Hoofstuk 2 word die tekortkominge van die huidige benadering in meer besonderhede bespreek. Om dit in perspektief te plaas, volg 'n kritiese analise van die bestaande Onderwysdiploma-syllabus van die Departement Onderwys en Kultuur, met spesiale verwysing na die vertolking daarvan, en die organisasie en aanbieding van prosa-onderrig by 'n bepaalde onderwyskollege. Hierin kom ook die algemene doelstelling vir prosa-onderrig soos in die syllabus uiteengesit, en die verspreiding van prosawerke onder bespreking. Algaande word spesifieke probleme belig, nl. die organisasie van die prosaprogram, kompartimentalisering van taalkomponente, die beperkte onderrigtyd, die vae doelstelling, die dosentgesentreerde

aard van die onderrig en die onvermoë van onderwysstudente om selfstandig en/of in groepe saam te werk.

In Hoofstuk 3 word die moontlike invloed van die prosesbenadering tot skryf op prosa-onderrig, met spesiale verwysing na metodes van samewerking, bespreek. Die prosesbenadering tot skryf en die aard daarvan kom hier ter sprake. Daar word geredeneer dat die toepassing van groepwerk in 'n leerdersentriese benadering tot prosa-onderrig baie van bogenoemde probleme uit die weg kan ruim en vernuwing binne die klaskonteks kan teweegbring, sodat letterkunde 'n genotvolle leerervaring vir studente kan word. Die holistiese aard van die prosesbenadering tot skryf word aangesny, omdat dit integrasie van taalkomponente en tydbesparing meebring. Ek voer aan dat die prosesbenadering tot skryf studente van die nodige toerusting voorsien om selfstandig te werk. Dit is terselfdertyd gegrond op samewerking tussen leerders wat hulle die geleentheid bied om vir en van mekaar te leer, en sodoende belangrike inligting wat hulle op hul individuele werk van toepassing kan maak, te internaliseer. Die leerdersentriese aard van die prosesbenadering tot skryf help studente om medeverantwoordelik vir hul eie leerproses te wees en bied hulle die geleentheid om 'n bydrae te lewer tot hul eie akademiese ontwikkeling.

Op grond van die aangeduide voordele, is 'n konsepkurrikulum in Hoofstuk 4 opgestel waarna die prosesbenadering tot skryf op klein skaal in die realiteit van die klaskamersituasie in werking gestel is. Met die dosent as fasilitateerder en begeleier na 'n doel, is die voorgeskrewe prosawerk, *Jerigo-krisis* deur André Jansen, deur 'n groep van twee-en-twintig OD I-studente behandel. Die soeklig het veral op 'n enkele aspek in die prosesbenadering tot skryf, nl. samewerking tussen leerders tydens prosa-onderrig, geval. Tydens die toepassing van die plan is die reaksie van die teikengroep

deur 'n waarnemer gemonitor en kommentaar is op elke les gelewer. Studente is ook versoek om van tyd tot tyd die kursus in hul persoonlike joernale te evalueer en in joernaalkonferensies te bespreek.

Die grootste tekortkoming van die voorlopige plan waarvan die studente veral melding gemaak het en wat ek waargeneem het, was die gebrek aan tyd. Studente wou graag meer tyd bestee aan sekere konferensies soos veral inhoud- en evalueringkonferensies. Die Hersiene plan in Hoofstuk 5 is die resultaat van verandering en verbetering van die konsepkurrikulum.

## 6.2 Bevindinge

Hoewel die prosesbenadering tot skryf oor 'n baie kort termyn van vier weke toegepas is, was daar 'n positiewe verandering in die teikengroep se benadering tot en houding teenoor prosa en skriftelike werk. Volgens my waarneming was hulle meer gemotiveerd, en voor die eksamen het studente self groepe gevorm en oor die prosawerk gekonfereer. 'n Nuwe gees van eiewarde, selfverantwoordelikheid, selfwerksaamheid en bemagtiging het dus by hulle posgevat.

Tweedens haal ek onderstaande punte uit studente se persoonlike joernale aan om die klassessies vanuit hulle perspektief te evalueer.

"Die boek word ontrafel wat my die geleentheid bied om ook 'n bydrae te lewer. Individue gee hul menings en 'n groepbespreking is vrugtevol, want sekere individue haal sekere puntjies aan waaraan ek bv. nie gedink het nie". (Carol Galant)

"Volgens my is die metode (van samewerking) baie voordeilig, want as ons op ons eie gewerk het, dan sou ons nie so in diepte na die aspekte gekyk het nie." (Hilton Paulse)

"Besprekings help eie opinies aan". (Joan Francis)

"...elke individu se siening word gehuldig". (Keith Eksteen)

"Ek het geleer dat studente self verantwoordelik is vir inligting". (Jeanny Geel)

"Ons het die boek baie geniet. Dit was 'n goeie manier om die boek te bespreek." (Neville Fleurs)

"Dit was 'n aangename gevoel om ons eie werk te publiseer". (Gerrit Smith)

Derdens het die eindeksamen van die Onderwysdiploma I-studente van 1990 wat enkele weke na die aksienavorsing plaasgevind het, reeds tekens van studente se vordering in prosa getoon. Omdat hulle binne die klaskonteks saamgewerk het om self die inhoud van die prosawerk te verken en betekenis te ontsluit, is inligting langer onthou. Hulle het ook, omdat hulle vertroud is met die prosesbenadering tot skryf, die nodige toerusting gehad om eksamenvrae nugter te benader en om antwoorde duideliker te formuleer. Strategieë en tegnieke soos ideëkoppeling, vlugskryf, konsepskryf en evaluering, wat hulle as groep beoefen het, is klaarblyklik geïnternaliseer om weer in hul individuele skryfwerk toegepas te word. Hulle het sonder die hulp van 'n blokboek, aantekeninge of notas van die dosent, goed gevaaar in die beantwoording van die lang vrae. Die hele groep wat die proses deurloop het, het ook die volle eksamentydsuur benut. Die meeste antwoorde het sigbare bewys gelewer dat daar gedink en beplan is tydens die produsering van die produk. Wat veral verblydend was, is die feit dat vrae uit verskillende perspektiewe beantwoord is.

Benewens verbeterde houdings en uitslae, is bevind dat die onderrigmetode wat onderwysstudente in hul opleidingsjare ervaar, ook 'n goeie metodologiese grondslag vir hulle kan lê. Gesamentlike skryfwerk is prosesgeoriënteerd, holisties, kommunikatief en leerdersentries van aard en vind aansluiting by ander alternatiewe benaderings soos die kommunikatiewe en ander leerdersentriese benaderings, wat

deesdae al hoe meer aanbeveel word. Die spreekwoord *Woorde wek, maar voorbeeld trek* hou veral in dié opvoedingsituasie groot waarheid in. Belangrike didaktiese beginsels, naamlik doeltreffende onderwys, planmatigheid, integrering, leerlingaktiwiteit, belewing, sosialisering, motivering, evaluering en bemeestering wat in Opvoedkunde, Klasonderwys en Vakdidaktiek as riglyn vir onderwysstudente voorgelê word, is as gevolg van die metode van samewerking eerstehands deur studente ervaar. Hulle is dus na die oefening meer bewus van die opvoedende waarde van samewerking en sal dit met groter vrymoedigheid en selfvertroue in hul skoolonderrigsituasies kan toepas. Op hierdie wyse kan 'n kringloop van beter onderrig aan die gang gesit word, wat 'n alternatief is vir die outhoritêre onderwysersentriese onderrigmetodiek wat nog in baie skole hoogty vier.

Samewerking in die leerproses volgens die prosesbenadering tot skryf het ook aan studente die geleentheid gebied om sosiale vaardighede wat nodig is vir demokratiese kommunikasie in die skool en in die breër gemeenskap, in 'n veilige omgewing aan te leer. Hierdie vermoë kan bydra tot die algehele demokratisering van onderrig, wat 'n belangrike onderbou is vir die vorming van 'n demokratiese staat. Akademiese ontwikkeling gaan dus ook hand aan hand met persoonsontwikkeling.

### 6.3 Aanbevelings

1. In die aksienavorsing wat gedoen is, het ek bevind dat die roman wat vir onderwysstudente voorgeskryf is, en vir die eerste keer volgens die prosesbenadering tot skryf behandel is, nie deeglik binne die vier weke wat tot ons beskikking was, gedoen kon word nie. Aan die een kant kan die verkorte onderrig- en leerperiode aan die ontwrigting van die kollegeprogram toegeskryf word. Dit het egter ook



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

duidelik geword dat die bekendstelling van die prosesbenadering tot skryf liefs tydens die studie van 'n dunner en heelwat eenvoudiger boek, soos die voorgeskrewe jeugboek, moet geskied, indien daar enigsins sprake van 'n moontlike tydinkorting is. Om die grootste invloed op die studente se akademiese ontwikkeling te kan uitoefen, soos wat in die doelstellings van die aksienavorsing uiteengesit is, moet dit ook verkieslik so vroeg as moontlik in die studietydperk plaasvind. Studente sal dan die voordeel hê dat hulle reeds met 'n metode kennis gemaak het waarop hulle tydens ontwrigtingsperiodes selfstudie met meer selfvertroue kan aanpak. Meer nog, as die prosesbenadering tot skryf groter neerslag vind in die kollege, en oor die hele kurrikulum heen toegepas word, sal studente leer om meer verantwoordelikheid vir hul eie studies te neem en sal algehele akademiese ontwikkeling kan plaasvind.

2. Alvorens die prosesbenadering tot skryf in die klaskamer egter toegepas kan word, moet die dosent hom of haar eers deeglik van dié benadering vergewis. Dit vereis 'n algehele betrokkenheid by selfstandige en demokratiese leer. 'n Lessiklus kan vooraf beplan word, maar die dosent moet dit nie slaafs probeer navolg nie. Ruimte moet gelaat word vir aanpassings en die behoefté van die studente moet in ag geneem word. Omdat alle groepe nie noodwendig teen dieselfde tempo werk nie, hoef almal ook nie terselfdertyd met dieselfde aktiwiteit besig te wees nie. Die beplanning van te veel aktiwiteite binne een les kan ook onprakties en frustrerend vir die studente wees. Verskillende aktiwiteite gaan gewoonlik met die wisseling van sitplek en groepe gepaard. Baie tyd kan sodoende verlore gaan.

Hierdie groter vryheid beteken nie dat dosente onvoorbereid kan wees nie. Inteendeel, vir suksesvolle groepwerk moet studente voor elke les bewus wees van hul doel. Die dosent moet hulle bewus maak van en begelei na 'n spesifieke doel.

Werkvelle en transparante, waarop byvoorbeeld riglyne vir evalueringkonferensies voorkom en prikkelende vrae wat bespreking tydens inhoudkonferensies kan ontlok, kan vroegtydig voorberei word.

Ek beveel sterk aan dat dosente wat die metode wil gebruik 'n kursus in die prosesbenadering tot skryf deurloop, en by 'n groep leerkrags aansluit wat hierdie progressiewe metode in die praktyk toepas en hul bevindings saam bespreek. Op hierdie wyse strek die samewerkingsbeginsel wyer as in die klaskamer en dien as middel tot professionele ontwikkeling en sosialisering.

3. Hoewel die prosesbenadering tot skryf suksesvol met pen en papier in die klaskamer toegepas kan word, kan die komper nuwe moontlikhede bied om die leerproses vir die dosent sowel as vir die student aangenamer en makliker te maak.

Aangesien die kollege waar die aksienavorsing plaasgevind het, nie oor genoeg kompers beskik het nie, moes die kursus beperk word tot wat met pen en papier bereik kon word. Onderwyskolleges kan egter vir hierdie doel toegerus word met rekenaars wat vir die gebruik van alle departemente beskikbaar gestel word. Vanweë die aard van die komper kan 'n magdom data oor 'n onderwerp wat as materiaal vir 'n inhoudkonferensie kan dien, gestoor en ter enigertyd uit die geheue herroep word. Selfs ruwe materiaal is onmiddellik netjies en leesbaar.

Omdat inligting meer toeganklik op die skerm as op papier is, kan studente ook meer vrylik in mekaar se skryfwerk deel en gevolglik meer bespreking in die vroeër fases van ontwikkeling ontlok. Sodoende ontwikkel studente 'n groter bewustheid van verskille in styl, struktuur en perspektief.

Frustrasies oor die ontwrigting van lesse kan uitgeskakel word. Indien 'n werkgroep se lêer in 'n pen-en-papier-situasie om een of ander rede nie tydens 'n skryfkonferensie byderhand is nie, kan die daaropvolgende aktiwiteite nie realiseer nie. Die rekenaar is in so 'n geval meer betroubaar, omdat data wat op die harde skyf gebêre is, met die druk van 'n paar knoppies onmiddellik beskikbaar is.

Volgens Bickel (onbekend:42-45) kan die kompaktheid van die skerm, asook die helder en duidelike letters op die donker agtergrond die konsentrasievermoë van studente verhoog. Dit en ook die regopposisie van die komper vergemaklik ontwerp-, evaluering-, hersiening- en redigeringskonferensies aansienlik. By ontwerpkonferensies kan 'n groep skrywers bv. makliker saamwerk en die skryfwerk volg soos die konsepskrif op die skerm ontplooи. Verskillende groeplede kan selfs beurte neem met die skryfwerk, sonder dat enigeen dit agterkom. Werkgroepe raak ook meer bewus van die belangrikheid om te skryf, sodat dit vir die gehoor verstaanbaar is.

Hierbenewens is die komper vinnig en akkuraat. Sekere aktiwiteite, veral die revisie en herskryf van konsepskrifte, wat tydens die toepassing van die plan baie tyd in beslag geneem het, kan aansienlik versnel word. Sodoende kan daar ook vinniger deur die skryfproses beweeg word. Hersiening en aanpassing word ook vergemaklik, en die vermoeienis en ander negatiewe gevoelens wat daarmee gepaardgaan, word uitgeskakel. Woorde, frases, sinne, tekens, lyne, ens. spring rond op bevel van studente. Verandering aan die skryfwerk met betrekking tot organisasie, nie-logiese sinne, weglatings, byvoeging, ens. raak kinderspeletjies, namate groter beheer oor die komper verkry word. Studente voel vryer om te verander en hul idees te ontwikkel. Gesamentlike skryfwerk met behulp van die komper kan dus 'n genotservaring vir studente wees.

Verder kan veelvoudige kopieë vir evalueringkonferensies gedruk word. Responsgroepes sal ook geen probleme met onduidelike handskrifte ondervind nie. Onmiddellike publisering van produkte word ook moontlik gemaak. Dit lyk meer professioneel en werkgroepe kan eksperimenteer met verskillende ontwerpe vir 'n voorblad. Selfs die skryf van koerantberigte, 'n aktiwiteit in die Hersiene lesplan, kan in kolomme gedruk word om groter effek te verkry.

Die komper as instrument in die prosaklaskamer kan nooit die dosent vervang nie, maar dit kan wel vir die student deure tot die meer gevorderde wêreld van die tegnologie open. Dit kan gebruik word as instrument om studente te bemagtig.

Vanweë die veelsydigheid en aanpasbaarheid van die prosesbenadering tot skryf kan dit ook suksesvol in ander taalkomponente en vakke, met of sonder die komper toegepas word.

#### 6.4 Slot

In die verkenningstog deur die prosesbenadering tot skryf met die soeklig op metodes van samewerking in die leerproses, het ek my eie inisiatief gebruik en verrassende ontdekings gemaak. Tydens die aksienavorsing het ek geeksperimenteer met 'n verskeidenheid van tegnieke, en baie meer oor die prosesbenadering tot skryf te wete gekom. Selfs die foute wat begaan is, was 'n belangrike leerondervinding. Hierdeur is ek gedwing om introspeksie te beoefen en myself te evalueer.

Ek het ook die student as persoon beter leer ken deurdat joernalinskrywings en besprekings toegang tot hul denke en gevoelens verleen het. Ek het boonop deegliker bewus geraak van die noodsaakliheid van effektiewe hulpmiddels en 'n ontspanne en veilige werkatmosfeer waar studente teen 'n gemaklike tempo kan werk. Danksy die hulp van studente en 'n

waarmemmer se respons op die beplanning en uitvoer van die konsepplan, kon ek op baie tekortkominge verbeter. Sodoende het ek as dosent en persoon ontwikkel. Vir die praktisyn wat dus bereid is om te waag, hom of haar te herorienteer en weg te breek van die dosentgesentreerde benadering, wag daar 'n opwindende leerervaring. Faulkner (in Calkins:1986:17) sê hieroor "Take chances. It may be bad, but it is the only way you can do something really good."

Volgens my waarneming van studente se optrede en op grond van hul joernaalinskrywings en -besprekings, het daar beslis groei plaasgevind. Die meeste OD 1-studente was gekondisioneer om inligting te ontvang, en maar gelate te aanvaar wat binne die klaskamer plaasvind. In plaas daarvan het hulle geleer:

- om self verantwoordelikheid vir hul sukses te aanvaar en te reageer op uitdagings;
- dat sukses op 'n verhouding van gee en neem berus;
- dat hulle geregtig is op 'n eie mening en dat dit goed is om te bevraagteken en op 'n beskaafde manier te verskil en te redeneer.

Studente het ook die nodige toerusting bekom om sinvol te kommunikeer, en selfstandig te leer en te werk. Sodoende het hulle meer selfvertroue ontwikkel en hul selfbeeld is positief versterk.

My bevindinge is dus dat studente-interaksie of samewerking in die leerproses wel in die intellektuele, sielkundige en sosiale behoeftes voorsien het. Dit het ook persoonsontwikkeling en verbetering in lewensgehalte teweeggebring. Hierdeur word Napier en Gershenfeld (1985:431) se siening bevestig dat positiewe verhoudings wat tydens groepwerk gevorm word, in die volgende kan voorsien: "companionship, support, help and assistance throughout one's life". Hierdie houdings is almal kenmerkend van die demokratiese kultuur wat ons in Suid-Afrika wil skep.

## BIBLIOGRAFIE

Benton Michael and Fox Geoff

1985 **Teaching Literature** Oxford University Press

Berthoff Ann

1982 **Forming, Thinking, Writing: The Composing Imagination** Upper Montclair, NJ: Boyton/Cook Publishers, Inc.

Berthoff Ann

1981 **The Making of Meaning** Upper Montclair, NJ Boyton/Cook Publishers, Inc.

Brumfit CJ and RA Carter

1986 **Literature and Language Teaching** Oxford University Press

Buckhannon Emily G, Bonnie Clay and Carol Henderson

1987 *A Collaborative Compilation of Current Research on Grammar and Writing* Gateway Writing Institute University of Missouri-St Louis (File)

Bickel Linda L

?? *Word Processing and the integration of of Reading and Writing Instruction* (File)

Calkins Lucy McCormick

1986 **The Art of Teaching Writing** Teachers College Columbia University New York

Carter Ronald

1982 **Language and Literature** George Allen and Unwin Ltd

Cawood J and J Gibbons

1985 **Educational Leadership** Nasou Limited (Belhar library)

Cline Ruth and William McBride

1983 **A Guide to Literature for Young Adults** Scott, Foresman and Company (B.C.E.)

Corcoran Bill

- 1988 *Spiders, Surgeons, and Anxious Aliens: Three Classroom Allies* (File 2)

Cowan M B Foster M Clasby-Agee

- 1977 *Collaborative Writing* in Yost, A Wright, JZ Flinn and S Theole: **Gateway Writing Project** Vol 4 University of Missouri-St Louis

Curzon L B

- 1986 **Onderrig in Verdere Onderwys:** 'n Oorsig van beginsels en praktyke J L Van Schaik

Daiute C

- 1980 *Computer Tools and the Writing Process* from **Writing and Computers** Addisen-Wesley Massachussets (File)

DBA (Departement van Binnelandse Aangeleenthede (Kleurlingsake))

- 1982 Onderwysdiploma sillabus vir Afrikaans Eerste Taal Kaapstad

Drickey Stevens

- 1987 *Contracting Texts The Quarterly* (of the National Writing Project and the Center for the Study of Writing) Vol 9(1) January 1987 (File)

Emig Janet

- 1977 *Writing as a Mode of Learning College Composition and Communication* Vol 28 May 1977 (File)

Evans June B

- 1981 *An Analogous Ounce: The analgesic for relief* English Journal February 1981 (File)

Flavell John H

- 1977 **Cognitive Developement** Stanford University (B.C.E.)

Flinn Jane Zeni

- 1989 *Action Research* Unpublished summary of M Ed/M Phil class discussion October 1989 (File)

Flinn Jane Zeni

?? *Case Studies of Revision aided by Keystroke Recording and Replaying Software* University of Missouri-St Louis (File)

Flinn Jane Zeni

1984 *Instruction Management and the Writing Process* CSSEDC Quarterly Vol 6(4) October 1984 (File)

Flinn Jane Zeni

1979 *Intergrating Literature with Writing and Speaking* University of the Western Cape and University of Missouri-St. Louis USA (File)

Flinn Jane Zeni

?? *Rhetoric and the Writing Process: A Guide to lesson Planning* University of Missouri-St. Louis (File 2)

Flinn Jane Zeni

?? *Teaching Writing with Computers: Collaborative Research in the Gateway Writing Project* University of Missouri-St Louis (File)

Flinn Jane Zeni

?? *The Writing Process* University of Missouri-St Louis (File)

Fromkin Victoria and Robert Rodman

1978 *An Introduction to Language* Holt Rhinehart and Winston New York

Gagné Robert M

1977 *The Conditions of Learning* Third Edition Holt Rinehart and Winston (Belhar Library)\*

Garrett H. B Wones and S Theole

1977 *Collaborative Writing and Computers in A Wright, JZ Flinn and S Thoole: Gateway Writing Project* Vol 4 1977 University of Missouri St-Louise

Gere Anne Ruggles and Ralph S Stevens

1985 *The language of writing groups: How oral response shapes revision* from Freedman Sarah:

The Acquisition of Written Language: Response  
and Revision Ablex Norwood New Jersey (File)

Giacobbe Ellen

- 1987 *Getting Started* from Atwell Nancy: Writing  
Reading and Learning with Adolescents Boynton  
(File)

Giroux Henry A

- 1987 *Critical Literacy and Student Experience: Donald Graves' Approach to Literacy* Language Arts Vol  
64(2) February 1987 (File)

Golby Michael, Jane Greenwald and Ruth West

- 1975 Curriculum Design The Open University (U.W.C.)

Gregg Lee, Steinberg Erwin

- 1980 Cognitive Processes in Writing Lawrence Erlbaum  
Associates Publishers Hilldale New Jersey

Groenewald J

- 1989 *Response to Essays after PQP* Unpublished sheet  
Writing Institute Cape Writing Project January  
1989 (File)

Hays Janice

- 1981 *Revision Strategies* from College Composition and  
Communication

Hays Janice N, Roth Phyllis A, Ramsey John R, Foulke Robert

- 1983 *The Writer's Mind Writing as a mode of thinking*  
National Council of Teachers of English U.S.A

Healy Mary K

- 1987 *Beating the Writing Systems on your own Ground*  
*The Quarterly* (of the National Writing Project  
and the Center for the Study of Writing) Vol  
9(1) January 1987 (File)

Johnson David W and Frank P Johnson

- 1987 *Joining Together: Group Theory and Group Skills*  
Third Edition Prentice-Hall International  
Editions (Belhar Library)

Kemmis Stephen and Robin McTaggart

1982 **The Action Research Planner** Deakin University  
Press Victoria (File)

Krater Joan

1984 *Coping with the Paperload* from **New Routes to writing** ??

Krater Joan

?? *The Writing Process* ?? (File 1)

Leible J E Hughes and D Gilly

1977 *Responding to Literature* in Yost, A Wright, JZ  
Flinn and S Theole: *Gateway Writing Project* Vol  
2 1977 University of Missouri-St Louis

Levin Riel Rowe and Boruta

1985 *Muktuk meets jacuzzi: Computer networks and  
elementary school writers* from Freedman Sarah:  
*The Acquisition of Written Language: Response  
and Revision* Ablex Norwood New Jersey (File)

Lodge Helen C

1986 *Responsive Writing: Connecting Literature and  
Composition* *The Quarterly* (of the National  
Writing Project and the Center for the Study of  
Writing) Vol 8(2) March 1986 (File)

Lyons Bill

1981 *The PQP Method of Responding to Writing English  
Journal* Vol 30(3) March 1981 (File)

Madigan Chris

1984 *The Tools that Shape Us: Composing by hand vs  
composing by machine* *English Education* Vol  
16(3) October 1984 (File)

McDonald Agnes

1987 *Metaphor Self-Image and the Writing Teacher* *The  
Quarterly* (of the National Writing Project and  
the Center for the Study of Writing) Vol 9(1)  
January 1987 (File)

McKensie Lee and Gail E Tomkins

1984 *Evaluating Students' Writing: A Process Approach*  
from *Journal of Teaching Writing* Fall 1984

Moffett James

*Summary of Writing Assignments* Exeter Curriculum  
(Unpublished)

Moran Charles

1981 *Teaching Writing/Teaching Literature* ?? (File)

Napier Rodney W and Matti K Gershenfeld

1985 **Groups Theory and Experience** Third Edition  
Houghton Mifflin Company (Belhar library)

Neuleib Janice and Irene Brosnahan

1987 *Teaching Grammar to Writers Journal of Basic Writing* Vol 6(1) (File)

Newell George E and Peter Winograd

1989 *The Effects of Writing on Learning from Expository Texts Written Communication* Vol 6(2) April 1989 (File)

O'Brian Veronica

1983 *Teaching Shakespeare* De Jager-Haum Publishers

Perrott Elizabeth

1987 **Effective Teaching** Eighth Impression Longman Singapore Publishers (Belhar Library)

Raimes Ann

1983 Techniques in Teaching Writing Oxford University Press (B.C.E.)

Raven Bertram H

1983 Social Psychology Second Edition John Wiley and Sons Inc. (Belhar Library)

RGN

1981 Verslag van die Werkkomitee: Tale en Taalonderrig RGN (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) Ondersoek na die Onderwys Julie 1981

Reither James and Douglas Vipond

1989 *Writing as Collaboration: College English* Vol 51(8) December 1989

Roderiques Dawn and Raymond J Roderiques

1986 **Teaching Writing with a Word Processor: Grades 7-13** Published by ERIC and NCTE Urbana Illinois  
(File)

Schiff Peter

1982 *Responding to Writing: Peer Critiques, Teacher-Student Conferences and Essay Evaluation* from Toby Fulwiler and Art Young: **Language Connections: Writing and Reading across the Curriculum** NCTE, Urbana, Illinois (File)

Sommers Nancy

1980 *Revision Strategies of Student Writers and Experienced Adult Writers College Composition and Communication* Vol 31(4) December 1980  
(File)

Wiener Harvey S

1981 *The Writing Room A Resource Book for Teachers of English* Oxford University Press (B.C.E.)

Wright Anne Jane Zeni Flinn and Susan Yost (Eds)

1986 *Curriculum Strategies: Teaching writing with computers* Gateway Writing Project, University of Missouri-St Louis (File)

Wright Anne, Jane Zeni Flinn ,Susan Yost and Susan Theole

1987 *Curriculum Strategies: Teaching writing with computers* Gateway Writing Project, University of Missouri-St Louis (LE Lab)

Wright Anne

1987 *How the Use of Computers for Writing changes Instruction* Hazelwood West High School Hazelwood Missouri (File)

Wright Anne

1987 *Using Computers to Teach Writing* Hazelwood West High School Hazelwood Missouri (File)

Wright Tony

1987 **Roles of Teacher and Learners** Oxford University  
Press (B.C.E.)

National Language Project

1990 **Language Projects' Review** Vol 4(4) January 1990



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE



# **APPENDIKS 1**

**(byvoegsel tot Hoofstuk 4)**

**UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE**



**APPENDIKS A**

**WERKVELLE**

**UNIVERSITY of the**

**WESTERN CAPE**

## **WERKVEL 1**

Bestudeer die stofomslag, en maak voorspellings oor die inhoud van die prosawerk op grond van die titel, die illustrasie op die stofomslag, en die annotasie op die agterblad.

Bespreek en skryf enkele punte neer oor:

- die moontlike betekenis van die titel,
- die annotering,
- die moontlike atmosfeer in die verhaal, en
- die ruimte waarin die verhaal moontlik afspeel.

## WERKVEL 2

Bespreek maniere om materiaal te sorteer en orden, sodat die verskillende aspekte in opstelvorm bespreek kan word.

Let op die volgende vrae wat gestel kan word om 'n opstel te evalueer en begin skryf.

### Inleiding

- Is dit kort en kragtig?
- Prikkel die inleiding die leser om verder te lees?
- Lei dit die onderwerp in?

### Liggaam

- Is daar verband/samehang tussen paragrawe?
- Is elke paragraaf 'n afgeronde geheel?
- Word slegs een aspek in elke paragraaf behandel?

### Slot

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

- Is dit kort en kragtig?
- Is die slot samevattend?
- Rond dit die opstel behoorlik af?

## **WERKVEL 3**


Luister krities na die eerste voorlesing van die konsepskri met vraag 1 in gedagte. 'Tydens die tweede voorlesing moet daar krities geluister word met die ander riglyne in gedagte en lewer kommentaar nadat die hele stuk geles is:

- 1    Wat is goed omtrent die skryfstuk?
  - 2    Hou die skryfstuk verband met die opdrag?
  - 3    Reflekteer die skryfstuk 'n plan of struktuur (inleiding, liggaam, slot)?
  - 4    Voldoen die struktuur aan die vereistes wat uiteengesit word in Werkvel 2?
  - 5    Word feite duidelik en logies oorgedra? Indien nie, stel 'n vraag wat die skrywers laat nadruk daaroor.
  - 6    Is daar oortollige informasie?
  - 7    Is die doelstelling van die skryftaak bereik? Waarom dink jy so?
- Let weuresponsgroep moenie self verbeteringe probeer aanbring nie. Kommentaar moet so posief en bemoedigend as moontlik wees.*

## **WERKVEL 4**

Lees die volgende vrae aandagtig deur en bespreek dit in jul onderskeie werkgroepe:

- 1. Hoe het julle te werk gegaan om die skryfstuk te produseer? (Het julle onmiddellik begin skryf? Het julle end-uit geskryf of het julle gestop om te dink? Waarom?)
- 2. Watter tipe vrae is aan responsgroepe gestel?
- 3. Waarom is sekere sinne deurgehaal, bygevoeg, verbind, ens.?
- 4. Kan julle nou enige elemente in die skryfproses onderskei? Maak 'n lys.



**UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE**

## **WERKVEL 5**

Lees die volgende vrae oor die eerste hoofstuk, *Voorspel*, noukeurig deur, bespreek dit en maak kernagtige aantekeninge. Deel ook ander belangrike inskrywings uit die leesjoernale oor hierdie hoofstuk met die groep.

- 1. In watter vorm is die verhaal geskryf? 'Slegs een woord)
- 2. Hoe lank duur die vertelde tyd?
- 3. Wat het jy opgelet i.v.m. die tydsverloop, en die volgorde van gebeure? (Een sin)
- 4. Noem die karakters met wie jy tot dusver kennis gemaak het en verwys na die kontraste tussen die twee wêrelde in die verhaal.
- 5. Watter verteltegnieke het die skrywer gebruik om die karakters bekend te stel?
- 6. Hoe vergelyk die verskillende karakters met mekaar? (Bestee meer tyd)

UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## WERKVELD

- 1. Hoe hou die subtitel verband met die gebeure in die verhaal?
- 2. Deur wie en waar is die brief gepos?
- 3. Waarom word die normale kanale vir onderhandeling nie gevolg nie?
- 4. Watter vier eise word in die dreigbrief gestel?
- 5. Wat beweer die geheime organisasie sou die gevolge wees indien die regering nie aan die eise voldoen nie?
- 6. Hoe het die Eerste Minister op die dreigbrief gereageer?

## **WERKVEL 7**

**Riglyne vir die skryf van 'n parafrase**

- 1 Lees die tweede dreigbrief op p. 67 noukeurig deur totdat julle die inhoud begryp.
- 2 Ondersteerp die kernwoord in elke reël.
- 3 Teken die kerngedagtes in eenvoudige taal onder mekaar aan, terwyl julle die stuk lees.
- 4 Omskryf nou die gedagtes tot 'n logiese, samehangende en aferondende geheel in jul eie woorde.

**Let wel:** Die lengte moet verkiekslik nie een bladsy oorskry nie.

## WERKVEL 8

Lees die konsepskrif krities met die volgende riglyne vir die evaluering van 'n parafrase in gedagte:

- 1 Wat is goed omtrent die parafrase? Soek een positiewe kenmerk van die skryfstuk.

- 2 Word die inligting duidelik oorgedra? Indien nie, stel 'n vraag.

- 3 Is al die kerngedagtes daar? Indien nie, dui aan wat ontbreek.

- 4 Is daar samehang tussen gedagtes? Indien nie, maak aanbeveling.

- 5 Is die volgorde logies? Indien nie, lewer kommentaar.

- 6 Is die toon en styl van die parafrase dieselfde as dié van die skrywer? (Is dit ernstig soos in die brief?)

Lewer kommentaar en maak aanbevelings.

## WERKVELD

Bespreek die volgende vrae mondelings:

- 1. Noem twee redes waarom Gert Cupido toegetree het tot die stryd.
- 2. Wat is die "Koeberg-goed" (p. 38) waaroor Gert Cupido vir Alain Mondiale bedank het? Waarom het laasgenoemde karakter inligting aan Gert Cupido verskaf?
- 3.1 Noem slegs die persone wat die vergadering op die aand van 28 Mei 1983 bygewoon het en verduidelik kortlik hul betrokkenheid by die saak.
- 3.2 Wat was die doel van die vergadering? (een sin)
- 4.1 Bespreek kortlik wat na die vergadering tussen die Eerste Minister en Professor Bronkhorst plaasgevind het.
- 4.2 Verduidelik wat hulle hierdeur wou bereik.

## **WERKVEL 10**

Slaan die prosawerk oop by gelese gedeelte en lees die volgende wenke vir die beantwoording van 'n begriptoets:

- 1. Lees die vrae noukeurig en aandagting deur.
- 2. Beantwoord die vrae so direk, duidelik en volledig moontlik -sonder om die vraag in die antwoord te herhaal.
- 3. Beantwoord slegs in 'n volsin wanneer die vraag dit vereis.
- 4. Probeer om so ver moontlik vrae in jy eie woorde te beantwoord.

## **WERKVEL 11**

Lees die konseptantwoorde van die begriptoets krities deur met die volgende vrae in gedagte:

- 1. Wat is goed omtrent die beantwoording van die vrae?
- 2. Is die bedoeling van die vrae begryp? Indien nie, lewer kommentaar.
- 3. Word vrae so direk, duidelik en volledig as moontlik beantwoord? Indien nie, hoe kan dit g<sup>e</sup>doen word?
- 4. Word die vrae in die skrywers se eie woorde beantwoord? Indien nie, maak aanbeveling.

## Werkvel 12

Bespreek hoe dat die Minister van Binnelandse Sake die inligting oor die "ou man" probeer gebruik om sy posisie te red.

Bespreek Gert Cupido se rol in die intrige en verwys na die botsing tussen die twee bestelle.

Skryf kernagtige aantekeninge neer.

## **WERKVEL-13**

Luister aandagtig na die voorlesing van die précis met die volgende vrae in gedagte:

- 1. Wat is goed omtrent die précis?
- 2. Word die inhoud duidelik oorgedra?
- 3. Bevat dit al die kerngedagtes?
- 4. Bevat dit enige onnoddige woorde of inligting?
- 5. Is die paragrafering korrek?
- 6. Vorm elke paragraaf 'n afgeronde eenheid?

## WERKVEL 14

Elke werkgroep maak 'n opsomming van die handeling van een van die volgende karakters om hul bydrae tot die krisis en hul hantering daarvan te bespreek:

- 1 die Minister van Binnelandse Sake,
- 2 Kaptein Walters
- 3 Sersant Schoeman
- 4 Gert Cupido.

Skryf kerngedagtes ondermekaar neer.

Verwerk nou hierdie gegewens tot 'n logiese samehangende en afgeronde précis.  
Die skryfstuk moet nie die lengte van een bladsy oorskry nie.

## **WERKVEL 15**

Luister aandagtig na die voorlesing van die précis met die volgende vrae in gedagte:

- 1. Wat is goed omtrent die précis?
- 2. Word die inhoud duidelik oorgedra?
- 3. Bevat dit al die kerngedagtes?
- 4. Bevat dit enige onnodige woorde of inligting?
- 5. Is die paragrafering korrek?
- 6. Vorm elke paragraaf 'n afgeronde eenheid?




**UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE**

## Werkvel 16

Bespreek die gebeure by Fisantekraal wat gelei het tot die beëindiging van die krisis.

Verwys ook na die verrassingselement, en stip enkele belangrike punte daaroor neer.



## **Werkvel 17**

Luister krities na die oorvertel van gebeure in die opstel en evalueer dit op grond van die volgende vrae:

1. Soek eerstens wat prysenswaardig is.

---

---

---

2. Stel vrae om onduidelikhede uit die weg te ruim.

---

---

---

3. Maak aanbevelings om die inhoud en struktuur te verfyn.

---

---

---

4. Word alle belangrike inligting verskaf? Indien nie, wat is weggelaat?

---

---


---

**Let wel :** Die vrae op Werkvel 4 word weer as riglyn gebruik.



## **APPENDIKS B VOORBLAD**

UNIVERSITY *of the*  
**WESTERN CAPE**



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## **APPENDIKS C**

**TRANSPARANTE  
UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE**

## Die persoonlike joernaal

### Die doel:

- om gevoelens te onlaai;
- om die klassessies te evalueer;
- om die leerkrag in staat te stel om vroegtydig probleme te ontdek en daarop te reageer.

**Die inhoud bevat:**

- informele inskrywings oor die prosawerk, leeswerk, persoonlike betrokkenheid by klassessies en die leeraktiwiteit.
- Eerlike menings, negatief of/en positief, word gelig.

Let wel : Skrywers kan self kies watter inskrywings hulle met die joernaalgroep wil deel.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## **TRANSPARANT 2**

Die leesjoernaal

Die doel is:

- om studente aan te moedig om krities te lees;
- om interaksie tussen leser en teks te bewerkstellig;
- om self betekenis te skep.

## **TRANSPARANT 2 b**

Die uiteensetting en inhoud van die leesjoernaal:

- in die leesjoernaal word inskrywings is twee kolomme gemaak, terwyl daar gelees word.
  - Aan die linkerkant word aanhalings met bladsyverwysings uit die teks, neergeskryf.
  - Aan die regterkant word kommentaar gelewer, vrae gestel, verbande vasgestel, ens.
- Beide die lees- en persoonlike joernale
- is vryskryfaktiwiteit (geen aandag aan spelling, punktuasie en taalreëls),
  - word nie geëvalueer nie,
  - se lengte kan wissel (sommige kere lang, en ander tye kort inskrywings)

## LEESJOERNAAL

FEITLIKE OF TEKSTUELE  
INLIGTING


KOMMENTAAR, VRAE,  
GEVOLGTREKKINGS, INSIGTE



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

# DIE PROSESSEBENADERING TOT SKRYF

T<sub>3</sub>.



## TRANSPARANT 4

### DIE PARAFRASE

1. 'n Parafrase is die vertolking van die betekenis van 'n stuk prosa of gedig in jul eie woorde.
2. Daar moet bewys word dat julle begryp wat gelees is.
3. Die stemming, toon, en atmosfeer van die oorspronklike stuk moet vertolk word.
4. Dis 'n noukeurige omskrywing van die inhoud van elke sin, daarom is dit gewoonlik breedvoeriger as die oorspronklike.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

# **TRANSPARANT S**

## DIE PRÉCIS

- Précis is 'n Franse woord wat opsomming beteken.
- Dis 'n saaklike, kernagtige en verikorte weergawe (samevatting) van die kernfeite in 'n gegewe stuk.
- Bevat geen onnodige mooiskrywery of oortollige inligting.
- Dis 'n afgeronde eenheid.



## **APPENDIKS II**

**(byvoegsel tot Hoofstuk 5)**

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE



## **APPENDIKS A**

### **WERKVELLE**

**UNIVERSITY of the**

**WESTERN CAPE**

## WERKVEL 1

Bestudeer die stofomslag, en maak voorspellings oor die inhoud van die prosawerk op grond van die titel, die illustrasie op die stofomslag, en die annotasie op die agterblad.

Bespreek en skryf enkele punte neer oor:

- die moontlike betekenis van die titel,

---

---

---

- die annotering,

---

---

---

- die moontlike atmosfeer in die verhaal, en

UNIVERSITY *of the*

WESTERN CAPE

---

---

- die ruimte waarin die verhaal moontlik afspeel.

---

---

---

## WERKVEL 2

Bespreek maniere om materiaal te sorteer en orden, sodat die verskillende aspekte in opstelvorm bespreek kan word.

Let op die volgende **vrae wat gestel kan word om 'n opstel te evaluateer** en begin skryf.

### Inleiding

- Is dit kort en kragtig?  
-----
- Prikkel die inleiding die leser om verder te lees?  
-----
- Lei dit die onderwerp in?  
-----

### Liggaam

- Is daar verband/samehang tussen paragrawe?  
-----
- Is elke paragraaf 'n afgeronde geheel?  
-----
- Word slegs een aspek in elke paragraaf behandel?  
-----

### Slot

- Is dit kort en kragtig?  
-----
- Is die slot samevattend?  
-----
- Rond dit die opstel behoorlik af?  
-----

## WERKVEL 3

Luister krities na die eerste voorlesing van die konsepskrif met vraag 1 in gedagte. Tydens die tweede voorlesing moet daar krities geluister word met die ander riglyne in gedagte en lewer kommentaar nadat die hele stuk gelees is:

- 1. Wat is goed omtrent die skryfstuk?  
-----
- 2. Hou die skryfstuk verband met die opdrag?  
-----
- 3. Reflektereer die skryfstuk 'n plan of struktuur (inleiding, liggaam, slot)?  
-----
- 4. Voldoen die struktuur aan die vereistes wat uiteengesit word in Werkvel 2?  
-----
- 5. Word feite duidelik en logies oorgedra? Indien nie, stel 'n vraag wat die skrywers laat nadink daaroor.  
-----
- 6. Is daar oortollige informasie?  
-----
- 7. Is die doelstelling van die skryftaak bereik? Waarom dink jy so?

**Let wel:** Responsgroepe moenie self verbeteringe probeer aanbring nie.  
Kommentaar moet so positief en bemoedigend as moontlik wees.

## WERKVEL 4

Lees die volgende vrae aandagtig deur en bespreek dit in jul onderskeie werkgroepe:

1. Hoe het julle te werk gegaan om die skryfstuk te produseer?  
(Het julle onmiddellik begin skryf? Het julle end-uit geskryf of het julle gestop om te dink? Waarom?)

---

---

---

2. Watter tipe vrae is aan responsgroepe gestel?

---

---

---

3. Waarom is sekere sinne deurgehaal, bygevoeg, verbind, ens.?



4. Kan julle nou enige elemente in die skryfproses onderskei? Maak 'n lys.

---

---

---

## WERKVEL 5

Lees die volgende vrae oor die eerste hoofstuk, *Voorspel*, noukeurig deur, bespreek dit en maak kernagtige aantekeninge. Deel ook ander belangrike inskrywings uit die leesjoernale oor hierdie hoofstuk met die groep.

- 1. In watter vorm is die verhaal geskryf? (Slegs een woord)
  

---

- 2. Hoe lank duur die vertelde tyd?
  

---

- 3. Wat het jy opgelet i.v.m. die tydsverloop, en die volgorde van gebeure? (Een sin)
  

---

- 4. Noem die karakters met wie jy tot dusver kennis gemaak het en verwys na die kontraste tussen die twee wêrelde in die verhaal.
  

---

---

---

- 5. Watter verteltegnieke het die skrywer gebruik om die karakters bekend te stel?

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

- 6. Hoe vergelyk die verskillende karakters met mekaar? (Bestee meer tyd)

---

---

---

---

## WERKVEL 6

Lees die vrae noukeurig deur, bespreek dit en stip gedagtes neer:

1. Hoe hou die subtitel verband met die gebeure in die verhaal?

---

---

2. Deur wie en waar is die brief gepos?

---

---

3. Waarom word die normale kanale vir onderhandeling met die regering nie gevolg nie?

---

---

4. Watter vier eise word in die dreigbrief gestel?

---

---

5. Wat beweer die geheime organisasie sou die gevolge wees indien die regering nie aan die eise voldoen nie?

---

---

6. Hoe het die Eerste Minister op die dreigbrief gereageer?

---

---

---

---

---

---

## WERKVEL 7

### Riglyne vir die skryf van 'n parafrase

- 1 Lees die tweede dreigbrief op p. 67 noukeurig deur totdat julle die inhoud begryp.
- 2 Ondersteep die kernwoord in elke reël.
- 3 Teken die kerngedagtes in eenvoudige taal onder mekaar aan, terwyl julle die stuk lees.

- 4 Omskryf nou die gedagtes tot 'n logiese, samehangende en afgeronde geheel in jul eie woorde.

## WERKVEL 8

Lees die konsepskrif krities met die volgende riglyne vir die evaluering van 'n parafrase in gedagte:

- 1 Wat is goed omtrent die parafrase? Soek een positiewe kenmerk van die skryfstuk.

- 2 Word die inligting duidelik oorgedra? Indien nie, stel 'n vraag.

- 3 Is al die kerngedagtes daar? Indien nie, dui aan wat ontbreek.

- 4 Is daar samehang tussen gedagtes? Indien nie, maak aanbeveling.

- 5 Is die volgorde logies? Indien nie, lewer kommentaar.

- 6 Is die toon en styl van die parafrase dieselfde as dié van die skrywer?  
(Is dit ernstig soos in die brief?)  
Lewer kommentaar en maak aanbevelings.

## WERKVEL 9


Bespreek die volgende vrae mondelings:

- 1. Noem twee redes waarom Gert Cupido toegetree het tot die stryd.  
-----  
-----
- 2. Wat is die "Koeberg-goed" (p. 38) waarvoor Gert Cupido vir Alain Mondiale bedank het? Waarom het laasgenoemde karakter inligting aan Gert Cupido verskaf?  
-----  
-----
- 3.1 Noem slegs die persone wat die vergadering op die aand van 28 Mei 1983 bygewoon het en verduidelik kortliks hul betrokkenheid by die saak.  
-----  
-----
- 3.2 Wat was die doel van die vergadering? (een sin)  
-----  
-----
- 4.1 Bespreek kortliks wat na die vergadering tussen die Eerste Minister en Professor Bronkhorst plaasgevind het.  
-----  
-----
- 4.2 Verduidelik wat hulle hierdeur wou bereik.  
-----  
-----  
-----

## WERKVEL 10

Slaan die prosawerk oop by gelese gedeelte en lees die volgende wenke vir die beantwoording van 'n begriptoets:

- 1. Lees die vrae noukeurig en aandagtig deur.
  
- 2. Beantwoord die vrae so direk, duidelik en volledig moontlik -sonder om die vraag in die antwoord te herhaal.
  
- 3. Beantwoord slegs in 'n volsin wanneer die vraag dit vereis.
  
- 4. Probeer om so ver moontlik vrae in jul eie woorde te beantwoord.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## WERKVEL 11

Lees die konsepantwoorde van die begriptoets krities deur met die volgende vrae in gedagte:

1. Wat is goed omtrent die beantwoording van die vrae?

---

---

2. Is die bedoeling van die vrae begryp? Indien nie, lewer kommentaar.

---

---

3. Word vrae so direk, duidelik en volledig as moontlik beantwoord? Indien nie, hoe kan dit gedoen word?

---

---

---

4. Word die vrae in die skrywers se eie woorde beantwoord? Indien nie, maak aanbeveling.

---

---

---

## WERKVEL 12

**Skryf kernagtige aantekeninge neer:**

1. Bespreek hoe dat die Minister van Binnelandse Sake die inligting oor die "ou man" probeer gebruik om sy posisie te red.

---

---

---

---

---

---

---

2. Bespreek Gert Cupido se rol in die intrige en verwys na die botsing tussen die twee bestelle.

---

---

---

---

---

---


---

## WERKVEL 13

Bespreek Kaptein Walters en Sersant Schoeman se rol in die reeks gebeure (intrige).

Verwys in die antwoord van bogenoemde vraag na genoemde karakters se ondersoeke en hul bydrae tot die uiteindelike beëindiging van die krisis.

Maak kernagtige aantekeninge.




## WERKVEL 14

Elke werkgroep maak 'n opsomming van die handeling van **een** van die volgende karakters om hul bydrae tot die krisis en hul hantering daarvan te bespreek:

- 1 die Minister van Binnelandse Sake,
- 2 Kaptein Walters
- 3 Sersant Schoeman
- 4 Gert Cupido.

Skryf kerngedagtes ondermekaar neer.



Verwerk nou hierdie gegewens tot 'n logiese samehangende en afgeronde précis.  
Die skryfstuk moet nie die lengte van een bladsy oorskry nie.

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## WERKVEL 15

Luister aandagtig na die voorlesing van die **précis** met die volgende vrae in gedagte:

1. Wat is goed omtrent die précis?

---

---

2. Word die inhoud duidelik oorgedra?

---

---

3. Bevat dit al die kerngedagtes?

---

---

4. Bevat dit enige onnodige woorde of inligting?

---

---

5. Is die paragrafering korrek?

---

---

6. Vorm elke paragraaf 'n afgeronde eenheid?

---


---

## WERKVEL 16

Plaas jyself in die posisie van die karakter, Lindsey D'Arcy, ooggetuie van die gebeure by Fisantekraal en lid van die Engelse televisiespan, en beplan 'n kort koerantverslag van ongeveer 150 woorde oor die sluipmoordaanval wat daar plaas gevind het.

LET WEL: Sorg dat daar voldoende afwisseling tussen sinne is.

Raadpleeg die prosawerk om die tyd van die gebeure vas te stel. Sorg dat korrekte feite verstrek word.



UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## WERKVEL 17

Luister krities na die voorlesing van die **berig** en evalueer dit op grond van die volgende vroe:

1. Soek eerstens wat prysenswaardig is.

---

---

2. Stel vroe om onduidelikhede uit die weg te ruim.

---

---

3. Maak aanbevelings om die inhoud en struktuur te verfyn.

---

---

4. Word alle belangrike inligting verskaf? Indien nie, wat is weggelaat?

---

---

5. Is daar enige oortollige informasie? Indien wel, lewer kommentaar.

---

---

6. Is die opskrif treffend? Indien nie, verstrek rede.

---

---

## WERKVEL 18

Bespreek die volgende vrae:

1. Watter incident sal julle as die hoogtepunt in die verhaal beskou? Waarom dink julle so?

---

---

---

2. Wat het julle van die roman geleer? Verwys ook na die foute wat die karakters gemaak het en dinge wat hulle gedoen het om sukses te behaal.

---

---

---

3. Hoe voel julle oor die slot van die verhaal en oor die roman self?

---

---

---

4. Wat is die boodskap of tema van die verhaal?

---

---

---




**APPENDIKS B**


**VOORBLAD VIR**


**STUDENTEPUBLIKASIES**

UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE





**APPENDIKS C**

**TRANSPARANTE**

UNIVERSITY of the  
WESTERN CAPE

## Die persoonlike joernaal

### Die doel:

- om gevoelens te ontlaaai;
- om die klassessies te evaluateer;
- om die leerkrag in staat te stel om vroegtydig probleme te ontdek en daarop te reageer.

## Die inhoud bevat:

- informele inskrywings oor die prosawerk, leeswerk, persoonlike betrokkenheid by klassessies en die leeraktiwiteit.
- Eerlike menings, negatief of/en positief, word gelig.

Let wel : Skrywers kan self kies watter inskrywings hulle met die joernaalgroep wil deel.



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## Die leesjoernaal

### Doel :

om studente aan te moedig om krities te lees;

om interaksie tussen leser en teks te bewerkstellig;

om self betekenis te skep.

UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

## Die uiteensetting en inhoud van die leesjoernaal:

- in die leesjoernaal word inskrywings in twee kolomme gemaak, terwyl daar gelees word.
- Aan die linkerkant word aanhalings met bladsyverwysings uit die teks, neergeskryf.
- Aan die regterkant word kommentaar gelewer, vrae gestel, verbande vasgestel, ens.


## Beide die lees- en persoonlike joernale

- is vryskryfaktiwiteite (geen aandag aan spelling, punktuasie en taalreeëls),
- word nie geëvalueer nie,
- se lengte kan wissel (sommige kere lang, en ander tye kort inskrywings)

# LEESJOERNAAL

FETELIKE OF TEKSTUELE  
INLIGTING


KOMMENTAAR, VRAE,  
GEVOLGTREKKINGS, INSIGTE



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE



UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE



# PARAFRASE

## Wat is dit?

- 1. Vertolking van die betekenis van 'n stuk prosa of gedig in student se eie woorde.
- 2. Breedvoerige omskrywing van die inhoud van elke sin.

## Doel

- Vertolking van die betekenis van 'n leesstuk
- Bewys van lesersbegrip.
- Vertolking van stemming, toon, en atmosfeer van die oorspronklike stuk moet vertolk word.

## DIE PRÉCIS

- Précis is 'n Franse woord wat opsomming beteken.



- Dis 'n saaklike, kernagtige en verkorte weergawe (samevattung) van die kernfeite in 'n gegewe stuk.
- Bevat geen onnodige mooiskrywery of oortollige inligting.

UNIVERSITY *of the*  
WESTERN CAPE

### Doel :

- om die kern van 'n leesstuk te weergee.